



Wes-Kaapse  
Regering



Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

**Jaarverslag**  
2020/21



**Wes-Kaapse  
Regering**

Maatskaplike Ontwikkeling

**VIR JOU**

# **Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Begrotingspos 7)**

**Jaarverslag  
2020/2021**

## Vrywaring

- Die Engelse weergawe van hierdie Jaarverslag word as die amptelike weergawe beskou. Die Afrikaans en IsiXhosa-vertalings van hierdie publikasie is op aanvraag beskikbaar.
- Die departement kan nie aanspreeklik gehou word vir enige wanvertolking wat tydens die vertaalproses voorgekom het nie.
- In die geval dat daar foutief vertaal is, sal die Engelse weergawe steeds as die bronteks voorrang geniet.
- Hierdie jaarverslag is saamgestel deur die Hoofdirektoraat: Besigheidsbeplanning en-strategie, Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

## Inhoud

Deel A: Algemene inligting .....	5
1. Algemene inligting van die Departement .....	5
2. Afkortings en akronieme.....	6
3. Voorwoord deur die Minister.....	8
4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte .....	10
5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag.....	24
6. Strategiese oorsig .....	25
Visie .....	25
Missie .....	25
Waardes .....	25
7. Wetgewende en ander mandate .....	26
Grondwetlike mandate.....	26
Wetgewende mandate .....	26
Kernfunksies van die Departement.....	29
Beleidsmandate .....	29
8. Organisatoriese struktuur .....	35
9. Instellings wat aan Minister/LUR verslag doen .....	35
Deel B: Prestasie-inligting.....	36
1. Verslag van Ouditeur-generaal: Voorafbepaalde doelwitte .....	36
2. Oorsig oor Departementele prestasie .....	36
2.1 Diensleweringomgewing .....	36
2.2 Diensleweringverbeteringsplan.....	40
2.3 Organisatoriese omgewing.....	67
2.4 Sleutelbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge .....	69
3. Bereiking van institusionele impak en uitkomste .....	69
4. Prestasie-inligting per institusionele program .....	73
4.1 Program 1: Administrasie .....	73
4.2 Program 2: Maatskaplike welsynsdienst .....	77
4.3 Program 3: Kinders en gesinne .....	85
5. Oordragbetalings.....	120
5.1 Dra betalings aan openbare entiteite oor .....	120
5.2 Dra betalings oor na alle organisasies behalwe openbare entiteite .....	120
6. Voorwaardelike toewysings .....	120
6.1 Voorwaardelike toewysings en geormerkte fondse betaal .....	120
6.2 Voorwaardelike toewysings en geormerkte fondse ontvang.....	120
Deel C: Bestuur .....	128
Deel D: Menslike Hulpbronbestuur .....	149
1. Inleiding .....	149
2. Status van Mensebestuur by die Departement .....	149
3.2 Indiensneming en Vakatures .....	155
Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures per program, soos teen 31 Maart 2021 .....	155
3.3 Posevaluering .....	156
3.4. Indiensnemingsveranderinge .....	159

3.5. Diensbillikheid.....	166
3.6. Teken van Prestasieooreenkomste deur SMS lede.....	173
3.7. Vul van SMS Poste .....	174
3.8. Werknemerprestasie .....	176
3.9 Buitelandse Werkers .....	181
3.11. Gesondheidsbevorderingsprogramme, insluitend MIV en VIGS.....	186
3.13. Vaardigheidsontwikkeling.....	192
3.14. Besering aan diens .....	194
3.15. Gebruik van konsultante .....	195
Deel E: Finansiële Inligting .....	198
1. Verslag van die Ouditeur-Generaal .....	198
2. Finansiële Jaarstate.....	198
Bylae B: Kontakbesonderhede .....	199

## Deel A: Algemene inligting

### 1. Algemene inligting van die Departement

Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Fisiese adres: Koningin Victoriastraat 14  
Kaapstad 8001

Posadres: Privaat sak X9112  
Kaapstad 8000

Rig navrae oor hierdie dokument aan:

E-pos: DMOBusinessPlanning@westerncape.gov.za

Tel: (+27)21 483 5121

Tolvry nommer: 0800 220 250

Webtuiste: <http://www.westerncape.gov.za>

**PR:** 207/2021

**ISBN:** 978-0-621-49588-1

**Titel van publikasie:** Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling  
(Begrotingspos 7) Jaarverslag 2020/2021

## 2. Afkortings en akronieme

Akroniem	Verklaring
BBSEB	Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging
BRS	Basiese Rekeningkundige Stelsel
BVP	Besigheidsvoortsettingsplan
DLG	Diensleweringgebied
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DMV	Dwelmmisbruikversteuring
DOWI	Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur
DMOA	Departement van die Staatsdiens en -Administrasie
DvdP	Departement van die Premier
DvG	Departement van Gesondheid
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
FASA	Fetale Alkohol Spektrum-afwykings
GGG	Geslagsgebaseerde geweld
GGGBS	Geslagsgebaseerde geweld bestuursentrum
GVOS	Gemeenskapvoeding en -ontwikkelingsentrum
IKB	Institusionele Kapasiteitsbou
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
IT	Inligtingstegnologie
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KBO	Kinderbeskermingsorganisasie
KDS	Korporatiewedienssentrum
KJSS	Kinder- en Jeugsorgsentrum
KSB	Kindersorg en -beskerming
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
M&E	Monitering en evaluering
MBT	MIV/Vigs-Berading en Toetsing
MTSR	Mediumtermyn Strategiese Raamwerk
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
NDMO	Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
NIDOO	Nie in diens, onderwys en/of opleiding
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NSS	Naskoolsorg
NT	Nasionale Tesourie
OBO	Oordragbetalingsooreenkoms
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

<b>Akroniem</b>	<b>Verklaring</b>
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBKOM	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
OSW	Organisasie sonder winsoogmerk
PBT	Persoonlike Beskermende Toerusting
PERSAL	Personeel salaris
PT	Provinsiale Tesourie
RBS	Rekenpligtige beampte-stelsel
RHP	Rampherstelplan
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SASSA	Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekuriteitsagentskap
SBD	Senior Bestuursdiens
SBP	Standaard Bedryfsprosedure
SMV	Staatsmotorvervoer
SVD	Sentrale Verskaffersdatabasis
TM	Tussentydse monitering
TSS	Thuthuzela Sorgsentrum
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-program
VKB	Voorsieningskanaalbestuur
VKO	Vroeëkindertontwikkeling
VPNra	Virtuele Privaat Netwerk afstandtoegang
VVI	Voorkoming en vroeë intervensie
VvW	Vergoeding van Werknemers
VWBSD	Vergoedingswerk buite Staatsdiens
WBTI	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting
WGW	Werknemergesondheid en -welstand
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse regering

### 3. Voorwoord deur die Minister

Me SG Fernandez

Provinsiale Minister: Maatskaplike  
Ontwikkeling



Die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) speel 'n uiters belangrike rol in die bemagtiging van die burgers van hierdie Provinsie en die verskaffing van hoop aan, onder andere, die armes, kwesbares en persone met gestremdhede.

Gedurende die 2020/21-boekjaar het die Departement hom daartoe verbind om sy statutêre pligte na te kom ten spyte van ontstellend hoë vlakke van maatskaplike ontwrigting, dwelmmisbruik, geslagsgebaseerde geweld en aanhoudende trauma in baie van ons gemeenskappe, beide stedelik en landelik.

Dit is geweldig belangrik dat ons die impak van die Covid-19-pandemie op ons land en die Wes-Kaap erken. Die eerste en tweede golwe van die pandemie het van ons as 'n Provinsie vereis dat ons alles moontlik en selfs nog meer doen om die gevolge van Covid-19 in die maatskaplike sektor te oorkom. Hierdie sektor het feitlik heeltemal in duie gestort as gevolg van 'n aantal onlogiese Covid-19-regulasies wat ingestel is as deel van die Wet op Rampbestuur. Ten spyte hiervan het die Departement sy dienste voortgesit en uit sy pad uit gegaan om humanitêre verligting, dienste aan oer persone, skuilings aan slagoffers van mishandeling, sielkundige steundienste, kinderbeskermingsdienste en dienste vir mense wat met gestremdhede leef te verskaf.

Die Covid-19-pandemie het 'n verwoestende uitwerking op Suid-Afrikaners gehad en baie mense is tans werkloos, sonder 'n heenkome en honger. Die Wes-Kaapse regering het in die lig hiervan 'n Humanitêre Verligtingwerkstroom gestig om humanitêre noodlenigingspogings vir die mees kwesbare burgers in die provinsie te koördineer. Die Departement het saam met die Departement van die Premier gewerk en 'n Humanitêre Verligting Inligtingsportaal ontwikkel om voedselverligting in die provinsie gedurende die Covid-19-ramp tydperk te monitor. Hierdie projek het gehelp om optimale koördinering van voedselverligtingspogings tussen verskillende regeringsinstansies te bevorder om 'n effektiewe verspreiding van voedselverligting na alle gebiede in nood te verseker en om duplisering van hierdie onderskeie pogings te vermy. Regeringsdatastelle word weekliks opgedateer en die data van die privaatsektor/nie-regeringsorganisasies word bygewerk soos dit beskikbaar word. Dit is ook belangrik om erkenning te gee aan die bydrae van onder meer die burgerlike samelewing, die organisasies sonder winsoogmerk (OSW's), gemeenskapsgebaseerde organisasies (GBO's) en die geloofsgebaseerde sektor, sowel as die talle individue wat die regering tydens die pandemie ondersteun het.

Die Covid-19-pandemie het 'n bykomende bedreiging vir ons senior burgers in die provinsie ingehou, veral dié wat in versorgingsfasiliteite vir verswaktes woon. Alhoewel alle ouderdomsgroepe die risiko loop om Covid-19 op te doen, het oer persone 'n aansienlik groter risiko om ernstige siektes te ontwikkel as hulle die siekte opdoen. In reaksie op die uitdagings wat Covid-19 vir oer persone ingehou het, het die Departement die volgende ondersteuning gebied: protokolle is in plek gestel tussen die provinsiale DMO en die provinsiale Departement van Gesondheid (DvG) met betrekking tot verwysings van Covid-19-gevalle by aftreeoorde; die DMO het die ontplooiing van vrywilligers gefasiliteer om aftreeoorde volgens Covid-19-regulasies te onsmet. Daar is gekonsentreer op huise in kwesbare gemeenskappe en

brandpuntgebiede, die verspreiding van ontsmettingsmiddels en gesigskerms; bykomende noodlenigingspersoneel is voorsien waar en wanneer nodig en bykomende befondsing is beskikbaar gestel vir aftreeoorde vir die bestuur van Covid-19, bo en behalwe bestaande toekennings.

Die Departement het tydens die streng inperkingsvlakke van Covid-19 voortgegaan om ondersteuning te bied aan die tehuise wat mense wat met gestremdhede leef versorg en van dienste voorsien. Alhoewel dagsorgsentrums vir Persone met Gestremdhede en Vroeë Kinderontwikkelingsentrusms (VKO's) gesluit gebly het, was hierdie Departement die enigste een in die land wat aangehou het om hierdie fasiliteite van befondsing te voorsien. Befondsing is gebruik vir die salarisse van hul personeel en 70 persent van die VKO's het die befondsing gebruik om meer as 50 000 kwesbare kinders regoor die provinsie te voed. Die sluiting van VKO's tydens die streng inperkingsvlakke kan op die langduur 'n ontwikkelings- en gedragimpak op baie van ons kinders hê. Dit is waarom die Departement voortgegaan het om die sektor te ondersteun deur persoonlike beskermende toerusting (PBT) en opleiding te verskaf om te verseker dat duisende VKO's veilig kan heropen.

Die 'skadu-pandemie' van geweld teen vroue en kinders is 'n jarelange menseregteskending. Ons beseft dat tuisisolasië tydens die Staat van Inperking om die verspreiding van die Covid-19-virus te beperk vir sommige bykomende risiko's ingehou het, insluitend mishandeling. Daar was beperkte opsies om die huis te verlaat as gevolg van die beperkings op beweging. As sodanig het die provinsiale DMO voortgegaan om ondersteuning te bied aan slagoffers van mishandeling tydens die Staat van Inperking. Ons het ook voortgegaan om traumaberadingsdienste vir almal, in die besonder vroue en kinders, te lewer. Hierdie traumaberading is daarop gemik om die simptome van post-traumatiese stresversteuring, emosionele apatie en desensibilisering ten opsigte van geweld te behandel.

Die Provinsiale Covid-19 Koördineringsraad het bepaal dat die DMO die rol moet aanvaar om psigososiale ondersteuning te verskaf aan individue en/of gesinne wat op verskeie maniere deur die virus geraak word. Die Departement, met die ondersteuning van sy OSW-vennote en sy vrywilligers, het verskeie bewusmakingsprogramme gebruik wat met psigososiale intervensies geïntegreer is, om daardie individue te help wat deur COVID-19 geraak word. Die Departement het ook vennootskappe met burgerlike organisasies gevorm om ondersteuningsgroepe in kwesbare gemeenskappe te stig.

Ek staan trots en vas in my oortuiging dat hierdie Departement nie net voortgaan om by te dra tot die ontwikkeling van 'n beter samelewing nie, maar ook 'n regverdiger een. Die Covid-19-pandemie het ons sterker, meer doeltreffend gemaak en het ons gewys waartoe ons in staat is wanneer toegewyde amptenare, onder etiese leierskap, doen wat hulle die beste doen – om van diens te wees!



---

Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

Me SG Fernandez

Datum: 11 November 2021

#### **4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte**

Dr Robert Macdonald

Rekenpligtige Beampte: Maatskaplike  
Ontwikkeling



#### **Oorsig oor die werksaamhede van die Departement**

Die afgelope boekjaar was een van die onsekerste en onstuimigste jare in die geskiedenis van ons demokrasie. Die direkte uitwerking van Covid-19 op die ekonomiese en sosio-ekonomiese omgewing het gelei tot lae ekonomiese groei, hoë werkloosheid, verhoogde voedselonsekerheid en toenemende geweld wat teen vroue en kinders gepleeg is. Aangesien planne vir die 2020/21-boekjaar wat voor die inperkingsfases, wat vanaf Maart 2020 deur die nasionale regering geïmplementeer is, opgestel is op 'n beperkte skaal geïmplementeer is, moes die Departement dienslewingsmodusse vinnig aanpas om die veiligheid van kliënte, personeel, OSW-vennote en toeganklikheid tot dienste te verseker.

Die aanvanklike inperkingsfases het streng beheer oor beweging ingestel, wat gelei het tot 'n groot ontwrigting van die burgerlike samelewing en inkomste, wat die voedselsekerheid van baie huishoudings bedreig het. Die Departement het in reaksie hierop ingegryp om die mees kwesbare huishoudings by te staan. Die Departement het tydens die afgelope boekjaar, in samewerking met OSW's, 55 977 kospakkies aan 223 908 kwalifiserende begunstigdes uitgedeel. Die suksesvolle oordrag van 20 gemeenskapsgebaseerde voedingsentrums vanaf die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) het die Departement se voedingprogram-voetspoor in die Provinsie verder uitgebrei en die mees kwesbare huishoudings van voedingsondersteuning voorsien. 'n Bykomende 57 961 begunstigdes is in vennootskap met OSW's daagliks by bestaande persele regoor die provinsie van gekookte maaltye voorsien. Die Departement het ook kapasiteitsbou-opleiding in verband met beleidsriglyne oor maatskaplike verligting en protokol oor die verbetering van gehalte, toeganklikheid en volhoubaarheid van die intervensies vir die mees kwesbares aan streeksamptenare verskaf.

Die Departement het ter ondersteuning van die Wes-Kaapse regering (WKR) se takeling van die probleme wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is interregeringstaakspanne van tegniese ondersteuning voorsien met behulp van data en ruimtelike kundigheid. Dit het die monitering van voedselpakkieverspreiding en -voedingsterreine op provinsiale, distriks-, plaaslike munisipaliteit en wyksvlak, asook die nasporing van infeksies in twee Covid-19-brandpunte ingesluit.

Die gedeeltelike sorgsektor, d.w.s. VKO- en Naskoolsorg- (NSS)-fasiliteite, is aansienlik deur die Covid-19-inperkingsregulasies, wat die sluiting van hierdie fasiliteite vanaf die middel van Maart 2020 meegebring het, geraak. Hierdie fasiliteite en programme is met 'n gefaseerde benadering vanaf September 2020 toegelaat om te heropen, onderhewig aan gesondheids- en veiligheidsvereistes en die nakoming van sekere standaarde. 'n Proses is begin om kwalifiserende gedeeltelike sorgfasiliteite en -programme te help met PBT-ondersteuningspakkette om te voldoen aan die gesondheids- en veiligheidstandaarde wat vereis word vir heropening. Baie van die gedeeltelike sorgterreine het nie net 'n opvoedkundige rol gedien nie, maar het ook voedingsondersteuning in armer gemeenskappe verskaf. Ter aanvulling van die departementele voedselverligtingsinisiatiewe, is subsidies aan gedeeltelike versorgingsterreine tydens inperkingsvlak 5 en die daaropvolgende vlakke van inperking voortgesit om maaltye aan kinders te voorsien.

Die VKO-program bly daartoe verbind om 'n veilige en koesterende omgewing, voeding, stimulasie en taalontwikkeling voor skoolregistrasie te verskaf. Die Departement het

voortgegaan om registrasie en herregistrasie van gedeeltelike sorgfasiliteite en VKO-programme te fasiliteer en te ondersteun om toegang en gehalte dienste te verbeter. Dit sluit die verbetering van toegang vir kinders met gestremdhede in deur die registrasie van gedeeltelike sorgfasiliteite vir kinders met gestremdhede te fasiliteer in ooreenstemming met die Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede. Die VKO-ontwikkelingsondersteuning- en skoolgereedheidsprojek, 'n samewerkende inisiatief met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en die DvG wat tans by 85 geïdentifiseerde terreine geïmplementeer word, is ernstig deur die VKO-sluitings geraak. Om te verseker dat die kinders voortgaan om ontwikkelingsgespesialiseerde ondersteuningsdienste te ontvang, is die wyse van ondersteuning aangepas by dié van 'n uitreikbenadering in die afwesigheid van aangesig-tot-aangesig terapeutiese insette. Tydens die inperkingsperiode is meer as 13 000 stimulasiepakkes aan kinders, ouers en praktisyns as deel van die uitreikingsaksie verskaf.

Ten spyte van moeilike toestande oor die afgelope jaar, het die Departement voortgegaan met sy pogings om te verseker dat alle kinders wat sorg en beskerming benodig gehalte dienste ontvang deur die vaardighede van sy maatskaplikewerkpersoneel wat hierdie dienste lewer, op te skerp. Kinders het gedurende die inperkings tydperk verhoogde blootstelling aan geweld, mishandeling en verwaarlosing in die gesig gestaar. 'n Standaard Bedryfsprosedure (SBP) is ontwikkel en in Mei 2020 geïmplementeer om voortgesette toegang tot kinderbeskermdingsdienste vir die verwydering van 'n kind wat gedurende die inperkings tydperk versorging en beskerming benodig te verseker. Verder is die Kensington-behandelingsentrum omskep in noodplasingentrum vir kinders wat weens die Covid-19-pandemie in gevaar verkeer. Die implementering van die Eenvormige Verwysingsroete vir Kinderbeskermdingsdienste ("Uniform Referral Pathway for Child Protection Services") in die Wes-Kaap was waardevol tydens die inperkings tydperk, met gevestigde verwysingsnetwerke tussen organisasies, insluitend staatsdepartemente en ander regeringsfere, wat die verbeterde bestuur van kinders wat sorg en beskerming benodig, gefasiliteer het. Die Provinsiale Strategie vir Voorkoming en Vroeë Intervensie (VVI) is ook gedurende die 2020/21-boekjaar voltooi en sal 'n raamwerk verskaf om die kinderbeskermdingstelsel te versterk en die vraag na statutêre intervensies te verminder. Verder sal dit dien as koördineringsmeganisme tussen die betrokke belanghebbendes om te verseker dat bestaande VVI-programme gestandaardiseer is en die beoogde uitkomst en resultate bereik. As deel van die versterking van Inloopsentrum-dienste, het die Departement posbefondsing verskaf aan twee maatskaplikewerk-toesighouers wat die taak gehad het om die koördinering van die Wes-Kaapse Straatkinderforum en ander subforums te versterk. Hierdie maatskaplikewerk-toesighouers verskaf ondersteuning en mentorskap gebaseer op die Norme en Standaarde, Praktykriglyne vir Inloopsentrums sowel as bewysgebaseerde navorsing oor die nuutste neigings rakende kinders wat op straat in die Provinsie woon, werk en bedel. Die negatiewe uitwerking van die inperkingsregulasies het nie verhoed dat die belangrikste kindersorg- en beskermdingsintervensies, insluitend Fokus-op-die-kind ("Eye-on-the-child"), Isibindi en VVI-programme kon voortgaan nie.

Die fokus gedurende die oorsigjaar was die verskaffing van gesinsbewaringsdienste, terapeutiese programme, bemiddelingsdienste, ouerskapprogramme, sowel as programme wat daarop gemik is om hawelose volwassenes te rehabiliteer, te herenig en te help om as deel van hul gesinne en gemeenskappe van herkoms te funksioneer. Skuilingdienste vir hawelose volwassenes is uitgebrei en die getal beskikbare beddens is met 35 persent tot 2 031 beddens vermeerder. Hierdie diens is verder versterk deur die verskaffing van bykomende hulpbronne vir maatskaplike werker (MW) toesighouersposte om gehalte toesig en ondersteuning aan die MW's by befondsde skuilings te verseker. In samewerking met die Stad Kaapstad het die Departement 'n nuwe skuiling vir hawelose gesinne opgerig. Dit het verseker dat hawelose gesinne wat verblyf benodig bymekaar kon bly tydens die inperkingsperiode en sodoende is gesinstrukture behou. In vennootskap met die DvG het die Departement verseker dat alle befondsde skuilings vir hawelose volwassenes opleiding ontvang oor Covid-19-gesondheids- en veiligheidsprotokolle.

Ten opsigte van jeugoortreders, het die implementering van die geakkrediteerde provinsiale afleidingsprogramme tesame met die vyf nasionaal geakkrediteerde afleidingsprogramme meer opsies tot die howe se beskikking gestel om te probeer verhoed dat persone onder die ouderdom van 18 jaar met die Strafbestelsel in aanraking kom. Die Departement het

voortgegaan om toesig te hou oor die aantal verhoorafwagende kinders in korrektiewe sentrums om die vertraging in die vordering van kinders ten opsigte van afleidingsprogramme tot 'n minimum te beperk. Die ontwikkeling en implementering van afleidingsmoniteringsinstrumente, gebaseer op die aanbeveling vervat in die evalueringsverslag wat deur die Departement saamgestel is, het gehelp met die verbetering van afleidingsdienste oor die afgelope jaar. Die Departement het verskeie aanlyn konsultatiewe werkwinkels met sy befondsde organisasies gefasiliteer om die implementering van die afleidingsmoniteringsinstrumente te verseker en te monitor. Boonop is aanlyn moniteringsbesprekings met al die proefbeamptes, toesighouers en bestuurders gehou om die Geïntegreerde Misdaadvoorkomingstrategie en die implementering van die Herintegrasie- en Nasorgstrategie vir Proefbeamptes verder te versterk.

Kinder- en jeugsorgsentrums (KJSS'e) is steeds gedurende die inperkingsperiode bedryf en dienslewering is voortgesit. 'n SBP vir die bestuur van Covid-19 in KJSS'e is ontwikkel en al die personeel is opgelei in norme en standaarde, sowel as alle beleide en prosedures rakende kinder- en jeugsorg, noodreaksie en implementering van Covid-19-protokol. Al die KJSS'e het aan al die regulasies voldoen, insluitend die bestuur van personeel en besoekers na en van die sentrums. Die inkontraktering van die Clanwilliam en Horizon KJSS'e is gefinaliseer, insluitend personeelwerwing en personeeloriëntering met minimale ontwrigting van dienste.

Die Departement het vordering gemaak met die verbetering van toegang tot en voorsiening van psigososiale ondersteuning aan diegene wat deur geslagsgebaseerde geweld (GGG) geraak word. Gelei en gefasiliteer deur die Wes-Kaapse Ministerie vir Maatskaplike Ontwikkeling, is 'n WKR GGG-implementeringsplan ontwikkel en deur die provinsiale kabinet in die huidige boekjaar goedgekeur. Verder het die Departement 30 GGG maatskaplike werkers aangestel om die streeksreaksie op GGG te versterk en gespesialiseerde GGG-voorkoming en ondersteuning aan die gemeenskappe met die grootste nood in die Provinsie verskaf. Ses bykomende GGG-skuilingsterreine in die Provinsie (in die Bergrivier-, Swartland-, Hessequa- en Sentraal-Karoo-distriksmunisipaliteite) is met die ondersteuning van die Nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur (DOWI) en die WKR se Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) beskikbaar gestel. Dit bring die totale getal van hierdie soort skuilings op 25 te staan. Die eerste van hierdie GGG-skuilings is op 26 Maart 2021 in die Sentraal-Karoo-distriksmunisipaliteit bekendgestel.

Geweld, veral teen vroue en kinders, word dikwels deur dwelm- en drankmisbruik aangevuur. Alhoewel toegang tot dwelm- en drankgebruikversteurings (DDGV)-voorkomings- en behandelingsdienste beperk is deur inperkingsregulasies, het die Departement voortgegaan om DDGV-dienste, wat op die behoeftes van die kliënt fokus, te verskaf. Dit het voorkoming en vroeë intervensie en behandeling op gemeenskapsgebaseerde of binnepasiëntvlak ingesluit, asook nasorgdienste om effektiewe herintegrasie in die samelewing te verseker. Die Departement het ook die verwysingsroete geïmplementeer om te verseker dat slagoffers van GGG in skuilingdienste toegang het tot DDGV-behandeling by sy Kensington-behandelingsentrum. Die lewering van dwelmbehandelingsdienste is voortgesit in al die veilige KJSS'e van die DMO as teenvoeter vir die provinsie se toenemende uitdaging ten opsigte van dwelmmisbruik onder die jeug. Die Departement het sy skoolgebaseerde programme uitgebrei deur die aantal OSW's wat befondsing ontvang wat spesialis-SUD-dienste aan skole verskaf, van vyf na ag te vermeerder. Byna 700 jeugdige in die geïdentifiseerde hoërisikogebiede Kuilsrivier, Steenberg, Somerset-Wes, Eersterivier, Matroosfontein, Kraaifontein, Macassar, Stellenbosch en Houtbaai het by hierdie dienste baat gevind. Hierdie befondsde organisasies het groot uitdagings in die gesig gestaar as gevolg van die sluiting van skole weens die Covid-19-pandemie, maar het nietemin voortgegaan om op 'n vindingryke manier dienste in die onderskeie gemeenskappe te lewer.

Die Departement vervul 'n statutêre rol ten opsigte van dienste aan ouer persone, wat die registrasie van residensiële fasiliteite, monitering van nakoming van norme en standaarde van sorg binne fasiliteite insluit, asook die bevordering van die regte en waardigheid van ouer persone. Die Departement het in die lig van die hoër risikoprofiel van ouer persone ondersteuning en befondsing aan 117 kwalifiserende residensiële fasiliteite verskaf vir die voorkoming en bestuur van Covid-19. Dit het die voorsiening van PBT aan 9 313 inwoners, gespesialiseerde opleiding vir versorgers, die fasilitering van vrywilligers om aftreeoorde volgens

Covid-19-protokolle te ontsmet, veral in armer gebiede en brandpunte, en waar prakties moontlik, die voorsiening van 'n klein getal noodlenigingspersoneel aan befondsde fasiliteite. Bykomende ondersteuning het die ontwikkeling van riglyne in samewerking met die DvG vir die voorkoming en bestuur van infeksie in langtermynsorgfasiliteite ingesluit.

Die Departement het voortgegaan om verbeterde toegang tot geleenthede vir en bevordering van die regte van persone met gestremdhede te bevorder. Die Departement het deur die Gestremdheidhoofstromingstrategie voortgegaan om die hoofstroom van gestremdheid in elke program of projek wat deur die Departement geïmplementeer word te bepleit en te verseker. Die voltooiing van bouwerk by Sivuyile aan die einde van die 2019/20-boekjaar het die Departement in staat gestel om gedurende die afgelope boekjaar die 30 bykomende beddens te gebruik om meer kliënte by hierdie residensiële fasiliteit te versorg. Daar is ook voorsiening gemaak vir beide die salarisse van versorgers en programimplementeerders in 50-dae-sorgsentrums vir kinders met intellektuele gestremdhede. Nes ower persone loop persone met gestremdhede 'n groter risiko om die Covid-19-virus op te doen. Standaardbedryfsprosedures en riglyne vir dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede is ontwikkel om dagsorgsentrums ten opsigte van die beveiliging van kliënte te ondersteun. 'n Opleidingsprogram in samewerking met die WKOD, DvG en Wes-Kaapse Forum oor Intellektuele Gestremdheid is van stapel gestuur om die dagsorgsentrums voldoende toe te rus en voor te berei vir hul heropening. Die Departement het ook verskeie maatreëls geïmplementeer om die verspreiding van infeksie by residensiële sorgfasiliteite te beperk, insluitend die voorsiening van bykomende befonding en PBT. Voortslepende administratiewe prosesse en die nasionale staat van inperking het daartoe aanleiding gegee dat die oorhandiging van die vier spesiaal aangepaste 16-sitplekvoertuie vir die vervoer van kinders met intellektuele gestremdhede na en van hul dagsorgsentrums vertraag is. Hierdie voertuie gaan in die 2021/22-boekjaar oorhandig word.

Die Departement het voortgegaan met die implementering van die Sanitêre Waardigheidsprojek. Die program voorsien jong meisies en jong vroue in laerskole, hoërskole en spesiale skole in arm gemeenskappe regoor die Provinsie van sanitêre higiëneprodukte sodat hulle skool kan bywoon sonder dat hul waardigheid aangepas of hul skoolbywoning tydens hul menstruasie onderbreek word. Meer as 700 000 pakkies sanitêre doekies is teen Maart 2021 aan 220 skole uitgedeel. Bykans 95 000 meisies in Graad 4-12 regoor die Provinsie het hierby gebaat.

Die inperkingsregulasies het ons met geen ander keuse gelaat as om al 12 die jeugkafees toe te maak en die aktiwiteite van jeugontwikkeling OSW's tot en met Junie 2020 te staak. Sommige organisasies kon egter aanlyn jeugontwikkelingsdienste soos finansiële geletterdheid en persoonlike ontwikkeling en groei-opleiding gedurende hierdie tydperk verskaf. In die lig van die voortdurende staat van inperking beperkings is 'n loodsprogram gemik op 79 jeugdiges van die Tuinroete munisipale gebied van stapel gestuur. Hierdie program het aanlyn opleiding en virtuele ondersteuning van die jeugkafee personeel ingesluit.

Pogings om geregistreeerde OSW's regoor alle sektore by te staan met voldoening aan die OSW-wet het meegebring dat die gefokusde kapasiteitsbouprogram 701 OSW's gehelp het met registrasie deur sy Provinsiale OSW-hulptonkbank oor die afgelope boekjaar. Die Departement het daarin geslaag om ondanks die staat van inperking beperkings 25 ter plaatse en aanlyn opleidingsprogramme/werksessies oor OSW-registrasie en -nakoming aan te bied, met 511 deelnemers wat 353 OSW's verteenwoordig het.

## Oorsig van die finansiële resultate van die Departement

### Departementele ontvangste

Tabel A: Departementele ontvangste

Departementele ontvangste	2020/21			2019/20		
	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onderbesteding	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Belastingontvangste	-	-	-	-	-	-
Casino's	-	-	-	-	-	-
Belasting op perdewedrenne	-	-	-	-	-	-
Dranklisensies	-	-	-	-	-	-
Motorvoertuig-lisensies	-	-	-	-	-	-
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	848	779	69	804	739	65
Oordragte ontvang	-	-	-	-	-	-
Boetes, strafgelde en verbeurings	-	-	-	-	-	-
Rente, dividende en huurgeld op grond	40	213	(173)	38	50	(12)
Verkoop van kapitaalbates	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bates en laste	304	1 116	(812)	288	654	(366)
<b>Totaal</b>	<b>1 192</b>	<b>2 108</b>	<b>(916)</b>	<b>1 330</b>	<b>1 443</b>	<b>(313)</b>

### Departementele ontvangste

Eie inkomste gegenerer deur die Departement beloop 0.06 persent van die totale begroting. Die Departement se hoofbronne van inkomste is:

- Invordering van skuld wat aan die Departement verskuldig is;
- Kommissie op versekering en die aftrekking van loonbeslagorders;
- Parkeerfooie en amptelike akkommodasiefooie soos volgens die beleid van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW); en
- Verhaling van onbestede oordragbetalingsfondse van vorige boekjare.

Die oorverhaling van inkomste vir die 2020/21-boekjaar beloop R916 duisend en kan hoofsaaklik aan 'n toename in die verhaling van skulde toegeskryf word.

Die onderverhaling vir die verkoop van goedere en dienste (kapitaalbates uitgesluit) is te wyte aan die implementering van "Voice Over Internet" Protokol (VOIP), wat die koste van private telefoonoproepe verlaag en tot die onderverhaling gelei het. Die skatting gaan vir die nuwe boekjaar hersien word.

## Program Uitgawes

**Tabel B: Programbesteding**

Naam van program	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	229 692	228 727	965	239 828	232 012	7 816
Maatskaplike welsynsdienste	996 669	992 149	4 520	978 135	960 820	17 315
Kinders en Gesinne	864 239	856 233	8 006	751 087	750 070	1 017
Herstellende Dienste	440 417	440 417	-	423 130	420 087	3 043
Ontwikkeling en Navorsing	161 217	161 217	-	69 174	68 917	257
<b>Totaal</b>	<b>2 692 234</b>	<b>2 678 743</b>	<b>13 491</b>	<b>2 461 354</b>	<b>2 431 906</b>	<b>29 448</b>

### Program 1:

Die Program het 99.58 persent van sy R229.692 miljoen-begroting vir die 2020/21-boekjaar bestee. Die onbestede R965 duisend hou verband met die onderbesteding van Vergoeding aan Werknemers (VvW) wat toegeskryf kan word aan redes soos dat geskikte kandidate nie deur die werwingsproses gevind kon word nie, interne bevorderings en bedanking van personeel.

### Program 2:

Die Program het 99.55 persent van sy toegewese begroting van R996.669 miljoen vir die 2020/21-boekjaar bestee. Die onbestede R4.520 miljoen hou verband met onderbesteding aan goedere en dienste as gevolg van die vertraging in die verkrygingsproses vir die Sanitêrewaardigheidsprojek en betalings vir kapitaalbate as gevolg van die vertraagde verkryging van voertuie wat vir persone met gestremdhede aangepas is.

### Program 3:

Die Program het 99.07 persent van sy toegewese begroting van R864.239 miljoen vir die 2020/21-boekjaar bestee. Die onbestede R8.006 miljoen hou verband met die onderbesteding aan betalings vir oordragte en subsidies as gevolg van OSW's wat nie aan die regulasies vir VKO-oordragte voldoen nie.

### Program 4:

Die Program het 100 persent van sy toegewese begroting van R440.417 miljoen vir die 2020/21-boekjaar bestee.

### Program 5:

Die Program het 100 persent van sy toegewese begroting van R161.217 miljoen vir die 2020/21-boekjaar bestee.

## Oordragte

**Tabel C: Verskaf besonderhede oor oordragte wat in die oorsigjaar gemaak is.**

Hoofafdeling van	Na	R'000	Rede
Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	447	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 1.2: Korporatiewe bestuursdienste	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	2 386	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars wat betref inligtingstegnologie (IT) opknappingsriglyne.
	Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en ondersteuning	1 836	Betaling van kos en kontraktuele eiendomsbetalings by fasiliteite.
Subprogram 3.1: Bestuur en ondersteuning	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	614	Vul van geprioritiseerde poste.
		117	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars wat betref inligtingstegnologie (IT) opknappingsriglyne.
Subprogram 3.2: Sorg en dienste aan gesinne	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	135	Vul van geprioritiseerde poste.
		68	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars wat betref inligtingstegnologie (IT) opknappingsriglyne.
Subprogram 3.3: Kindersorg en -beskerming	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	153	Vul van geprioritiseerde poste.
		1 791	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars wat betref inligtingstegnologie (IT) opknappingsriglyne.
Subprogram 3.4: VKO en gedeeltelike sorg	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	568	Vul van geprioritiseerde poste.
		36	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars wat betref inligtingstegnologie (IT) opknappingsriglyne.
		1 646	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars wat betref inligtingstegnologie (IT) opknappingsriglyne.
	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	6 981	Noodbepoelings van voedselnoodlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie.
	Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling	100	Bykomende betalings aan jeugkafes.
Subprogram 3.5: Kinder- en jeugsorgsentrus	Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling	1	Bykomende betalings aan jeugkafes.
Subprogram 4.1: Bestuur en ondersteuning	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	322	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en ondersteuning	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	75	Aankoop van bykomende skootrekenaars en tafelrekenaars wat betref inligtingstegnologie (IT) opknappingsriglyne.

Hoofafdeling van	Na	R'000	Rede
Subprogram 4.3: Slagofferbemaatgelyking	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	953	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	1 728	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 5.1: Bestuur en ondersteuning	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	225	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 5.3: Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en steun aan OSW's	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	107	Vul van geprioritiseerde poste.
Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	507	Vul van geprioritiseerde poste.

### Fondse oorgedra

**Tabel D: Gee besonderhede oor die oorplasings wat aangevra is vanaf 2020/21 tot 2021/22.**

Program	R'000	Doel
Program 2: Maatskaplike welsynsdienste	3 491	Die wetlike verpligting wat spruit uit die hofbevel met betrekking tot kinders met ernstige intellektuele gestremdhede. Die aanpassing van gespesialiseerde voertuie vir die ernstig intellektueel gestremde kinders is nie afgehandel nie, wat daartoe gelei het dat die oorhandiging van die voertuie vertraag is.
Program 2: Maatskaplike welsynsdienste	1 029	Die in werking stelling van die Sanitêre Waardigheid-projek is vertraag weens verspreidingskontrakte wat laat in die boekjaar begin het.
Program 3: Kinders en gesinne	2 005	VKO se nasionale voorwaardelike toewysing is vir betalings aan VKOS's, Inceba en Skoenlappertjies vir die Vangasali-veldtog. Die onderbesteding in 2020/21 was as gevolg van vertraging in betaling voor 31 Maart 2021. Oordragbetalingsooreenkomste (OBO's) is met die OSW's aangegaan en die Departement is verplig om hierdie OSW's te betaal.

### Behoud van inkomste

Geen.

**Tabel E: Verskaf besonderhede van die inkomste wat van 2020/21 tot 2021/22 behou is.**

Program	R'000	Doel
N.V.T		

## Redes vir ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes en die bedrae betrokke sowel as stappe gedoen om dit te bekamp en herhaling te voorkom

Redes vir vrugtelose en verkwistende uitgawes	Bedrag	Stappe geneem	Voorkoming van herhaling
Amptenaar het vlug verpas	R 2 879.11	Oorgeplaas na debiteure vir verhaling van amptenaar.	Aanvaarding van die Nasionale Tesourie (NT) se Onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgaweraamwerk. Ontwikkeling van SBP's oor onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes. Ontwikkeling van 'n beleid oor onreëlmatige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwistende uitgawes
Daag nie op om kursus by te woon nie (verblyf)	R 1 547.30	Oorgeplaas na debiteure vir verhaling van amptenaar .	Aanvaarding van die Nasionale Tesourie (NT) se Onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgaweraamwerk. Ontwikkeling van SBP's oor onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes. Ontwikkeling van 'n beleid oor onreëlmatige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwistende uitgawes.

### Strategiese fokus oor die kort- tot mediumtermyn tydperk

Kindersorg en -beskerming bly 'n belangrike statutêre mandaat van die Departement. Intervensies in hierdie verband sluit in die voortgesette institusionalisering van die geïntegreerde Isibindi-program, wat 'n netwerk van dienste insluit en aansluit by die Fokus-op-die-kind-program intervensies, verwysings van proef- en afleidingsdienste en Instap-sentrum programme wat ondersteun word deur 'n reeks van geïntegreerde en geteikende gesinsversterkingsprogramme en VVI-dienste. Die fokus op die verskaffing van noodsaaklike dienste aan gesinne in gevaar sal gehandhaaf word en sluit in die voortdurende verbetering van die 24-uur kinderbeskermingsdienste, die implementering van die Provinsiale Pleegsorgbestuursplan en 'n multiprogram- en spesialisdiensmodel wat kinders bystaan in die vorm van alternatiewe sorg om in hul gemeenskappe te herintegreer. 'n Webgebaseerde pleegsorgbestuurstelsel gaan in die 2021/22-boekjaar regoor die Provinsie ontplooi word om die pleegsorgagterstand te verminder. Die Departement gaan ook ondersteuningstrukture vir ouers van kinders met gestremdhede verder versterk. Dit sluit die voltooiing van die loodsprogram van die registrasie van gedeeltelike sorg-fasiliteite/dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede in vennootskap met die OSW-sektor in.

Die Departement gaan voort om die skoolgebaseerde kinderbeskerming-maatskaplike werkerprogram in die 11 misdaadbrandpunte in die provinsie te implementeer om die gaping tussen skole en die kinderbeskermingsstelsel kleiner te maak. Hierdie program maak dit moontlik om kinders wat in gevaar verkeer vroeg te identifiseer en dra by tot die vermindering van kinders wat die skool voor die einde van matriek verlaat. Die Departement gaan voortgaan om te fokus op die verbetering van infrastruktuur by veilige KJSS'e om dienste te verbeter vir kinders wat in gevaar verkeer en alternatiewe sorg benodig. Die Departement gaan VKO's help om operasioneel te bly deur die verskaffing van finansiële ondersteuning vir PBT en die sanitering van fasiliteite, sowel as sy voortdurende strewes om hul registrasie en herregistrasie te verseker. Die Departement gaan ook voortgaan om die VKO-stimuluspakket-proses te bestuur, wat sal verseker dat kwalifiserende VKO's verdere finansiële ondersteuning kry om volhoubaar te bly. Dit word belangriker namate die Departement die doelwit nastreef om 'n naatlose verskuiwing van die VKO-funksie na die WKOD te verseker. 'n VKO-projekbestuurtaakspan, met verteenwoordigers van die Departement van die Premier (DvdP), DMO en die WKOD, is besig om die VKO-migrasie te bestuur om ontwinging van die sektor en opvoedkundige uitkomstes tot 'n minimum te beperk.

Die Wes-Kaapse Ministerie van Maatskaplike Ontwikkeling gaan die ontwikkeling en implementering van 'n WKR GGG Implementeringsplan bestuur, en sodoende die provinsiale GGG respons versterk. Die bedryf van ses bykomende GGG-skulings in die Provinsie in die Bergrivier-, Swartland-, Hessequa- en Sentraal-Karoo-distriksmunisipaliteite in 2021/22 gaan

toegang tot GGG-skuilings verhoog, wat die totale aantal skuilings regoor die provinsie op 25 te staan sal bring. Die ontplooiing van 30 ervare maatskaplike werkers wat in GGG-voorkoming en gespesialiseerde ondersteuning aan slagoffers by departementele streeks- en plaaslike diensleweringkantore regoor die Provinsie spesialiseer, gaan toegang tot psigososiale ondersteuning vir slagoffers buite hierdie skuilings verder versterk.

Voedselverligtingsondersteuning aan kwesbare gesinne sal verskaf word deur die implementering van sy geteikende voedingsterreine, gemeenskapsvoeding en ontwikkelingsentrum (CNDC) program en ondersteuning aan gemeenskapskombuise. Die uitbreiding van bedruimte in skuilings vir haweloses wat in 2020/21 geïmplementeer is as deel van die Covid-19-inisiatiewe gaan voortgesit word en die Departement het befondsing opsy gesit vir 'n bykomende 500 beddens en gepaardgaande herintegrasiedienste in die 2021/22-boekjaar. Jeugontwikkelingsprogramme gaan voortgaan om tegnologie in te span om die ontwikkeling van jeugvaardighede in die Provinsie op 'n deurlopende basis te verseker.

### **Openbare-private vennootskappe**

Geen om oor verslag te lewer nie.

### **Gestaakte aktiwiteite**

Geen om oor verslag te lewer nie.

### **Nuwe of voorgestelde aktiwiteite**

Geen om oor verslag te lewer nie.

### **Voorsieningskanaalbestuur (VKB)**

#### **Ongevraagde bodvoorleggings aangegaan tydens die oorsigjaar**

Die Departement het nie enige ongevraagde bodvoorleggingssooreenkomste tydens die oorsigjaar aangegaan nie.

#### **VKB-prosesse en -stelsels in werking om onreëlmatige uitgawes te voorkom**

Die Rekenpligtigebeamtetstelsel (RBS) wat Voorsieningskanaalbestuur (VKB) reguleer en funksies vir die bestuur van roerende bates, is in werking. Terwyl die Rekenpligtigebeamtetstelsel die beleidsaspekte van die voorsieningskanaal en roerende batesbestuur in die Departement uiteensit, sit die VKB-delegasies die besluitnemingsmag uiteen wat uitvoering gee aan die prosesse in die RBS. Dit reguleer institusionele en administratiewe handeling rakende daaglikse VKB-wersaamhede.

#### **Uitdagings wat die VKB ervaar en hoe dit die hoof gebied is**

Uitdagings met betrekking tot die implementering van plaaslike inhoud, spesifiek met betrekking tot tydige verslagdoening, is gedurende die 2020/21-boekjaar ondervind, maar is opgelos met 'n Finansiële Bestuursinstruksie wat uitgereik is wat die tydlyn, prosesse en prosedures uiteensit vir verslagdoening aan die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DTIC).

Die implementering van Covid-19-verwante instruksies van die NT en Provinsiale Tesourie (PT) was 'n uitdaging omdat die implementeringsdatums van hierdie instruksies in sommige gevalle onmiddellik was vanaf die datum van uitreiking. Die kompleksiteit van implementering ten opsigte van bestaande prosesse en die goedkeuring van instruksies met betrekking tot departementele protokolle, het in sommige gevalle vertraging veroorsaak. Dit is opgelos deur verhoogde bewustheid oor uitgereikte instruksies te skep en belanghebbendes op dieselfde tydstip wat instruksies vir goedkeuring gestuur word by die inhoud te betrek.

**Tabel F: Geskenke en skenkings in natura ontvang van nie-verwante partye**

Instelling wat geskenk/skenking ontvang het	Aard van skenking/geskenk/borgskap	Naam en adres van skenker	Verwantskap met personeellid	Randwaarde van geskenk/skenking
Sivuyile-inwonersentrum	Teddiebere	Triple Heartbeat Foundation	Skenker	2 000.00
Sivuyile-inwonersentrum	Toiletware en bederfbare kos	Mev De Maio, Langebaan, 083 495 7512	Ondersteuningsgroep	12 000.00
Sivuyile-inwonersentrum	Swaaiie, skale	Scales Incorporated, Friends of Thembaletu, Nikkelstraat 14, Brackenfell, Posbus 391	Ondersteuningsgroep	3 000.00
Sivuyile-inwonersentrum	Klere	Selandia Louw, 071 689 4341, Selandia.S@gmail.com	Privaat	2 000.00
Outeniekwa	Verskeie skenkings met 'n waarde van minder as R500 elk	Verskeie skenkers	Privaat	1 000.00
Metro-Oos	Kospakkies	Sivuyile Bokwe, Bokwe's Security Services, Langstraat 44, Kuilsrivier, 7580	Sekuriteitsdiensverskaffer vir Metro-Oos-streek	1 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Pakkies	Indonesiese ambassade: Rosmeadlaan 124, Kenilworth	Skenker	49 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Gesigmaskers	SAB: Hoofweg 3, Nuweland	Skenker	147 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Gesigmaskers	Rowan-boom: Eenheid 9, Meadowhill Nywerheidsperseel, Essex Straat 3, Germiston	Skenker	150 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Lemoene	Ruben Richards-stigting: Klipfonteinweg 85, Rondebosch	Skenker	120 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Noedels	Kelloggs Maatskappy van Suid-Afrika: Woodmeadrylaan, Sandton	Skenker	80 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Koekies	Mantellis: Westlake Sakeperseel, Bell Crescent 46, Westlake, Simon Mantell	Skenker	73 000.00

Instelling wat geskenk/skenking ontvang het	Aard van skenking/geskenk/borgskap	Naam en adres van skenker	Verwantskap met personeellid	Randwaarde van geskenk/skenking
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Kospakkies	MTN: Sable Park, South Towers, Bridgeweg 14, Century City	Skenker	1 000 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Koekies	Mauritiaanse konsul: Victoriaweg 1 (Eenheid 2), Clifton	Skenker	16 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Sepies	Unilever: Nollsworth Crescent 15, Nollsworth Park, KZN	Skenker	480 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Gesigmaskers	NGK Clanwilliam: Kerkstraat, Citrusdal	Skenker	3 000.00
Gemeenskaps- en vennootskapsontwikkeling (Hoofkantoor)	Handontsmettingsmiddel	Distell: Jolene Henn, Adam Tasweg, Stellenbosch	Skenker	17 000.00
Weskustreek	Kantoormeubels	ABC Cash Store, Hoogstraat, Vredendal	Privaat	2 000.00
Kaapse Wynland en Overberg Streekskantore	Spesiale program vir Kersfees Kersvader Skoenboks	Nasreen Mia, Lance Mentoor, Christo Anderson, Sonja Ross, Sherry- Lee Asia	Vriend	2 000.00
Kaapse Wynland en Overberg Streekskantore	8 groot pakkies weggooidoeke vir babas en 2 pakkies doeke vir volwassenes	Mev Cristelle Wium, Abattoir Straat, Industriële gebied, Worcester 6850	Korporatiewe ondersteuner van welsynswerk	1 000.00
Ministerie	Verskeie skenkings met 'n waarde van minder as R500 elk	Verskeie skenkers	Privaat	2 000.00
Metro-Suid	Kinderspeelgoed, tafel en stoele, DVD's, boekrak, blue ray DVD-speler en televisie (TV)	Mnr Neal Saunderson, Velocity, Sportlaboratorium, Houtbaai	Skenker	12 000.00
Clanwilliam	Vrugte	JA Engelbrecht – Lambertsbaai	Privaat	1 000.00
Vredelus	World Spectrum boeke, tandepasta	Ronell Gouws	Privaat	2 000.00
Eden Karoo	Babaprodukte (Doeke, Purity & Babapap)	Stephanie Fourie, Marshstraat 24, Mosselbaai	Privaat	1 000.00
Metro-Noord Streekskantoor	24 komberse, beddegoed, boeke, kombuisware,	Verskeie skenkers	Privaat	5 000.00

<b>Instelling wat geskenk/skenking ontvang het</b>	<b>Aard van skenking/geskenk/borgskap</b>	<b>Naam en adres van skenker</b>	<b>Verwantskap met personeellid</b>	<b>Randwaarde van geskenk/skenking</b>
	borduurwerk, klere vir aftreeoord, koppies, geskenkbewyse			
Lindelani Kinder- en Jeugsorgsentrum	Skryfbehoeftes en lekkers	Mnr en mev M Rousseau	Vrywilligers	6 000.00
Ander	Verskeie skenkings met 'n waarde van minder as R500 elk	Verskeie skenkers	Privaat	1 000.00
<b>Totaal</b>				<b>2 191 000.00</b>

## **Vrystellings en afwykings ontvang van die Nasionale Tesourie:**

Geen.

## **Gebeure na die verslagdoeningsdatum**

Die Uitvoerende Gesag het vroeë aftrede sonder penalisering vir 34 amptenare goedgekeur en verwerk en dit het die 2021/2022 en 2022/2023-boekjare geaffekteer.

## **Ander**

Geen.

## **Waardering en gevolgtrekking**

Namens die senior bestuur van die Departement wil ek graag alle DMO-personeel, veral diegene wat in die voorste linie van dienslewering werk, bedank vir hul onbaatsugtige en onvermoeide toewyding om dienste aan die armes en kwesbares van ons provinsie onder baie moeilike omstandighede te lewer. Dit het voortgesette dienslewering, ten spyte van beperkings op beweging en samekoms in ons kantore, verseker.

Ek wil ook al die OSW-vennootorganisasies bedank wat namens die Departement gehalte dienste aan die publiek verskaf het, onder veral moeilike omstandighede waarin ons 'n toename in aanvraag na maatskaplike dienste, kwesbaarheid en verhoogde voedselonsekerheid ervaar het. Dit ten spyte van beperkte staatsfinansiering en verminderde korporatiewe maatskaplike belegging van die private sektor.

Covid-19 het 'n ander benadering tot dienslewering vereis wat beide personeel en diensgebruikers beskerm. Die Departement sal voortgaan om met belanghebbendes saam te werk om doeltreffende dienste te verskaf aan almal wat dit nodig het, terwyl hulle by die veranderende omgewing aanpas.



---

Dr Robert Macdonald  
Rekenpligtige Beampte  
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling  
Datum: 11 November 2021

## 5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag

Na die beste van my kennis en wete bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak is, is konsekwent.
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en sonder enige weglatings.
- Die jaarverslag is voorberei volgens die jaarverslagriglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is opgestel in ooreenstemming met die gewysigde kontantstandaard en die toepaslike raamwerke en riglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die Rekenpligtige Beampste is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordele wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Die Rekenpligtige Beampste is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om redelike versekering te verskaf oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële jaarstate.
- Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die Finansiële Jaarstate uit te spreek.

Na my mening gee die jaarverslag 'n billike oorsig van die werksaamhede, die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële aangeleenthede van die Departement vir die boekjaar geëindig op 31 Maart 2021.

Die uwe



---

Rekenpligtige Beampste

Dr Robert Macdonald

Datum: 11 November 2021

## 6. Strategiese oorsig

### Visie

'n Selfstandige samelewing.

### Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste te verseker, wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig.

### Waardes

Die kernwaardes van die WKR, wat deur die Departement onderskryf word, is as volg:



#### Sorgsaamheid

Om om te gee vir diegene vir wie ons dien en met wie ons saamwerk



#### Bekwaamheid

Die vermoë en bevoegdheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is



#### Aanspreeklikheid

Ons aanvaar verantwoordelikheid



#### Integriteit

Om eerlik te wees en die regte ding te doen



#### Innovering

Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en vindingryk kreatiewe oplossings te ontwikkel



#### Diensbaarheid

Om die behoeftes van ons inwoners en werknemers te dien

Die DMO is verbind tot die volgende sleuteldiensleweringbeginsels:

#### **Innovering: Om anders te werk te gaan**

Die Departement sal daarna streef om alternatiewe en innoverende werkswyses te verken en te toets ten einde binne die korste moontlike tyd maksimum resultate te behaal sonder om gehalte in te boet.

#### **Oorlegpleging en insluiting**

Ons sal deurlopend bedag wees om sinvol met ons vennote en belanghebbendes in gesprek te tree, soos in die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudings omskryf word.

#### **Toeganklikheid**

Toeganklikheid van dienste aan diegene wat dit nodig, is noodsaaklik. Die Departement gaan voortgaan om, waar nodig, sy struktuur en prosesse oor die tydperk van die Mediumtermynuitgaweraamwerk (MTUR) te moderniseer.

#### **Aanspreeklikheid en deursigtigheid**

Institusionaliseer goeie samewerkende bestuur deur die implementering van uitkomsgebaseerde monitering, evaluering en verslagdoening, gesonde sakeprosesse, beleide en die verbetering van nakoming ten einde aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

## 7. Wetgewende en ander mandate

### Grondwetlike mandate

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	Artikel 28 (1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees.

### Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Kinderwet (38/2005)	<p>Hierdie wet is op 1 April 2010 deur 'n presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die regte en verantwoordelikhede van kinders;</li> <li>● Die verantwoordelikhede en regte van ouers;</li> <li>● Beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders;</li> <li>● Die bevordering van die welstand van kinders; en</li> <li>● Die konsolidasie van die wette rakende die welsyn en beskerming van kinders, asook vir die aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul> <p>Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof van April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die Wet. Die hof het bevind dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n versorger wat 'n wettige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma), as pleegouer aangestel kan word; en</li> <li>● nie die Kinderwet of die Wet op Maatskaplike Bystand of die regulasies daarvoor 'n ondersoek na die inkomste van die pleegouers vereis nie; daarom moet die finansiële situasie van die kinders wat versorging en beskerming benodig, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n wettige onderhoudsplig het, nie finansiël daartoe in staat is nie, moet hulle vir 'n pleegsorgtoelae aansoek doen.</li> </ul>
Kinderwysigingswet (17/2016) en Tweede Kinderwysigingswet (18/2016)	<p>Die Kinderwysigingswet (18/2016) wysig die Kinderwet, 2005 deur onder andere nuwe definisies in te voeg; om voorsiening te maak dat die verwydering van 'n kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel voor die verstryking van die volgende hofdag voor die kinderhof geplaas word vir hersiening; om voorsiening te maak vir die hersiening van 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwyder; om voorsiening te maak dat die Provinsiale Hoof van Maatskaplike Ontwikkeling 'n kind of 'n persoon van een vorm van alternatiewe sorg na 'n ander vorm van alternatiewe sorg oorplaas en om voorsiening te maak dat 'n aansoek dat 'n kind na die ouderdom van 18 jaar in alternatiewe sorg moet bly, ingedien word voor die einde van die jaar waarin die betrokke kind die ouderdom van 18 jaar bereik.</p> <p>Die Kinderwysigingswet (17/2016) wysig die Kinderwet, 2005 deur onder andere nuwe definisies in te voeg; voorsiening te maak dat 'n persoon wat skuldig bevind is aan sekere misdrywe as ongeskik geag word om met kinders te werk; bepaal dat die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie diens al die besonderhede van persone wat ongeskik bevind is om met kinders te werk, aan die Direkteur-generaal moet deurstuur; voorsiening te maak vir die hersiening van 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwyder; die omstandighede uit te brei ten opsigte van wanneer 'n kind aanneembaar is; en die uitwerking van 'n aannemingsbevel uit</p>

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
	te brei deur te bepaal dat 'n aannemingsbevel nie outomaties alle ouerlike verantwoordelikhede en regte van 'n ouer van 'n kind beëindig wanneer 'n aannemingsbevel ten gunste van die gade of permanente huishoudelike lewensmaat van daardie ouer toegestaan word nie en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Maatskaplikediensberoepes (110/1978, Gewysig 1995, 1996 & 1998)	Dié wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepes (SARMD) daargestel en omskryf die bevoegdhede en werksaamhede van die Maatskaplikediensteraad en -beroep.
Wet op Maatskaplikediensberoepes (110/1978): Regulasies met betrekking tot die registrasie van 'n spesialiteit in proefdienste (2013)	Hierdie regulasies wat in die Staatskoerant Regulasies No 36159, 15 Februarie 2013, Vol. 572 en No 9911 gepubliseer is, is daarop gemik om proefdienste te reguleer en te verbeter.
Wet op die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders (2/2019)	Om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n Kommissaris vir Kinders in die Wes-Kaap; vir aangeleenthede wat daarmee verband hou en maak voorsiening vir sekere aangeleenthede wat op daardie kantoor betrekking het.  Artikel 78 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, vestig die kantoor van 'n provinsiale Kommissaris vir Kinders en bepaal dat die Kommissaris die Wes-Kaapse regering moet bystaan om die regte, behoeftes en belange van kinders in die Provinsie te beskerm en te bevorder.
Wysigingswet op Proefdienste (35/2002)	Die doel daarvan is om die Wet op Proefdienste, 1991, te wysig deur sekere definisies in te voeg om: <ul style="list-style-type: none"> <li>● verdere voorsiening te maak vir programme wat gemik is op die voorkoming en bekamping van misdaad;</li> <li>● die bevoegdhede en pligte van proefbeamptes uit te brei;</li> <li>● voorsiening te maak vir die pligte van assistent-proefbeamptes;</li> <li>● voorsiening te maak vir die verpligte assessering van gearresterde kinders;</li> <li>● voorsiening te maak vir die daarstelling van 'n proefadvieskomitee;</li> <li>● voorsiening te maak vir die aanwysing van familie-opspoorers; en</li> <li>● voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul>
Wet op Gesinsgeweld (116/1998)	Die doel van hierdie Wet is om slagoffers van gesinsgeweld maksimum beskerming teen huishoudelike mishandeling te bied.
Wet op Ouer Persone (13/2006)	Hierdie wet, wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, het ten doel om die bemagtiging en beskerming van ouer persone met insluiting van hul status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit, sowel as die bekamping van die mishandeling van ouer persone, te bevorder. Die Wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>● Wysheid en vaardighede van ouer persone;</li> <li>● Ouer persone se deelname aan gemeenskapsaangeleenthede;</li> <li>● Regulering van die registrasie van dienste vir ouer persone; en</li> <li>● Daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone.</li> </ul> In teenstelling met die Wet op Bejaarde Persone (Wet 81 van 1967) het die klem vanaf institusionele versorging na gemeenskapsgebaseerde versorging verskuif ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (70/2008)	Hierdie wet lê bepalings neer vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die gebied van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde en vroeëintervensieprogramme, sowel as die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.
Wet op Kindergeregtigheid (75/2008)	Hierdie wet stel 'n proses vir strafregpleging daar vir kinders wat daarvan beskuldig word dat hulle misdrywe begaan het en het ten doel om die regte van kinders te beskerm.
Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) (6/2012)	Hierdie wet wysig die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik te bepaal dat die oplê van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die howe oorgelaat word, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013)	Hierdie wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel (veral vroue en kinders) te voorkom, te onderdruk en te straf, en vul sodoende die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan.
Wet op 'n Raamwerk vir Interregeringsverhoudings (13/2005)	Hierdie wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk.
Wet op Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (54/2008)	Die doel van hierdie wet is om koördinerende rakende aangeleenthede in verband met jeugontwikkeling te skep en te bevorder.
Wet op Maatskaplike Bystand (13/2004)	Hierdie wet maak voorsiening vir die verlening van maatskaplike bystand aan persone, en die meganisme vir die verlening van sodanige bystand; die instelling van 'n inspektoraat vir maatskaplike bystand; en om voorsiening te maak vir ander verwante aangeleenthede.
Wet op Fondsinsameling (107/78)	Hierdie wet maak voorsiening vir beheer oor die insameling van bydraes van die publiek; die aanstelling van 'n Direkteur van Fondsinsameling; die skep van 'n Rampverligtingsfonds, 'n Suid-Afrikaanse Weermagfonds en 'n Vluchtelingnoodlenigingsfonds; die verklaring van sekere ramp toestande as rampe en ander sake wat daarmee verband hou.
Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk (OSW), Wet 71 van 1997	Die Wet is bedoel om 'n bemagtigende omgewing en regulatoriese raamwerk vir nie-winsgewende organisasies te skep wat aan die diverse behoeftes van die bevolking voldoen en voldoende standaarde van bestuur, deursigtigheid en openbare aanspreeklikheid handhaaf. Die OSW-wet herroep sekere gedeeltes van die Wet op Fondsinsameling, 1978.
Wet op Rampbestuur (57/2002)	Hierdie wet maak voorsiening vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuursbeleid (met die klem op die voorkoming of vermindering van die risiko van rampe, die vermindering van die erns van rampe, noodgereedheid, vinnige en effektiewe reaksie op rampe en herstel na rampe); die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums; vrywilligers vir rampbestuur; en ander toevallige aangeleenthede.
Wysigingswet op Rampbestuur (16/2015)	Hierdie Wet dien om die Wet op Rampbestuur, 2002 (primêre wetgewing wat rampbestuur in Suid-Afrika behandel) te wysig om sekere definisies te vervang en in te voeg; om beleidsfokus op rehabilitasie en funksionering van rampbestuursentrums te verduidelik; om sekere funksies te bely; om voorsiening te maak vir staatsorgane om die rampbestuurstrukture by te staan; om

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
	voorsiening te maak vir 'n uitgebreide rapporteringstelsel met betrekking tot inligting oor gebeurtenisse wat tot die verklaring van rampe lei en wat deur staatsorgane geïmplementeer word, uitgawes aan reaksie en herstel, aksies met betrekking tot risikovermindering en besondere probleme wat ondervind word in die hantering van rampe; om verslagdoening oor die implementering van beleid en wetgewing met betrekking tot ramprisikovermindering en bestuur van toegekende befondsing aan munisipale en provinsiale interregeringsforums wat ingevolge die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 gestig is, te versterk; om die verteenwoordiging van tradisionele leiers te versterk; om die inhoud van rampbestuurplanne uit te brei om die uitvoer van ramprisikobeoordelings vir funksionele gebiede en die kartering van risiko's, gebiede en gemeenskappe wat kwesbaar is vir rampe in te sluit; om maatreëls te voorsien om die risiko van rampe te verminder; om voorsiening te maak vir regulasies oor rampbestuuronderrig, opleiding en navorsingsake en verklaring en klassifikasie van rampe; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Geestesgesondheidsorg (17/2002)	Hierdie wet maak voorsiening vir die versorging, behandeling en rehabilitasie van persone wat geestesongesteld is; verskillende prosedures uiteensit wat gevolg moet word in die toelating van sulke persone en om voorsiening te maak vir die versorging en administrasie van die eiendom van geestesongestelde persone.

## Kernfunksies van die Departement

Die Departement is tot die volgende twee kernfunksies verbind:

- 'n Maatskaplike welsynsdiens aan die armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies; en
- 'n Gemeenskapsontwikkelingsdiens wat volhoubare ontwikkelingsprogramme verskaf wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer.

## Beleidsmandate

Beleid	Impak op funksionaliteit van die DMO
Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTR) 2019-24	Hierdie MTR is die regering se implementeringsplan en moniteringsraamwerk vir die bereiking van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030-prioriteite vir die tydperk 2019-2024. Die implementeringsplan fokus op sewe prioriteite en verwante intervensies, terwyl die geïntegreerde moniteringsraamwerk fokus op monitering en uitkomste, aanwysers en teikens vir die verwesenliking van prioriteite. Die MTR 2019-2024 bevorder belyning, koördinerende en volle integrasie van alle ontwikkelingsbeplanningsinstrumente in 'n geïntegreerde raamwerk.
Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030 (2012)	Die NOP het ten doel om armoede uit te skakel en ongelykheid teen 2030 te verminder. Volgens die plan kan Suid-Afrika hierdie doelwitte verwesenlik deur die energie van sy mense te benut, 'n inklusiewe ekonomie te laat groei, individuele vermoëns te ontwikkel, die kapasiteit van die staat te verbeter en leierskap en vennootskappe in die gemeenskap te bevorder.
Een Kaap 2040. Van visie na optrede (2012)	Die WKR het hierdie visie en strategie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie oor hoe die mense van die Wes-Kaap kan saamwerk om hul streekeconomie en gemeenskap in die algemeen te ontwikkel en in die proses riglyne vir beplanning en optrede te implementeer om 'n gemeenskaplike verbintenis en aanspreeklikheid tot volgehoue langtermynvordering te bevorder.

Beleid	Impak op funksionaliteit van die DMO
Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019 -24	Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se visie en prioriteite uiteensit en bou op die grondslae wat gedurende die laaste twee ampstermyne in plek gestel is. Die WKR verbind hom tot die bou van 'n waarde-gebaseerde bevoegde staat wat geleenthede moontlik maak en verantwoordelikheid bevorder in 'n veiliger Wes-Kaap. Die visie – 'n Veilige Wes-Kaap waar almal voorspoedig is – word uitgedruk in die vyf visiegeïnspireerde strategiese prioriteite wat vir die tydperk 2019-2024 geïdentifiseer is, naamlik Veilige en samehorige gemeenskappe, Groei en werksgeleenthede, Bemagtiging van mense, mobiliteit en ruimtelike transformasie en Innovering en Kultuur.
Herstelplan vir die Wes-Kaap (2021)	Hierdie plan is 'n erkenning van, en reaksie op die Covid-19-pandemie en die negatiewe sosio-ekonomiese uitwerking op die burgers van die Wes-Kaap. Dit identifiseer die probleme wat 'n dringende reaksie van die hele samelewing vereis om werk te skep, veilige gemeenskappe te bevorder en die welstand van al die inwoners van die Wes-Kaap te bevorder. Hierdie plan sal geïmplementeer word binne die bestek van die vyf visiegeïnspireerde strategiese prioriteite wat in die PSP (2019-24) uitgedruk word.
Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997)	Die Witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur rigtinggewende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynstelsels te verskaf.
Witskrif oor Bevolkingsbeleid (1998)	Die Witskrif bevorder volhoubare menslike ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikans deur die integrasie van bevolkingskwessies in ontwikkelingsbeplanning in die verskillende sfere van die regering en alle sektore van die samelewing. Die Departement het 'n mandaat om die implementering van die beleid en die impak daarvan op bevolkingstendense en dinamika in die konteks van volhoubare menslike ontwikkeling te monitor.
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Beleid oor die Befondsing van Nie-regeringsorganisasies vir die Voorsiening van Maatskaplike Welsyn en Gemeenskapsontwikkelingsdienste (2015) soos gewysig in 2017	Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige wyse bestuur word wat aanspreeklikheid, toegang, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder om die DMO in staat te stel om sy missie, naamlik om 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste te vestig wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes bemagtig, te verwezenlik.
Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2013)	Die hoofdoel van hierdie Witskrif is om gesinswelstand aan te moedig, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk, en gesinskweptes deel van die hoofstroom van regeringswye beleidmakingsinisiatiewe te maak. Die Departement het 'n provinsiale plan opgestel vir die implementering van die Witskrif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Gesinsdiensteforum aanvaar is.
Raamwerk vir Maatskaplike Welsynsdienste (2013)	Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk is belym met die Model vir Geïntegreerde Dienslewering en maak voorsiening vir 'n gestandaardiseerde proses deur middel waarvan maatskaplike werkers generiese maatskaplike welsynsdienste sal lewer wat van die verlangde gehalte is en wat omvattend, geïntegreer, op regte gebaseer en goed toegerus is.
Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplike Welsynsdienste (2013)	Verskaf die maatstawwe vir die voorsiening van maatskaplike welsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplike welsynsdienste.
Nasionale Dwelmeesterplan 2019-2024 (2019)	Die plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomstig die Wet op Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008) te koördineer. Die doel daarvan is om te verseker dat die land oor 'n eenvormige respons ten opsigte van middelmisbruik beskik.
<b>Supervisie Raamwerk vir die Maatskaplikewerk-professie in Suid-Afrika (2012)</b>	Verskaf die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, maatskaplikewerkstudente, maatskaplikehulpwerkers, leerlingmaatskaplikehulpwerkers, maatskaplikewerkspesialiste en privaat praktisyns ten einde bekwame professionele maatskaplikewerkpraktyke te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.

Beleid	Impak op funksionaliteit van die DMO
Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsynsdienste (W5) (2012)	Hierdie nasionale raamwerk sit 'n konsekwente stelsel en duidelike standaard vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplike welsynsdienste en die deuropende verbetering daarvan uiteen.
Nasionale Jeugbeleid 2020-2030 (2021)	Die Nasionale Jeugbeleid 2020-2030 (NYP 2030) is 'n kruis sektorale beleid wat daarop gemik is om positiewe jeugontwikkelingsuitkomst vir jongmense op plaaslike, provinsiale en nasionale vlakke in Suid-Afrika te bewerkstellig. Hierdie beleid bou voort op Suid-Afrika se 1ste en 2de Nasionale Jeugbeleid wat die tydperk 2009-2014 en 2015-2020 dek. Die beleid erken dat prioritisering van hulpbronne jeugontwikkeling, jeugopvoeding, ekonomiese deelname sowel as fisiese en geestelike gesondheid moet insluit. Die gewenste uitkoms van die beleid is bemagtigde jeug wat toegerus is met inligting, kennis en vaardighede wat hulle in staat stel om geleenthede aan te gryp en effektief verantwoordelikheid te neem om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n demokratiese en welvarende Suid-Afrika.
'n Jeugontwikkelingstrategie vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013)	Om die jeugontwikkelingsprogramme en prioriteite van die Departement te lei, toe te lig en te rig om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanninginstrument wat daarop gemik is om in die behoeftes van jongmense in die Wes-Kaap te voorsien.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013)	Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingstrategie is om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol ontwikkel in verantwoordelike, onafhanklike, stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voorjeugfase tussen 10 en 14 jaar en die "jeug"-fase tussen 15 en 24.
Provinsiale Strategie vir Geïntegreerde Vroeëkindertontwikkeling 2011-2016 (2011)	Die strategie maak toegang moontlik tot VKO van hoë gehalte (Graad R ingesluit) wat soveel as moontlik kinders in staat stel om die veerkrag, selfvertroue, vaardighede en bevoegdhede te verwerf wat seker maak dat hulle goed toegeruste en voorbereide leerders van Graad 1-12 is.
Beleid oor Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Persone met Gestremdhede (2017)	Die hoofdoel is om die lewering van hoofstroom-maatskaplikeontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede te rig en te koördineer. Dit het ten doel om te verseker dat die waardigheid en regte van persone met gestremdhede beskerm word en aan voldoen word deur die voorsiening van toepaslike sosio-ekonomiese programme en dienste waardeur hul insluiting verseker sal word.
Beleidsraamwerk – Dienste aan Persone met Intellektuele Gestremdhede (2015)	Die doel van die raamwerk is die lewering van gekoördineerde en vaartbelynde dienste aan persone met intellektuele gestremdhede (PMIG) deur verskillende provinsiale departemente/sectore om 'n persoonsesentreerde benadering tot PMIG en hul gesinne te verseker deur die profiel van behoeftes van die PMIG en toepaslike departementele rolle, verantwoordelikhede en potensiele befondsingsmodelle oor sektore heen te bepaal om aan die geïdentifiseerde behoeftes te voldoen.
Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (PROR) (2014)	Die raamwerk dien as 'n basis vir die koördinerende, integrerende en belyning "op die grond" lewering van nasionale en provinsiale departementele programme; ondersteun munisipaliteite om hul munisipale beplanningmandaat in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale agendas na te kom; ondersteun en kommunikeer die regering se ruimtelike ontwikkelingsvoornemens aan die private sektor en die burgerlike samelewing.
Beleid oor die evaluering, vrylating en herintegrering van gevonnise inwoners in DMO-kinder- en jeugsorgsentrusse in minder beperkende alternatiewe of ouerlike sorg (2014)	Hierdie beleid bied riglyne vir die evaluering, vrylating en herintegrering van gevonnise inwoners in kinder- en jeugsorgsentrusse deur minder beperkende alternatiewe sorg plasinge soos voor voorsiening gemaak in Hoofstuk 11 van die Kinderwet, Wet 38 van 2005, Regulasies.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Standaard Bedryfsprosedures (SBP) vir die Verwydering van Straatkinders na 'n Plek van Veiligheid en Daaropvolgende Prosesse (2015)	Die SBP is 'n stap-vir-stap gids oor hoe om 'n straatkind wat sorg en beskerming nodig het na 'n plek van veiligheid weg te neem. Dit gee 'n uiteensetting van die rolle en verantwoordelikhede van die Departement se personele en ander belanghebbendes in die OSW en polisieëre sektore.

Beleid	Impak op funksionaliteit van die DMO
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Strategie vir Verbetering van Kindersorg- en Beskermingsdienste (2015)	Die strategie is ontwikkel om die risiko's wat met die implementering van die statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet gepaardgaan tot 'n minimum te beperk. Die strategie identifiseer die onderliggende oorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te takel.
Gehalteversekeringsraamwerk vir prestasiemonitering van maatskaplike welsyn en gemeenskapontwikkeling dienslewering (2015)	Hierdie provinsiale raamwerk is belyd met die nasionale gehalteversekeringsraamwerk vir maatskaplike welsyn (2013) en stel omvattende prestasiemonitering deur 'n gehalteversekeringsbenadering vir gemeenskapontwikkeling en maatskaplike welsynsdienste in die Departement sowel as die OSW-sektor in hierdie provinsie voor. Dit fokus ook op gehalteverbetering in dienslewering, definieer die standaarde van diensuitnemendheid en hoe dit gemonitor en bestuur moet word.
'n Gehalteversekeringsprotokol vir kinder- en jeugsorgsentrusms 2016-2018 (2016)	Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op wetgewende administratiewe nakoming, voldoende korporatiewe bestuur en voldoening aan registrasie en Nasionale Norme en Standaarde vereistes vir KJSS'e.
Nasionale Geïntegreerde Vroeëkindertontwikkelingsbeleid (2015)	Hierdie beleid is daarop gemik om dienslewering vir vroeëkindertontwikkeling in Suid-Afrika te transformeer, veral om kritieke leemtes aan te spreek en om die voorsiening van 'n omvattende, ouderdom-en-ontwikkelingsstadium-toepaslike gehalte vroeëkindertontwikkelingsprogram te verseker, toeganklik vir alle babas, jongmense, kinders en hul versorgers soos beoog in die NOP.
Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en jeugsorgsentrusms (KJSS'e) (2016)	Hierdie strategie beheer die voorsiening van 'n voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg en relevante sentrumgebaseerde programme regdeur die provinsie, in ooreenstemming met die Provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begroftings-toewysings en beskikbaarheid van infrastruktuur.
Wes-Kaapse regering se Strategiese Raamwerk vir Huishoudelike Voedsel en Voeding (2016)	Die Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Voedselsekerheid en Voeding teiken spesifieke tekortkominge van die huidige voedselstelsel om te verseker dat dit al die inwoners van die Wes-Kaap bedien. Die Strategiese Raamwerk artikuleer uitkomstige en doelwitte wat programme verbind met die vermindering van hongersnood en verbeterings in gesondheid, voeding en produktiwiteit om al die inwoners van die Wes-Kaap te ondersteun om aktiewe en produktiewe lewens te lei.
Wes-Kaapse regering Hele-samelewing-benadering (WoSA) tot Sosio-ekonomiese Ontwikkeling (2018)	Die WoSA beoog veilige, sosiaal verbonde, veerkragtige en bemagtigde burgers en gemeenskappe met billike toegang tot maatskaplike dienste en geleenthede. Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir geïntegreerde en innoverende sosiale ontwikkeling in 'n gefaseerde benadering. Dit is ontwikkel met die doel om ooreenkoms te verkry oor die nuwe manier om sosiale ontwikkeling te bevorder deur 'n "Hele-samelewing-benadering".
Witskrif oor die Regte van Mense met Gestremdhede (2015)	Die Witskrif onderskryf 'n hoofstroombaan vir die verwesenliking van die regte van Persone met Gestremdhede deur die skepping van 'n vrye en regverdigde samelewing wat Persone met Gestremdhede as gelyke burgers insluit. Dit lei en moedig selfvertegenwoordiging van persone met gestremdhede aan.  Dit skets breedweg die verantwoordelikhede en aanspreeklikhede deur middel van negatiewe strategiese pilare wat belanghebbendes belas met die verantwoordelikhede om die voortgesette sistemiese diskriminasie en uitsluiting wat deur persone met gestremdhede ervaar word, uit te wis. Dit lei die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (WKDMO) om hindernisvrye, toepaslike, doeltreffende en gekoördineerde dienslewering te verskaf.
Gestremdheidhoofstroomstrategie 2015 - 2020 (2015)	Die WKDMO-hoofstroomstrategie vir gestremdhede is 'n vyfjaar-strategiese plan wat die Departement lei in die gebruik van hoofstrooming as 'n strategie om die verskuiwing van gestremdheidskwessies van die periferie na die middelpunt van bespreking regdeur die Departement se dienslewering te bespoedig.
Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (2020)	Hierdie plan het ten doel om 'n multisektorale, samehangende strategiese beleid en programmeringsraamwerk te verskaf om 'n gekoördineerde nasionale reaksie op die krisis van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord deur die regering van Suid-Afrika en die land te versterk. Die

Beleid	Impak op funksionaliteit van die DMO
	strategie poog om die behoeftes en uitdagings wat almal in die gesig staar aan te spreek, veral vroue van verskillende ouderdomme, seksuele oriëntasie, seksuele en geslagsidentiteite en spesifieke groepe soos bejaarde vroue, vroue wat met gestremdheid leef, migrerende vroue en transvroue wat deur die vlag van geslagsgebaseerde geweld in Suid-Afrika geraak word.

## **Tersaaklike hofuitsprake**

### **Wes-Kaapse Forum vir Intellektuele Gestremdheid: Hofbevelsaaknommer: 18678/2007**

Die uitspraak is op 11 November 2010 gelewer en die Wes-Kaapse Regering is beveel om redelike maatreëls vir die opvoedkundige behoeftes van ernstig en diep gestremde kinders te voorsien. Ter nakoming van die hofbevel maak die departement voorsiening vir die salarisse van die versorgers en projekimplementeerders van verstandelik gestremde kinders by dagsorgsentrums en befonds die veilige vervoer van hierdie kinders na en vanaf die sentrums.

### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinsiale Afdeling – Pretoria) in verband met kinders met diepliggende gedragsprobleme, saaknommer 73662/16**

'n Hofbevel is op 2 Augustus 2018 uitgereik wat die Nasionale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Onderwys beveel om voorsiening te maak vir die toepaslike alternatiewe sorg, geestesgesondheidsdienste en opvoedkundige behoeftes van kinders met ernstige of diepliggende ontwrigtende gedragsversteurings. 'n Intersektorale projekbestuurskomitee is gestig om maatreëls in te stel om die situasie aan te spreek deur die ontwikkeling van 'n intersektorale beleid en implementeringsplan.

### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Afdeling – Pretoria) in verband met Pleegsorg, saaknommer 72513/2017**

'n Tussentydse hofbevel is op 29 November 2017 uitgereik wat die Nasionale en Provinsiale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling sowel as die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) beveel om voort te gaan met die uitvoering van betaling en bestuur van meer as 200 000 pleegsorgbevele wat in November 2017 sou verval. Ten einde 'n omvattende wetlike oplossing vir die pleegsorgstelsel te bied, is die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) (binne 15 maande vanaf die bevel) opdrag gegee om die nodige wysigings aan die Kinderwet, 2005, en/of die Wet op Maatskaplike Bystand, 2014, voor te berei en in werking te stel. Verder is enige pleegsorgbevel wat ten tyde van hierdie hofbevel verval het, geag geldig te wees vir 24 maande. Hierdie hofbevel het op 28 November 2019 verval.


### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaap) in verband met slagoffers van Geslagsgebaseerde Geweld, saaknommer SS17/2017**

Uitspraak is op 21 September 2017 gelewer en het die WKR se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling opdrag gegee om toepaslike langtermyn monitering, berading en nasorgdienste vir slagoffers van seksuele misdrywe te lewer. Daarbenewens moet die Departement verseker dat departement-befondsde dienste wat deur OSW's verskaf word, aan hul diensvlakkooreenkomste voldoen.

### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Afdeling – Pretoria) in verband met die pleegsorgstelsel, saaknommer 55477/2020**

Uitspraak is op 12 November 2020 gelewer en het die Nasionale en Provinsiale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling sowel as die SASSA gelas om voort te gaan met betaling en bestuur van pleegsorgbevele wat sedert November 2019 verval het. Die NDMO is opdrag gegee (binne 12 maande na die bevel), om die nodige wysigings aan die Kinderwet, 2005, voor te berei en in werking te stel. Verder is enige pleegsorgbevel wat ten tyde van hierdie hofbevel verval het, geag geldig en in plek te wees vir 12 maande vanaf die datum van die hofbevel of totdat die kind 18 jaar oud word. Daarbenewens is die Provinsiale DMO aangesê om drie maandelikse verslae oor die vordering van die aangeleentheid in te dien.

## 8. Organisasoriese struktuur<sup>1</sup>



## 9. Instellings wat aan Minister/LUR verslag doen

Nie van toepassing.

<sup>1</sup> Op 31 Maart 2021.

## Deel B: Prestasie-inligting

### 1. Verslag van Ouditeur-generaal: Voorafbepaalde doelwitte

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) voer tans sekere ouditprosedures ten opsigte van prestasie-inligting uit om redelike sekerheid in die vorm van 'n ouditbevinding te verskaf. Die ouditbevinding oor prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word in die verslag aan bestuur ingesluit, met geen wesentliche bevindinge wat onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die Verslag oor ander wetlike en regulatoriese vereistes-afdeling van die ouditeur se verslag gerapporteer word nie.

Verwys na bladsy 185 van die Verslag van die Ouditeur-generaal in Deel E: Finansiële inligting.

### 2. Oorsig oor Departementele prestasie

#### 2.1 Diensleweringssomgewing

Die breër sosio-ekonomiese impak van Covid-19 en daaropvolgende inperkingsmaatreëls op individue, huishoudings en gemeenskappe is 'n sleutelfaktor wat die prioritering van dienste bepaal. In ooreenstemming hiermee is die implementering van die Provinsiale Brandpuntgebied-strategie in samewerking met vooraanstaande provinsiale departemente, soos Gesondheid en Onderwys, en die versekering van personeel- en kliënteviligheid deur voortdurend die belangrikheid van sosiale distansiering, die dra van maskers en ontsmetting van hande en oppervlaktes te versterk.

Die Wes-Kaap se bevolking word in 2021 geraam op 7,1 miljoen<sup>2</sup> en bestaan uit meer as 2 miljoen huishoudings met 'n gemiddelde huishoudingsgrootte van 3,4 lede. Voor die staat van inperking was die werkloosheidsyfer in die provinsie 20,9 persent. 'n Toename in werkloos wat nie werk soek nie is sedertdien waargeneem. Indien die uitgebreide definisie van werkloosheid gebruik word, wat die werkloos wat nie werk soek nie insluit, het werkloosheid gegroei van 24,8 persent in die eerste kwartaal van 2020 tot 26,8 persent teen die vierde kwartaal.<sup>3</sup> Die Nasionale Inkomste Dinamiese Studie (NIDS)-Coronavirus Blits Mobiele-opname (CRAM) Golf 3 Data toon 'n merkbare toename in huishoudings wat honger ly gedurende die laaste drie maande van 2020.

Werksverliese en groeiende werkloosheid tydens die staat van inperking het die risiko van voedselonsekerheid en hongersnood in beide die metro- en nie-metrogebiede van die Provinsie verhoog, met baie huishoudings wat nie vir hulself en hul gesinne kon voorsien nie. In reaksie hierop het die Departement voortgegaan om maaltye aan geteikende begunstigdes by sy voedingslokale en CNDC's te verskaf. Die Departement het ook gedurende die oorsigjaar die gemeenskapskombuise ondersteun en kragte saamgesnoer met OSW's en munisipaliteite om voedselonsekerheid te takel. Daarbenewens is maatreëls in werking gestel om die toemaak van OSW's te vermy of die impak daarvan te beperk. Inperkingsmaatreëls het ook die vermoë van haweloses om hul bestaande skuilplek te benut, negatief beïnvloed. Die Departement het voortgegaan om met munisipaliteite saam te werk in die verskaffing van ondersteuning aan hierdie tydelike skuilings, die uitbreiding van bedruimte in sy befondsde skuilings in stand te hou en psigososiale ondersteuning en herenigingsdienste aan hawelose volwassenes en hul gesinne te verskaf.

Covid-19 het ook 'n beduidende impak op die welstand en veerkragtigheid van gesinne gehad, soos duidelik blyk uit die merkbare toename in die aanvraag na psigososiale ondersteuningsdienste in die 2020/21-boekjaar. Die uitwerking van Covid-19 en die inperkingsmaatreëls op kinders is kommerwekkend. 'n Geskatte 2,013 miljoen kinders tussen die ouderdomme van 0 en 17 jaar, ongeveer 'n derde van die bevolking, woon in die Wes-Kaap. Die Provinsie se 0 tot 4 jaar ouderdomskohort bestaan uit ongeveer 564 068 kinders.<sup>2</sup> Kinders in die Provinsie se mees kwesbare en gemarginaliseerde gebiede staan 'n hoë risiko van

<sup>2</sup> Statistics South Africa (2021). *Mid-Year Population Estimates MYPE base year 2020*.

<sup>3</sup> Statistics South Africa (2021). *Quarterly Labour Force Survey QLFS Q4:2020*.

mishandeling en geweld in die gesig. Hierdie problem word weerspieël in die voorkoms van kindermoord<sup>4</sup> en seksuele viktisasie.<sup>5</sup> Die kwesbaarheid van hierdie kinders het toegeneem as gevolg van groeiende voedselonsekerheid in huishoudings<sup>6</sup> wat lei tot 'n hoër risiko van beperkte groei by kinders, wanvoeding en verwaarlosing in vergelyking met die tydperk voor Covid-19. 'n Verdere risiko vir kinders is die moontlike onderrapportering en laat opsporing van gevalle van kinders wat sorg en beskerming nodig het weens die sluiting van skole en vroeëkinderonwikkelingsentrums gedurende die staat van inperking.

Die Departement het sy statutêre mandaat ten opsigte van kindersorg en beskerming uitgevoer en sy doeltreffendheid verbeter deur die koördinerende van voorkomings- en vroeë intervensiedienste via die geïntegreerde Isibindi-program wat instap-sentrums, naskoolsorgsentrum, skakeling met die Isibindi-program, die ontwikkeling van veerkrachtigheid deur hegte familiebande en die ontwikkeling van dienste insluit. Die sluiting van vroeëkinderonwikkelingsentrums tydens die inperkingsperiode het kinders selfs nog meer kwesbaar gemaak en hierdie uiters belangrike dienslewering sektor verswak. In die lig hiervan het kwessies soos veiligheid, kognitiewe ontwikkeling en voeding die fokus van VKO-intervensies gebly. Dit is ondersteun deur VKO-registrasie- en herregistrasie-sentralisasie om fasiliteit- en programhalte te standaardiseer, die uitbreiding van VKO-dienste deur die VKO-voorwaardelike toewysing en die gespesialiseerde leerderondersteuningsprogram wat voorsiening maak vir arbeidsterapie, spraakterapie en verwante gespesialiseerde ondersteuning in die VKO omgewing om skoolgereedheid te verseker. Ten spyte van Covid-19 wat die fasilitering van VKO-fasiliteitopgraderings die afgelope jaar ernstig belemmer het, is 14 fasiliteite opgegradeer. Die oorblywende gedeelte van die Voorwaardelike Toelae is heraanwend. Die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het toestemming verleen vir die voorsiening van PBT om die gesondheid en welstand van kinders en fasiliteitspersoneel en die implementering van die VKO stimuluspakket te verseker.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2,4 miljoen jongmense tussen die ouderdom van 15 en 34 jaar. Werkloosheid, maatskaplike patologieë (soos dwelmmisbruik en bende- en verwante aktiwiteite), die negatiewe uitwerking van die inperkingsmaatreëls op die onderwys en min werksgeleenthede tesame met 'n swak Suid-Afrikaanse ekonomie het steeds 'n negatiewe impak gehad.

Hierdie risikofaktore beïnvloed die welstand van die jeug in die Provinsie en versterk die belangrikheid van die Departement se fokus op jeugontwikkeling deur die verskaffing van vaardighede, opleiding en persoonlike ontwikkelingsgeleenthede, wat aanlyn-opleiding sowel as posprofilering van jeug wat jeugkafees bywoon, gaan insluit. Die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) is 'n sleutelprogram wat daarop gemik is om vaardighedsopleiding en inkomsteverligting deur tydelike werk aan werkloos te verskaf. Die program poog om 'n vorm van maatskaplike beskerming op die kort tot mediumtermyn te bied deur die skepping van werksgeleenthede binne die OSW-sektor.

Jeugmisdadigers is 'n kernbekommernis vir die Provinsie, spesifiek die jeug wat by geweldsmisdadige betrokke is. Volgens die Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD) se misdadigheidsstatistiek vir 2019/20 (2020) is 12 polisie kantore in die Provinsie ingesluit in die lys van die top 30 polisie kantore in die land vir die aanmelding van moord wat deur kinders tussen die ouderdom van 10 en 17 jaar gepleeg is. Dit sluit polisie stasies in die Kaapse Metro sowel as gebiede buite die Metro in.

---

<sup>4</sup> Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), 2019. Interne Analise van SAPD Kindermoorddata in die Wes-Kaap 2013-2018.

<sup>5</sup> Wes-Kaapse departement van maatskaplike ontwikkeling (2018). 'n Evaluering van Psigo-Sosiale Ondersteuningsdienste, befonds deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, vir Slagoffers van Seksuele Misdrywe by geselekteerde Thuthuzela-sorgsentrum in die Wes-Kaap. Interne verslag saamgestel deur Petro Brink en Faheemah Esau.

<sup>6</sup> Direktoraat Navorsing, Bevolking en Kennisbestuur (2020). Groei honger as gevolg van COVID-19? – Die DSD-ervaring. Ongepubliseerde verslag.

Wat ouer persone betref, woon daar 494 469 persone van 65 jaar en ouer in die Wes-Kaap<sup>2</sup> (in 2021). Daar word voorspel dat hierdie getal na 722 254 teen 2030<sup>7</sup> gaan groei. Die Departement het voortgegaan om toegang tot gehalte maatskaplike ontwikkelingsdienste vir ouer persone te verseker deur die verskaffing van onafhanklike lewensbestaan en lewensondersteuning, verswakte versorging en toepaslike gemeenskapsgebaseerde intervensies. Die Departement het terselfdertyd daarna gestreef om te verseker dat die waardigheid en regte van ouer persone beskerm word. Die Departement het ook voortgegaan om Covid-19-infeksiestoerse te monitor en gesondheids- en veiligheidsprotokolle by residensiële fasiliteite regoor die provinsie te ondersteun.

Die Departement het voortgegaan met sy regstellingsintervensies ter ondersteuning van persone met gestremdhede. Dit het die hoofstroming, ondersteuning en bevordering van die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers, sodat hulle bemagtig word en 'n gelyke geleentheid het om in alle sferes van die lewe deel te neem, ingesluit. In die lig van die kwesbaarheid van persone met gestremdhede te midde van die Covid-19-pandemie, het die Departement voortgegaan om Covid-19-infeksiestoerse te monitor en gesondheids- en veiligheidsprotokolle by residensiële fasiliteite regoor die provinsie te ondersteun.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap bly kommerwekkend. Die getal aangemelde gevalle van moord in die provinsie het byvoorbeeld toegeneem van 2 308 in 2010/11 na 3 975 in 2019/20 (SAPD, 2020). Daar was 'n voorkomssyfer van 40,3 (vir 2010/11) en 57,8 (vir 2019/20) per 100 000 van die bevolking. In vergelyking hiermee het die voorkomssyfer van moord vir die land as geheel van 31,3 per 100 000 in 2010/11 (15 983 sake) na 36,3 per 100 000 (21 325 sake) in 2019/20 toegeneem. Van verdere kommer vir die Wes-Kaap is dat ag polisiestasies in die provinsie ingesluit is in die SAPD se misdaadstatistieke (2020)-ranglys van die top 30 stasies wat die hoogste koers van kontakmisdaad gerapporteer het.

Seksuele misdrywe<sup>8</sup> wat met geslagsgebaseerde geweld (GGG) verband hou, was verantwoordelik vir 6,4 persent (7 303) van hierdie kontak misdade in die 2019/20-boekjaar. Verdere ontleding van die SAPD se misdaadstatistieke vir 2019/20 dui daarop dat die nasionale koers vir seksuele misdrywe 90,6 per 100 000 van die bevolking is (53 293 voorvalle) terwyl die Wes-Kaapse koers heelwat hoër is op 106,2 per 100 000 (7 303 voorvalle) van die bevolking<sup>9</sup>. Op nasionale vlak was verkragting die mees algemene tipe seksuele misdryf wat aangemeld is, met 42 289 voorvalle wat nasionaal aangemeld is. In die Wes-Kaap is 4 877 seksuele misdrywe in 2019/20 aangemeld vergeleke met 4 649 in 2018/19. Die toename van 4,9 persent in verkragting in die provinsie van 2018/19 na 2019/20 is kommerwekkend aangesien die verslagdoeningstendens in voorafgaande jare 'n afwaartse neiging getoon het.

Ook kommerwekkend is die SAPD (2020)<sup>8</sup> misdaadstatistiekverslag wat aandui dat die top ag stasies in die lys van die top 30 stasies in die land wat seksuele aanranding gerapporteer het in die Wes-Kaap is. Berigte van 'n toename in geslagsgebaseerde geweld, veral huishoudelike geweld tydens die inperkingsperiode, het die kwesbaarheid van vroue, veral dié in huishoudings wat groter sosio-ekonomiese druk ondervind, uitgelig. Geweld teen vroue en kinders vind dikwels as gevolg van dwelmmisbruik plaas. Die Departement gaan dus voortgaan om dwelmgebruikversteuring-dienste te lewer. Hierdie dienste sluit 'n reeks voorkomings-, vroeë intervensie-, behandeling- en nasorgdienste in vir die effektiewe herintegrasie van kliënte in hul gemeenskappe van herkoms en die gemeenskap in die algemeen. Die Departement gaan voortgaan met inisiatiewe om die skadelike uitwerking van fetale alkoholspektrumversteuring (FASD) by kinders te takel. Die Departement gaan voortgaan met die verskaffing van dwelmgebruikversteuring voorkomings- en behandelingsprogramme in al sy KJSS'e en hierdie dienste uitbrei na GGG-skuilings en skuilings vir hawelose volwassenes. 'n Aansienlike toename in slagoffers van GGG wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry, is tydens die

---

<sup>7</sup> DMO Provinsiale Bevolking-eenheid (PBE), 2021. *Eerste Semester Bevolkingsraming ESBR basisjaar 2020 met PBE se eie voorspelling en berekenings (PBEEsBR2020.4)*.

<sup>8</sup> SAPS, 2020. *Annual Crime Statistics 2019/2020*.

<sup>9</sup> SAPS Annual Crime Statistics (2020) en interne ontleding van gerapporteerde misdaaddata deur die Direkoraat Navorsing en Inligtingsbestuur.

Covid-19-inperking waargeneem vergeleke met die vorige boekjaar. GGG-intervensies wat deur die Departement geïmplementeer is, sluit die aanstelling van maatskaplike werkers wat ondervinding het met die takeling van GGG in. Hulle moes bystand verleen ten opsigte van die verskaffing van terapeutiese ondersteuning aan slagoffers van seksuele misdaad, die ontplooiing van OSW maatskaplike werkers na geïdentifiseerde polisiestasies in die 11 misdaadbrandpuntgebiede, die voortgesette befondsing van skuilings vir mishandelde vroue en hul kinders (insluitend die ses bykomende skuilings wat gedurende die 2020/21-boekjaar in werking gestel is), slagoffers van mensehandel en seksuele geweld en die integrasie van GGG-voorkomingsopleiding in oueropvoeding en opleidingsprogramme in al die DMO-KJSS'e.

Ten einde te verseker dat OSW-vennote steeds kon registreer tydens die inperkingsperiode, het die Departement voortgegaan om instap- en aanlyn-ondersteuning aan OSW's te verskaf via die DMO Provinsiale Hulptonbank en die Departement gaan voortgaan om kapasiteitsbou-intervensies uit te voer om hierdie OSW's by te staan.

## 2.2 Diensleweringverbeteringsplan

Die Departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) vir twee kerndienste opgestel:

- Kerndiens een: Kindersorgbeskerming – Prestasiemonitering van toegewyde kinderbeskermingsorganisasies; en
- Kerndiens twee: Pleegsorgbestuur – Werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers.

Die onderstaande tabelle lig die teikens van die diensleweringverbeteringsplan en die prestasies tot dusver uit.

### Hoofdiens en standaarde

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
<b>Kwalitatiewe teikens</b>				
<b>Kindersorgbeskerming – Prestasiemonitering van toegewyde kinderbeskermingsorganisasies</b>	Befondsde kinderbeskerming organisasies sonder winsoogmerk (OSW's)	Alle befondsde KBO's vir die 2019/20-boekjaar het hul kwartaallikse vorderingsverslae ingedien wat deur die programbeleidsontwikkelaars geassesseer is en voldoening is aan die programbestuur, sowel as aan die onderskeie KBO's, gerapporteer. 115 KBO's is in die 2019/20-boekjaar befonds, behalwe in kwartaal 2 waar 116 KBO's befonds is. Een KBO, naamlik ACVV Calitzdorp, het egter in September 2019 gesluit.	Programbeleidontwikkelaars beoordeel die kwartaallikse vorderingsverslae van alle OSW's en doen verslag oor nakoming van programbestuur en aan die betrokke OSW's (waar toepaslik/ nodig).	115 kinderbeskermingsorganisasies (KBO's) is vir die 2020/21-boekjaar befonds en almal het hul kwartaallikse vorderingsverslae ingedien. Hierdie verslae is deur die programbeleidsontwikkelaars beoordeel en voldoening is aan die programbestuur sowel as aan die onderskeie KBO's gerapporteer.
		Die moniteringsplan vir 2019/20 is op 16 April 2019 goedgekeur en gedurende die jaar weens die volgende redes gewysig: ● Gedurende kwartaal 2 is die moniteringsplan op 12 Augustus 2019 gewysig en goedgekeur weens die kansellering van die beplande besoek aan Worcester Ekumeniese Gemeenskapsdiens (WEG) wat oorspronklik vir 2 - 4 September	'n Moniteringsplan vir 2020/21 word teen 1 April 2020 ingestel en word soos nodig gewysig in ooreenstemming met risiko's geïdentifiseer uit die kwartaallikse vorderingsverslae wat deur die OSW's ingedien is en ter plaatse moniteringsbesoeke.	Weens die Covid-19-pandemie en die regulasies van die nasionale rampoestand is 'n uitvoerende besluit geneem dat ter plaatse monitering nie in die 2020/21-boekjaar uitgevoer sal word nie. Dus is 'n ter plaatse moniteringsplan vir 2020/21 nie goedgekeur nie.

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		<p>2019 geskeduleer was omdat die kontrak met WEG slegs vir die tydperk 1 April - 30 September 2019 onderteken is. Hierdie terreinbesoek is deur KWSA Grabouw vervang.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Gedurende kwartaal 3 is die moniteringsplan gewysig en op 14 November 2019 goedgekeur om voorafbepaalde ter plaatse moniteringsbesoeke van vier KBO's te akkommodeer.</li> </ul>		
		Altesaam 52 KBO's is in die verslagtydperk geskeduleer en gemonitor in ooreenstemming met die goedgekeurde 2019/20-moniteringsplan en die SBP vir prestasiemonitering van maatskaplike welsynsdienste.	OSW's word gemonitor in ooreenstemming met hierdie plan (soos gewysig) en die SBP vir prestasiemonitering van maatskaplike welsynsdienste.	'n Uitvoerende besluit is vroeër in die 2020/21-boekjaar geneem waarvolgens besluit is dat ter plaatse monitering nie sal plaasvind nie. Geen KBO's is dus geskeduleer om gedurende 2020/21 gemonitor te word nie.
		Daar is regstellende maatreëls vir al die KBO's wat nie aan die norme en standarde en/of vergaderingteikens voldoen nie. KBO's wat onlangs uitgewys is dat hulle nie aan die norme en standarde voldoen nie, het ingestem tot die implementering van hierdie regstellende maatreëls.	Daar is regstellende maatreëls vir al die OSW's wat nie aan die norme en standarde en/of vergaderingteikens voldoen nie.	Daar is regstellende maatreëls vir al die KBO's wat nie in die 2019/20-boekjaar aan die norme en standarde en/of vergaderingteikens voldoen nie. Daar is egter as gevolg van die Covid-19-pandemie en die inperkingsregulasies in 2020/21 geen KBO ter plaatse besoeke uitgevoer nie en dus is daar nie nuwe regstellende maatreëls vir 2020/21 opgestel nie.

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		Al 90 die KBO's met regstellende maatreëls wat in die 2019/20-boekjaar uitgevoer moes word, moes kwartaalliks in hul vorderingsverslae verslag lewer. 61 uit die 90 het in hul vorderingsverslae vir kwartaal 4 van 2019/20 verslag gelewer oor die uitsette van hul regstellende maatreëls. Daar word verwag dat die oorblywende 29 organisasies in hul 2020/21 kwartaal 1-vorderingsverslae verslag gaan lewer oor hul regstellende maatreëls.	Daar word kwartaalliks in die OSW-vorderingsverslae verslag gelewer oor regstellende maatreëls uitsette.	Daar is kwartaalliks in die KBO vorderingsverslae verslag gelewer oor die 2019/20 regstellende maatreëls uitsette. Daar het teen die 4de kwartaal 60 KBO's met bestaande 2019/20 regstellende maatreëls oorgebly en hierdie organisasies het almal verslag gelewer oor hul regstellende maatreëls uitsette.
		Al die befondsde KBO's het hul kwartaallikse vorderingsverslae vir die 2019/20-boekjaar ingelewer. Hierdie verslae is deur die programbeleidsontwikkelaars geëvalueer en voldoening aan die vereistes is aan die programbestuur en betrokke KBO's gerapporteer. 115 KBO's is in die 2019/20-boekjaar befonds, behalwe in kwartaal 2 toe 116 KBO's befonds is. Een KBO, ACVV Calitzdorp, het egter in September 2019 ontbind.	Programbeleidsontwikkelaars ontleed die vorderingsverslae van al die OSW's en lewer kwartaalliks aan programbestuur en onderskeie OSW's terugvoering oor voldoening aan vereistes (waar toepaslik/nodig).	115 KBO's is vir die 2020/21-boekjaar befonds en elkeen van hulle het hul kwartaallikse vorderingsverslae ingelewer. Hierdie verslae is deur die programbeleidsontwikkelaars geëvalueer en voldoening aan die vereistes is aan die programbestuur en betrokke KBO's gerapporteer.
		Gedurende die 2019/20-boekjaar is KBO's wat versuim het om aan die vereistes te voldoen nie na die DMO se IKB-eenheid verwys nie, aangesien die oorhoofse assesserings nie verwysing na die IKB genoodsaak het nie. Die KBO's wat nie aan die vereistes voldoen het nie sal egter steeds deur die	Al die OSW's wat nie aan die vereistes van die regstellende maatreëls voldoen nie word na die DMO se IKB-eenheid vir verdere ondersteuning verwys.	Gedurende die 2020/21-boekjaar is drie KBO's wat nie aan die vereistes voldoen het nie na die DMO se IKB-eenheid verwys. Kinderwelsyn Suid-Afrika (KWSA), Paarl, KWSA Napier en Worcester Ekumeniese Gemeenskapdiens is in die eerste twee kwartale na die IKB-

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		programbeleidsontwikkelaars gemonitor word.		eenheid verwys. In die derde kwartaal is KWSA, Paarl en Worcester Ekumeniese Gemeenskapdiens weer verwys. Daar is nie enige nuwe KBO's in die vierde kwartaal na die IKB-eenheid vir ondersteuning verwys nie.
<b>Kwantitatiewe teikens</b>				
<b>Kindersorgbeskerming – Prestasiemonitering van toegewyde kindersbeskermingsorganisasies</b>	Befondsde Kinderbeskerming Organisasies Sonder Winsoogmerk (OSW's)	Al die befondsde KBO's het hul kwartaallike vorderingsverslae vir die 2019/20-boekjaar ingelewer. Hierdie verslae is deur die programbeleidsontwikkelaars geëvalueer en voldoening aan die vereistes is aan die programbestuur en die onderskeie KBO's gerapporteer. 115 KBO's is gedurende die 2019/20-boekjaar befonds, behalwe in kwartaal 2 toe 116 KBO's befonds is. Een KBO, ACVV Calitzdorp, het egter in September 2019 ontbind.	Programbeleidsontwikkelaars evalueer die kwartaallike vorderingsverslae van al die OSW's en lewer aan programbestuur en die onderskeie OSW's (waar toepaslik/nodig) verslag oor voldoening aan die vereistes.	115 KBO's is in die 2020/21-boekjaar befonds en elkeen van hulle het hul kwartaallike vorderingsverslae ingelewer. Hierdie verslae is deur die programbeleidsontwikkelaars geëvalueer en voldoening aan die vereistes is aan die programbestuur en die onderskeie KBO's gerapporteer.
		Die moniteringsplan vir 2019/20 is op 16 April 2019 goedgekeur. Wysigings aan die plan is op 12 Augustus 2019 en 14 November 2019 goedgekeur.	'n Moniteringsplan vir 2020/21 word teen 1 April 2020 goedgekeur en kwartaallike hersienings word goedgekeur.	In die lig van die Covid-19-pandemie en die Nasionale Ramptoestand inperkingsregulasies is 'n uitvoerende besluit geneem dat ter plaatse monitering nie in die 2020/21-boekjaar sal plaasvind nie. Daar is dus nie 'n ter plaatse moniteringsplan vir 2020/21 goedgekeur nie.
		52 KBO's is in die verslagdoeningstydperk geskeduleer en gemonitor in	36 OSW's is in ooreenstemming met hierdie	Ter plaatse monitering kon as gevolg van die Covid-19-pandemie en die

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		ooreenstemming met die goedgekeurde 2019/20-moniteringsplan en die SBP vir prestasiemonitering van maatskaplike welsynsdienste.	plan gemonitor (onderhewig aan hersiening).	gepaardgaande inperkingsregulasies nie tydens die 2020/21-boekjaar plaasvind nie.
		Daar is regstellende maatreëls vir al die KBO's wat nie die norme en standarde nakom en/of teikens bereik nie. Al die KBO's wat vir die eerste keer geïdentifiseer is dat hulle nie aan die norme en standarde voldoen nie het ingestem tot die regstellende maatreëls wat geneem moet word.	Daar word met al die OSW's wat vir die eerste keer geïdentifiseer is dat hulle nie aan die norme en standarde voldoen nie eenstemmig oor die regstellende maatreëls bereik.	Daar is as gevolg van die Covid-19-pandemie en die gepaardgaande inperkingsregulasies geen KBO-besoeke gedoen nie. Daar bestaan dus nie enige nuwe regstellende maatreëls vir die 2020/21-boekjaar nie.
		Al 90 KBO's met regstellende maatreëls in die 2019/20-boekjaar moes kwartaalliks in hul vorderingsverslae verslag lewer. Uit die 90 het 61 organisasies vir kwartaal 4 van 2019/20 in hul vorderingsverslae verslag gelewer oor hul regstellende maatreëls uitsette. Daar word verwag dat die oorblywende 29 organisasies in hul 2020/21 kwartaal 1-vorderingsverslae verslag gaan lewer oor hul regstellende maatreëls.	Al die OSW's met regstellende maatreëls het kwartaalliks in hul vorderingsverslae oor hul regstellende maatreëls verslag gelewer.	Daar is kwartaalliks in die KBO-vorderingsverslae verslag gelewer oor die 2019/20 regstellende maatreëls uitsette. Daar het teen die 4de kwartaal 60 KBO's met bestaande 2019/20 regstellende maatreëls oorgebly en elkeen van hulle het oor hul regstellende maatreëls uitsette verslag gelewer.
		Gedurende die 2019/20-boekjaar is KBO's wat versuim het om aan die vereistes te voldoen nie na die DMO se IKB-eenheid verwys nie aangesien die oorhoofse assesserings nie verwysing na die IKB genoodsaak het nie. Die KBO's wat nie aan die vereistes voldoen het nie gaan egter steeds deur die	A die OSW's wat nie die regstellende maatreëls implementeer nie word na die DMO se Institusionele Kapasiteitsbou (IKB)-eenheid vir verdere ondersteuning verwys.	Drie KBO's wat nie aan die vereistes voldoen het nie is gedurende die 2020/21-boekjaar na die DMO se IKB-eenheid verwys. In die eerste twee kwartale is KWSA, Paarl, KWSA, Napier en Worcester Ekumeniese Gemeenskapdienste na die IKB-

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		programbeleidsontwikkelaars gemonitor word.		eenheid verwys. In die derde kwartaal is KWSA, Paarl en Worcester Ekumeniese Gemeenskapdiens weer verwys. Daar is in die vierde kwartaal geen nuwe KBO's vir verwysing na die IKB-eenheid geïdentifiseer nie.
Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
<b>Kwalitatiewe teikens</b>				
<b>Pleegsorgbestuur – Werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers</b>	Veiligheids- en pleegouers	Al die streke het Werwings- en Keuringsplanne geïmplementeer.	Elke streek het 'n gedokumenteerde Werwings- en Keuringsplan.	Al die streke het Werwings- en Keuringsplanne wat in werking gestel is.
		<p>Die streke het aangedui dat altesaam 577 veiligheids- en pleegouers gedurende die 2019/20-boekjaar gewerf is. Uit die 577 wat gewerf is, het altesaam 471 (81,6 persent) die keuringsproses geslaag. Sommige van die algemene uitdagings wat tydens die keuring van veiligheids- en pleegouers ondervind is, was:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Tekort aan voornemende veiligheidsouers wat bereid is om pleegsorg te verleen aan kinders met gedragsprobleme en tieners;</li> <li>● Jong volwassenes en ander in die gemeenskap stel nie daarin belang om as veiligheids-/pleegouers te dien en om verantwoordelikheid vir ander mense se kinders te aanvaar nie;</li> </ul>	Streke werf Veiligheids- en Pleegouers wat die keuring slaag.	<p>Die streke het aangedui dat altesaam 350 veiligheids- en pleegouers gedurende die 2020/21-boekjaar gewerf is. Uit die 350 wat gewerf is, het altesaam 284 (81,1 persent) die keuringsproses geslaag. Sommige van die algemene uitdagings wat tydens die keuring van veiligheids- en pleegouers ondervind is, was:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Covid-19-inperkingsregulasies het werwing ernstig belemmer in die vorm van werwingsvergaderings wat gekanselleer is, agterstande in die keuringsprosesse en mense wat bang was om kinders wat dalk positief vir Covid-19 getoets het in hul huise te verwelkom;</li> </ul>

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		<ul style="list-style-type: none"> <li>● Voornemende veiligheidsouers werk en kan nie die opleiding gedurende die week bywoon nie;</li> <li>● Dit het tydens die keuringsproses aan die lig gekom dat sommige van die voornemende veiligheidsouers wat hulself beskikbaar gestel het ongeskik was as gevolg van faktore soos oorvol huishoudings, dwelmmisbruik deur lewensmaat of mense wat saam met die gesin woon, armoede, die generasiegapings en aansoekers met kriminele rekords;</li> <li>● Mense is nie bereid om as veiligheidsouers op te tree nie weens die lang wagtydperk vir die betaling van veiligheidsfooie;</li> <li>● Keuringsuitdagings het meestal verband gehou met vertraagde uitkoms van Vorm 30-aansoeke van die NDMO-kantoor; en</li> <li>● Werwingsvergaderings wat gedurende die vierde kwartaal gekanselleer is weens sosiale distansiëring wat tydens die nasionale staat van inperking opgelê is.</li> </ul>		<ul style="list-style-type: none"> <li>● Die vertraging van Vorm 30-klarings van NDMO en die feit dat daar vir polisieklarings betaal moet word, bly 'n uitdaging vir keuring van die voornemende veiligheids-/pleegouers; en</li> <li>● Dit het tydens die keuringsproses aan die lig gekom dat sommige van die voornemende veiligheidsouers wat hulself beskikbaar gestel het ongeskik was as gevolg van faktore soos beperkte leefruimte of lewensmaats/ander lede van huishoudings met kriminele rekords vir ernstige geweldsmisdade of dwelmmisbruikprobleme.</li> </ul>

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		AGAPE is 'n OSW wat deur DMO gekontrakteer is om opleiding en ondersteuning te verskaf aan die nuutgewerfde en bestaande veiligheids- en pleegouers ten opsigte van hul spesifieke program en hul oordragbetalingsooreenkoms.	'n OSW wat opleiding en ondersteuning bied aan die nuutgewerfde en bestaande veiligheids- en pleegouers ten opsigte van hul spesifieke program en hul oordragbetalingsooreenkoms.	Twee OSW's, AGAPE en Iris House het opleiding en ondersteuning verskaf aan die nuutgewerfde en bestaande veiligheids- en pleegouers ten opsigte van hul spesifieke programme en hul oordragbetalingsooreenkoms.
		AGAPE het vier kwartaallike verslae vir die 2019/20-boekjaar voorgelê. Die jaareindverslag is in die kwartaalverslag vir die 4de kwartaal geïnkorporeer waar die vordering en tendense opgesom is.	OSW hersien vordering en tendense ten opsigte van die werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers en stel kwartaallike verslag en jaareindverslag op.	AGAPE het vier kwartaallike verslae vir die 2020/21-boekjaar voorgelê. Sy jaareindverslag is in die kwartaalverslag opgeneem waar die vordering en tendense opgesom is. Iris House het 'n verslag vir die 4de kwartaal voorgelê aangesien hy eers in daardie kwartaal die diens begin lewer het.
		'n Provinsiale databasis van opgeleide veiligheids- en pleegouers word kwartaalliks bygewerk. Dit is laas op 10 Maart 2020 bygewerk.	'n Provinsiale databasis van opgeleide veiligheids- en pleegouers word bygewerk.	'n Provinsiale databasis van opgeleide veiligheids- en pleegouers word kwartaalliks bygewerk. Dit is laas op 10 Maart 2021 bygewerk.
<b>Kwantitatiewe teikens</b>				
<b>Pleegsorgbestuur – Werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers</b>	Veiligheids- en pleegouers	'n Provinsiale databasis van opgeleide veiligheids- en pleegouers word kwartaalliks bygewerk. Dit is laas op 10 Maart 2020 bygewerk.	'n Provinsiale databasis van opgeleide veiligheids- en pleegouers word bygewerk.	'n Provinsiale databasis van opgeleide veiligheids- en pleegouers word kwartaalliks bygewerk. Dit is laas op 10 Maart 2021 bygewerk.
		Al die streke het werwings- en keuringsplanne wat in werking gestel is.	Elke streek het 'n gedokumenteerde werwing- en keuringsplan (insluitend teikens wat vir 2021/22 gestel is).	Al die streke het werwings- en keuringsplanne wat in werking gestel is.
		Altesaam 471 veiligheids- en pleegouers het keuring geslaag en hul besonderhede is aan AGAPE	Streke werf en keur veiligheids- en pleegouers en gee hul besonderhede deur	Altesaam 284 veiligheids- en pleegouers het keuring geslaag en hul besonderhede is aan

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		<p>deurgegee vir opleiding in die 2019/20-boekjaar. Uit die 471 veiligheids- en pleegouers wat keuring geslaag het, is 175 (62,5 persent van 280) in die 2019/20-boekjaar opgelei. Opleiding sal in die 2020/21-boekjaar voortgesit word vir diegene wat dit nie in 2019/20 kon bywoon nie.</p>	<p>aan die OSW vir opleiding (in ooreenstemming met teikens in 2020/21-plan).</p>	<p>AGAPE (regdeur die jaar) en Iris House (vanaf die 4de kwartaal) deurgegee vir opleiding in die 2020/21-boekjaar. Uit die 284 veiligheids- en pleegouers wat keuring geslaag het, is 123 (31,9 persent van die OBO-teikens van 385) in die 2020/21-boekjaar opgelei. Opleiding sal in die 2021/22-boekjaar voortgesit word vir diegene wat dit nie in 2020/21 kon bywoon nie.</p>
		<p>AGAPE het opleiding en ondersteuning aan 175 (van die 2019/20 jaarlikse teiken van 280, 62,5 persent) nuwe veiligheids- en pleegouers en 743 (van die 2019/20 jaarlikse teiken van 700, 106 persent) bestaande veiligheids- en pleegouers verskaf. Sommige van die uitdagings rondom die opleiding van nuwe veiligheidsouers was:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Sommige vergaderings en opleiding wat gedurende die laaste kwartaal geskeduleer is, is as gevolg van die Nasionale Ramptoestand en sosiale distansiëring gekanselleer;</li> <li>● Lae bywoningsyfer as gevolg van vervoeruitdagings;</li> <li>● Sommige veiligheidsouers het geglo dat 'n volle week se opleiding te lank is om hul huishouding sonder toesig te laat, aangesien hulle</li> </ul>	<p>'n OSW wat opleiding en ondersteuning aan die nuutgewerfde en bestaande veiligheids- en pleegouers (teikens per OBO) verskaf.</p>	<p>AGAPE het opleiding en ondersteuning aan 116 (van hul 2020/21 jaarlikse teiken van 305, 38 persent) nuwe veiligheids- en pleegouers en 234 (van hul 2020/21 jaarlikse teiken van 1 130, 20,7 persent) bestaande veiligheids- en pleegouers verskaf. Iris House het opleiding en ondersteuning aan sewe (van hul 2020/21 jaarlikse teiken van 80, 8,8 persent) nuwe veiligheids- en pleegouers verskaf.</p> <p>Van die uitdagings rondom opleiding en die verskaffing van ondersteuning was:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Gedurende die 1ste en 2de kwartaal kon werwing en opleiding nie in die Metrostreke plaasvind nie, aangesien Kaapstad die episentrum van die Covid-19-pandemie was.</li> </ul>

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		<p>kindersorgverantwoordelikhede het; en</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Diensleweringstakings bly 'n uitdaging en het 'n uitwerking op die werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers gehad.</li> </ul>		<ul style="list-style-type: none"> <li>● Die meeste opleidingsgeleenthede is as gevolg van die inperkingsregulasies, rotasiepersoneel by DMO-kantore en kantoorluitings as gevolg van infeksies wat die vervoer van studente geaffekteer het gekanselleer en herskeduleer vir later in die boekjaar.</li> <li>● Die identifisering van geskikte lokale vir opleiding was 'n uitdaging gedurende die Covid-19-pandemie, aangesien munisipaliteite al die besprekings by lokale gekanselleer het.</li> <li>● Sommige streke het berig dat voornemende ouers nie bereid was om opgelei te word nie weens lang wagperiodes en sommige was nie bereid om die diens gedurende die Covid-19-pandemie te lewer nie.</li> </ul>
		<p>AGAPE het vier kwartaallike verslae vir die 2019/20-boekjaar voorgelê. Die jaareindverslag is in die verslag van die 4de kwartaal geïnkorporeer waar die vordering en tendense opgesom is.</p>	<p>OSW evalueer vordering en neigings ten opsigte van die werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers en stel 'n kwartaallike verslag en 'n jaareindverslag op.</p>	<p>AGAPE het vier kwartaallike verslae vir die 2020/21-boekjaar voorgelê. Sy jaareindverslag is in die verslag van die 4de kwartaal geïnkorporeer waar die vordering en tendense opgesom is. Iris House het 'n verslag van die 4de kwartaal</p>

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/Werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
				voorgelê, aangesien hy die diens eers in daardie kwartaal begin het.

**Batho Pele-reëlins met begunstigdes (konsultasie, toegang ens.)**

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
<b>Kindersorgbeskermingsprestasie – monitering van toegewyde kinderbeskermingsorganisasies</b>		
<b>Konsultasie:</b>	<b>Konsultasie:</b>	<b>Konsultasie:</b>
<p>Die KSB-program het streeksafsprake met befondste kinderbeskerming OSW's en DMO streeksamptenare gedurende kwartaal 1 en kwartaal 4 van die boekjaar nagekom.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kwartaal 1: Die KSB-program het gedurende die verslagtydperk twee streeksafsprake met befondste KBO's en DMO-streeksamptenare nagekom. Die eerste skakeling was met Metro-Suid-organisasies op 17 April 2019 en die tweede skakeling was met Metro-Oos-organisasies op 15 Mei 2019. Die onderwerpe wat tydens hierdie afspraak bespreek is, sluit in: protokol oor die eenvormige geïntegreerde multi-agentskap verwysingsroete vir kinderbeskerming in die Wes-Kaap; protokol vir die beëindiging of onttrekking van maatskaplike welsynsdienste uit 'n bedryfsgebied; betaling van veiligheidsfooie standaard bedryfsprosedure; bestuur van ministeriële navrae; standaard bedryfsprosedure vir kanalisasie; versterking van herenigingsdienste; werwing, sifting, keuring en opleiding van veiligheids-/pleegouers; en Uniforme Befondsingsiklus (UBS)-proses.</li> <li>● Kwartaal 4: Die KSB-program het vyf uit ses geskeduleerde streeksafsprake met befondste KBO's en DMO-streeksamptenare nagekom: Eden Karoo: Uitgestel as gevolg van die Covid-19-pandemie; Metro-Noord: 3-4 Februarie 2020; Metro-Suid: 20-21 Februarie 2020; Metro-Oos: 10-12 Februarie 2020; Weskus: 17-18 Februarie 2020 en Wynland Overberg: 25-27 Februarie 2020. Die onderwerpe wat by hierdie afspraak bespreek is, het die volgende ingesluit: Kindersorg- en Beskermingsbeleid; Strategiese Fokus 2020-</li> </ul>	<p>Die KSB-program kom semester streeksafsprake met befondste kinderbeskerming OSW's en DMO streeksamptenare na.</p>	<p>Streeksafsprake is nie geskeduleer of uitgevoer nie as gevolg van die Covid-19-pandemie wat die implementering van beplande aktiwiteite vir die 2020/21-boekjaar beïnvloed het. 'n Uitvoerende besluit is geneem dat geen streeksafsprake gehou sal word nie, aangesien die inperkingsregulasies dit verbied het. Verder kon virtuele vergaderings nie gehou word nie, aangesien nie alle belanghebbendes die infrastruktuur daarvoor gehad het nie.</p>

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
<p>2025; Voorkoming en Vroeë Intervensie Strategie; Norme en Standaarde vir Hawelose Mense; UBS 2020/2021; Monitorings- en Evalueringsprosesse; Toesigraamwerk; KSB                      Aanwysingsprosesse 2020-2025; Pleegsorgbestuur en Thuthuzela Sorgsentrus.</p>		
<p>Die direktoraat het weens bedryfsvereistes slegs twee Provinsiale Kinders en Gesinne forum (PKGF) vergaderings vir die jaar gehou.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 16 Mei 2019: Bygewoon deur DMO en OSW-vertegenwoordigers. Die agenda het die volgende gedek:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Verwysingsraamwerk vir die Forum;</li> <li>- Statistiek oor die Kinderbeskermingsregister;</li> <li>- Derde Wysigingswetsontwerp op die Kinderwet;</li> <li>- DMO-fasiliteitsbestuur;</li> <li>- Veiligheid van maatskaplike werkers; en</li> <li>- VKO-fasiliteite.</li> </ul> </li> <li>● 14 Februarie 2020: Bygewoon deur DMO en OSW-vertegenwoordigers. Die agenda het die volgende gedek:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- 2020-2025 Strategiese Plan;</li> <li>- Wetgewende opdaterings;</li> <li>- Programme gebaseer op bewyse;</li> <li>- UBS-proses; en</li> <li>- Wes-Kaapse vlugtelinge.</li> </ul> </li> </ul>	<p>Forum van die Direktoraat Provinsiale Kinders en Gesinne word kwartaalliks gehou.</p>	<p>Kinders en Gesinne forums is nie geskeduleer nie en het ook nie plaasgevind nie as gevolg van die Covid-19-pandemie en die feit dat belanghebbendes nie vir aanlyn vergaderings beskikbaar was nie, aangesien sommige van hulle nie oor die nodige infrastruktuur vir virtuele vergaderings beskik het nie. Vroeër in die 2020/21-boekjaar is 'n uitvoerende besluit geneem dat geen afspraak gehou gaan word nie, aangesien Covid-19-inperkingsregulasies dit verbied het.</p>
<p>Die Batho Pele: Kliëntediensopnamehulpmiddel is ontwerp en word tans gebruik met die voorneme om dit in die 2020/21-boekjaar te loods. Dit kon as gevolg van bedryfseise nie in die 2019/20-boekjaar geloods word nie.</p>	<p>KSB befondste OSW's word teen Batho Pele-beginsels ondersoek en 'n verslag word saamgestel en aan Programbestuur gestuur.</p>	<p>Die Batho Pele: Kliëntediensopname is as gevolg van die Covid-19-inperkingsregulasies nie uitgevoer nie. Dit het die implementering van beplande aktiwiteite vir die 2020/21-boekjaar geaffekteer.</p>
<p><b>Toegang:</b></p> <p>Daar is toegewyde Kliëntesorghelpers by die Metro-Suid-, Metro-Noord-, Weskus-, Eden Karoo- en Kaapse Wynland Overberg-streke. Metro-Oos het 'n vakature vir 'n Kliëntesorghelpers wat teen Augustus 2020 aangestel moet word. Tans tree die Inligtingsbeampte in die rol op en is opgelei om alle kliënte met navrae en/klagtes by te staan. Daar is toegewyde Kliëntesorghelpers by die plaaslike kantore, behalwe by drie plaaslike kantore. Daar is vakatures by die</p>	<p><b>Toegang:</b></p> <p>Kliëntesorghelpers by elke streek- en plaaslike kantoor.</p>	<p><b>Toegang:</b></p> <p>Daar is toegewyde Kliëntesorghelpers by die Metro-Suid-, Metro-Noord-, Weskus-, Eden-Karoo- en Kaapse Wynland- en Overbergstreke. Metro-Oos het 'n vakature vir 'n Kliëntesorghelpers. Die pos is geadverteer, en onderhoude is afgesluit, maar die proses is</p>

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
Breederivier en Kaap Agulhas plaaslike kantore in die Kaapse Wynland en Overberg-streek en by die Knysna plaaslike kantoor in Eden Karoo. Die Kaapse Wynland, Overberg en Metro-Oos streke het aangedui dat hulle die vakante poste in die 2020/21-boekjaar gaan vul. Eden Karoo het aangedui dat die onderhoude vir die vakante pos as gevolg van die Covid-19-pandemie uitgestel is.		gestaak weens begrotingsbesnoeiings en die prioritisering van kritieke poste. Daar is toegewyde Kliëntesorghelpers by al die Metro-Oos, Metro-Suid, Metro-Noord en Weskus plaaslike kantore. Kaapse Wynland- en Overberg-streek het twee vakatures aangedui, naamlik by hul Langeberg- en Kaap Agulhas plaaslike kantore – die Langeberg Kliëntesorghelper-pos is verander na 'n Maatskaplike Hulpwerker (MHW)-pos en die Kaap Agulhas-pos is tydelik teruggetrek, in afwagting van terugvoering van DvdP. Die Eden Karoo-streek het 'n vakature vir 'n Kliëntesorghelper by sy Knysna plaaslike kantoor aangedui. Hierdie pos is geadverteer, en onderhoude is gevoer, maar die streek is ingelig dat die pos weens begrotingsbesnoeiings en die prioritisering van kritieke poste gekanselleer is.
Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.	Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.	Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.
Die OSW-hulptonbank is van Maandag tot Donderdag van 07:30 tot 16:00 in werking om navrae en klagtes te ontvang en te verwerk. Die hulptonbank werk op Vrydae met administratiewe take.	OSW-hulptonbank (instap of per telefoon) Maandag tot Vrydag 07:30 – 16:00.	Die OSW-hulptonbank was gedurende die eerste helfte van die 2020/21-boekjaar toe as gevolg van die Covid-19-inperkingsregulasies. Telefoniese/aanlyn dienste is egter wel aan 'n beperkte aantal organisasies gelewer. Die OSW-hulptonbank het op 1 Oktober 2020 heropen en al die gewone dienste is gelewer terwyl verseker is dat alle Covid-19-protokolle nagekom word.
Die naam en kontakbesonderhede van die KSB-beleidsontwikkelaar wat beskikbaar is om met vorderingsverslae en ander navrae te help, word in die OBO's met befondsde KBO's gegee. Die kontakbesonderhede van programbestuurders en	OSW's kan die programbestuurder en programdirekteur e-pos of skakel wanneer nodig.	Die naam en kontakbesonderhede van die KSB beleidsontwikkelaar wat beskikbaar is om met vorderingsverslae en ander navrae te help, word in die OBO's van befondsde KBO's gegee. Die kontakbesonderhede van

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
direkteure is op die webblad van die Wes-Kaapse DMO beskikbaar.		programbestuurders en direkteure is op die webblad van die Wes-Kaapse DMO beskikbaar.
M&E-amptenare lê ten minste een keer elke drie jaar beplande assesseringsbesoeke aan befondsde kinderbeskeringsorganisasies af. Onbefondsde organisasies word ook deur departementele amptenare gemonitor wanneer hulle om registrasie aansoek doen en elke drie jaar.	M&E-amptenare lê ten minste een keer in drie jaar beplande assesseringsbesoeke aan befondsde en onbefondsde kinderbeskeringsorganisasies af.	Vanweë die Covid-19-inperkingsregulasies is geen assesseringsbesoeke beplan of afgeleë nie.
Die KSB-program het streeksafsprake met befondsde kinderbeskerings OSW's en DMO-streeksamptenare gedurende kwartaal 1 en kwartaal 4 van die boekjaar nagekom. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kwartaal 1: Die KSB-program het gedurende die verslagtydperk twee streeksafsprake met befondsde KBO's en DMO-streeksamptenare nagekom. Die eerste skakeling was met Metro-Suid-organisasies op 17 April 2019 en die tweede skakeling was met Metro-Oos-organisasies op 15 Mei 2019. (Die onderwerpe wat by hierdie afspraak bespreek is, word onder Konsultasie gelys).</li> <li>• Kwartaal 4: Die KSB-program het vyf uit ses geskeduleerde streeksafsprake met befondsde KBO's en DMO-streeksamptenare nagekom: Eden Karoo: Uitgestel weens Covid-19-inperkingsregulasies; Metro-Noord: 3-4 Februarie 2020; Metro-Suid: 20-21 Februarie 2020; Metro-Oos: 10-12 Februarie 2020; Weskus: 17-18 Februarie 2020 en Wynland Overberg: 25-27 Februarie 2020. (Die onderwerpe wat by hierdie afspraak bespreek is, word onder Konsultasie gelys.)</li> </ul>	Semester streeksafsprake met befondsde kinderbeskerings OSW's.	Vanweë die Covid-19-inperkingsregulasies is geen streeksafsprake geskeduleer of nagekom nie. Dit het die implementering van beplande aktiwiteite vir die 2020/21-boekjaar geaffecteer. 'n Uitvoerende besluit is geneem dat geen streeksafsprake in 2020/21 gehou sal word nie. Verder was belanghebbendes nie beskikbaar vir virtuele vergaderings nie, aangesien nie almal oor die nodige infrastruktuur beskik het nie.

Huidige/werklike reëligns	Gewenste reëligns	Werklike prestasies
<b>Vergunning:</b>	<b>Vergunning:</b>	<b>Vergunning:</b>
Daar word nie van Kliëntesorgbeamptes by streeks- en plaaslike kantore verwag om KBO's met navrae of klagtes te help nie; hulle is opgelei om KBO navrae of klagtes na die Gemeenskapsontwikkelingspraktisyns en/of Assistent-gemeenskapsontwikkelingspraktisyns te verwys wat KBO's met navrae/klagtes help.	Kliëntesorgbeampte by elke streeks- en plaaslike kantoor is opgelei om OSW's met navrae of klagtes by te staan en verwys die navrae/klagtes na geskikte beamptes in die program.	Daar word nie van Kliëntesorgbeamptes by streeks- en plaaslike kantore verwag om KBO's met navrae of klagtes te help nie; hulle is opgelei om KBO navrae of klagtes na die Gemeenskapsontwikkelingspraktisyns en/of Assistent-gemeenskapsontwikkelingspraktisyns te verwys wat KBO's met navrae/klagtes help.
Die Departement het 'n OSW-hulptonbank wat OSW's met navrae of klagtes (instap of per telefoon) help en die navrae/klagtes na geskikte beamptes in die program verwys.	OSW-hulptonbank help OSW's met navrae of klagtes (instap of per telefoon) en verwys die navrae/klagtes na die geskikte beamptes in die program.	Die Departement het 'n OSW-hulptonbank wat OSW's met navrae of klagtes (instap of per telefoon) help en die navrae/klagtes na geskikte beamptes in die program verwys.
Die DMO SBP vir die hantering van navrae en klagtes is gereed.	Die DMO het 'n SBP vir die hantering van navrae en klagtes.	Die DMO SBP vir die hantering van navrae en klagtes is gereed.
Alle staatswerknemers is verbind tot die Gedragskode van die Staatsdiens.	Alle staatswerknemers is verbind tot die Gedragskode van die Staatsdiens.	Alle staatswerknemers is verbind tot die Gedragskode van die Staatsdiens.
Die naam en kontakbesonderhede van die KSB-beleidsontwikkelaar wat beskikbaar is om met vorderingsverslae en ander navrae te help, word in die OBO's met befondste DMOe KBO's verskaf.	Oordragbetalingsooreenkomste (OBO's) met befondste DMOe OSW's bevat die naam en kontakbesonderhede van die KSB beleidsontwikkelaar wat beskikbaar is om met vorderingsverslae en ander navrae te help.	Die naam en kontakbesonderhede van die KSB-beleidsontwikkelaar wat beskikbaar is om met vorderingsverslae en ander navrae te help, word in die OBO's met befondste DMOe KBO's verskaf.
<b>Openheid en deursigtigheid:</b>	<b>Openheid en deursigtigheid:</b>	<b>Openheid en deursigtigheid:</b>
Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.	Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.	Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.
Die Departement het Inligtingsbeamptes by die Metro-Suid-, Metro-Noord-, Metro-Oos-, Weskus- en Eden Karoo-streekkantore en by die DMO-hoofkantoor aangestel. Die Kaapse Wynland- en Overbergstreek het aangedui dat hul Inligtingsbeampte in April 2020 bedank het. Die pos gaan in die 2020/21-boekjaar geadverteer word.	Die Departement het Inligtingsbeamptes in al die streke en by die hoofkantoor ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) aangestel.	Die Departement het Inligtingsbeamptes by die Metro-Suid-, Metro-Noord-, Metro-Oos- en Eden Karoo-streekkantore aangestel. Die Kaapse Wynland het aangedui dat hul Inligtingsbeampte in Maart 2020 afgetree het en die Weskusstreek het aangedui dat hul Inligtingsbeampte in Desember 2020 bedank

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
		<p>het. Albei poste is in die 2020/21-boekjaar geadverteer en is in die proses om gevul te word.</p> <p>Die Direkteur-generaal van die Provinsie is in ooreenstemming met PAIA die aangestelde Inligtingsbeampte vir die Provinsie. Adjunk-inligtingsbeamptes is in al die streekkantore en by die hoofkantoor in ooreenstemming met PAIA aangestel.</p>
Die Departement se webtuiste word elke semester of wanneer nuwe inligting van die programme ontvang word opgedateer.	Die Departement se webtuiste word elke semester of wanneer nuwe inligting van die programme ontvang word opgedateer.	Die Departement se webtuiste word elke semester of wanneer nuwe inligting van die programme ontvang word opgedateer.
Die 2018/19 DMO-jaarverslag is in September 2019 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar.	DMO Jaarverslae word elke jaar in Augustus gepubliseer (dit sluit lyste in van befondste organisasies en oordragfondse wat ontvang is).	Die DMO se 2019/20-jaarverslag is op 30 Oktober 2020 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar ((insluitend lyste van befondste organisasies en oordragfondse ontvang).
Departementele strategiese dokumente is in Afrikaans, Engels en isiXhosa beskikbaar.	Departementele strategiese dokumente is in drie amptelike tale van die Provinsie beskikbaar.	Departementele strategiese dokumente is in Afrikaans, Engels en isiXhosa beskikbaar.
<b>Waarde vir geld:</b>	<b>Waarde vir geld:</b>	<b>Waarde vir geld:</b>
Befondste DMOe OSW-kindersorg- en -beskermingsdienste word verskaf in ooreenstemming met OBO's, wat voldoening aan Kinderwet se norme en standaarde, OSW-wet-bestuursvereistes en diensleweringsteikens insluit.	Befondste DMOe OSW-kindersorg- en -beskermingsdienste word verskaf in ooreenstemming met OBO's, wat voldoening aan Kinderwet se norme en standaarde, OSW-wet-bestuursvereistes en diensleweringsteikens insluit.	Befondste DMOe OSW-kindersorg- en -beskermingsdienste word verskaf in ooreenstemming met OBO's, wat voldoening aan Kinderwet se norme en standaarde, OSW-wet-bestuursvereistes en diensleweringsteikens insluit.
Al die befondste DMOe KBO's het die vereiste kwartaallikse vorderingsverslae vir die 2019/20-boekjaar verskaf.	Befondsde OSW's moet kwartaallikse vorderingsverslae verskaf.	Al 115 KBO's wat gedurende die 2020/21-boekjaar befonds is, het kwartaallikse vorderingsverslae ingelewer.
Regstellende maatreëls bestaan vir al die KBO's wat nie aan norme en standaarde voldoen en/of nie teikens bereik nie. Al die KBO's met regstellende maatreëls in die 2019/20-boekjaar moes kwartaalliks in die OSW-vorderingsverslae verslag doen. Daar is tans 90 KBO's met regstellende maatreëls. 61 uit die 90	Nienakomende befondste DMOe KSB OSW's is van regstellende maatreëls voorsien en moet kwartaalliks hieroor verslag lewer.	Regstellende maatreëls bestaan vir al die KBO's wat nie die vereistes in die 2019/20-boekjaar nagekom het nie en daar is hieroor verslag gelewer in die kwartaallikse vorderingsverslae. Geen KBO-besoeke is as

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
organisasies het in hul vorderingsverslae verslag gelewer oor hul regstellende maatreëls uitsette. 29 Organisasies het nie in kwartaal 4 verslag gelewer nie en sal na verwagting dit gedurende kwartaal 1 van 2020/21 doen.		gevolg van Covid-19-inperkingsregulasies afgelê nie en daar is dus geen regstellende maatreëls vir die 2020/21-boekjaar nie.
KBO's word deur die OBO's beskerm; hulle ontvang geld volgens 'n aktiveringskedule wat aan die befondsing-eenheid vir betalings voorgelê word.	OSW's word deur hul OBO's beskerm; hulle ontvang geld volgens 'n skedule.	KBO's word deur die OBO's beskerm; hulle ontvang geld volgens 'n aktiveringskedule wat aan die befondsing-eenheid vir betalings voorgelê word.
Geen KBO's is gedurende die jaar na die Departement se IKB-eenheid vir kapasiteitsbou verwys nie.	OSW's word, soos vereis, aan geleenthede vir kapasiteitsbou blootgestel.	Gedurende die 2020/21-boekjaar is drie KBO's wat nie aan die vereistes voldoen het nie na die DMO se IKB-eenheid verwys. In die eerste twee kwartale is KWSA, Paarl, KWSA, Napier en Worcester Ekumeniese Gemeenskapdienste na die IKB-eenheid verwys. In die derde kwartaal is KWSA, Paarl en Worcester Ekumeniese Gemeenskapdienste weer verwys. In die vierde kwartaal is geen nuwe KBO's geïdentifiseer om na die IKB-eenheid vir ondersteuning verwys te word nie.
Vir die 2019/20-boekjaar het die Departement subsidies aan MHW's, MW's, MW-toesighouers en -bestuurders, sowel as aan administratiewe personeel verskaf. Die administratiewe posbefondsing is egter eers vanaf 1 Julie 2020 aan geïdentifiseerde organisasies geïmplementeer. Weens finansiële beperkings kon die Departement nie al die administratiewe personeelposte befonds nie. Afhangend van die beskikbaarheid van fondse, sal die Departement dit oorweeg om meer administratiewe personeel by hul befondste DMOe vennote vir die 2020/21-boekjaar te befonds.	Die DMO verskaf subsidies vir MHW's, MW's, MW-toesighouers en -bestuurders en administratiewe personeel.	Die Departement het in die 2020/21-boekjaar subsidies vir MHW's, MW's, MW-toesighouers en -bestuurders en administratiewe personeel verskaf.
<b>Pleegsorgbestuur – Werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers.</b>		
<b>Konsultasie:</b> Die Pleegsorg-subprogram het die volgende streeksafsprake met befondste DMOe kinderbeskermingsorganisasies nagekom: <b>Kwartaal 1:</b> Kanalisasie-opleiding: Metro-Suid: 17 April 2019; Metro-Oos: 15 Mei 2019; Metro-Suid: 31 Mei 2019; Weskus: 3 Junie 2019; en Kaapse Wynland: 14 Junie 2019. Op 16 Mei 2019 is 'n	<b>Konsultasie:</b> Die program behels kwartaallike streeksafsprake met befondste DMOe kinderbeskerming OSW's.	<b>Konsultasie:</b> Die Provinsiale DMO-kantoor het as gevolg van die Covid-19-inperkingsregulasies nie fisiese streeksafsprake nagekom nie. In plaas daarvan was daar weeklikse MS Teams en e-pos kommunikasie met streekskoördineerders oor pleegsorgbestuursake en

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>Provinsiale Kinder- en Gesinneforum-bespreking oor pleegsorg in Metro-Suid gehou.</p> <p><b>Kwartaal 2:</b> Afsprake met betrekking tot pleegsorg-agterstand en besluite oor die uitdagings om pleegsorgbevele uit te brei: Metro-Oos: 2 September 2019; Metro-Noord: 1 September 2019; Metro-Suid: 30 September 2019; Weskus: 3 September 2019; Wynland en Overberg: 4 September 2019 en Eden Karoo: 7 September 2019.</p> <p><b>Kwartaal 3:</b> Metro-Oos: 7 Oktober 2019: Ouerskapvaardighede; Kommunikasievaardighede; Vaardighede om na kinders te luister; Ontwikkeling van selfbeeld en Aanmoediging van selfdisipline; Metro-Oos: 20 November 2019: Beplanning rakende Kinderbeskerming; Kinders met uitdagende gedrag; Spel terapie; en Skoolafwesigheid; Metro-Noord: 13 November 2019: Streekskinderbeskermingsforumvergadering; en Weskus: 10 Desember 2019: Kanalisasievergadering.</p> <p><b>Kwartaal 4:</b> Die Pleegsorg-subprogram het die volgende streeksafsprake met befondste DMOe KBO's oor die Strategiese fokus vir 2020-2025 nagekom; KSB-beleid (2019): sleutelareas; Voorkoming en vroeë intervensie strategie; N&amp;S-skullings vir hawelose volwassenes; Pleegsorgbestuur; UBS-proses; Monitering en Evaluering; Thuthuzela Sorgsentrums; Standaard bedryfsprosedures; Toesigdienste; Bewysgebaseerde werkwinkel; en Opleiding vir 2020: Metro-Oos: 11 Februarie 2020; Metro-Noord: 20 Februarie 2020; Metro-Suid: 20 Februarie 2020; Weskus: 17 Februarie 2020; Wynland/ Overberg: 25 Februarie 2020; maar die Eden Karoo-afpraak wat vir 20 Maart 2020 geskeduleer was, is weens die Covid-19-pandemie gekanselleer.</p>		<p>groeperingpleegsorgskemas om die SASSA-lys te konsolideer, uitdagings op te los en te werk om pleegsorgteikens te bereik.</p> <p>Verder is opleiding en 'n loodsstudie oor die webgebaseerde Pleegsorgmoniteringsinstrument vir DMO en OSW's onderskeidelik op 25 en 26 November 2020 in die Eden Karoo- en Metro-Suid-streke uitgevoer.</p>
<p>Die name en kontakbesonderhede van die beleidsontwikkelaars en die KSB-programdirekteur was op AGAPE se 2019/20 OBO beskikbaar. AGAPE kan met die Direkteur: Kinders en Gesinne in verbinding tree, of die Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn, wie se kontakbesonderhede op die DMO-webtuiste en in die Jaarlikse Prestasieplan beskikbaar is.</p>	<p>Oordragbetalingsooreenkomste (OBO's) met befondste DMOe OSW's wat werwing en opleiding doen, sluit die naam en kontakbesonderhede van die KSB-programbestuurder in. Organisasies kan met die Direkteur: Kinders en Gesinne in verbinding tree, of die Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn, wie se kontakbesonderhede op</p>	<p>Die name en kontakbesonderhede van die beleidsontwikkelaars en die KSB-programdirekteur was op OSW's 2020/21 OBO's beskikbaar. Organisasies kan met die Direkteur: Kinders en Gesinne in verbinding tree, of die Hoofdirekteur: Kinders, Gesinne en VKO, wie se kontakbesonderhede op die DMO-webtuiste en in die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) beskikbaar was.</p>

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
	die DMO-webtuiste en in die Jaarlikse Prestasieplan beskikbaar is.	
<p>Die Departement het AGAPE gekontrakteer om opleiding/werkswinkels namens die streke vir veiligheid en pleegouers te verskaf. Die volgende opleidingsessies is gedurende die 2019/20-boekjaar aangebied:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Metro-Oos: 20 Junie 2019, 25 Julie 2019, 5 Desember 2019 en 13 Februarie 2020.</li> <li>● Metro-Noord: 2 April 2019, 6 Junie 2019, 27 Augustus 2019, 17 Oktober 2019, 5 Desember 2019 en 12 Maart 2020.</li> <li>● Metro-Suid: 2-5 Maart 2020.</li> <li>● Weskus: 24-25 Junie 2019, 16 September 2019, 19 September 2019, 9 Oktober 2019, 28-29 Oktober 2019, 12 November 2019, 24-25 Februarie 2020 en 10 Maart 2020.</li> <li>● Eden Karoo: 25 Junie 2019, 26 Junie 2019, 2 Julie 2019, 3 Julie 2019, 28 - 29 Januarie 2020, 10 Maart 2020, 17-18 Maart 2020.</li> <li>● Kaapse Wynland: 21 Mei 2019, 4 Junie 2019, 18 Junie 2019, 17 September 2019, 13 November 2019, 3 Desember 2019, 10 Desember 2019, 4 Februarie 2020 en 13 Maart 2020.</li> </ul>	Al die streke bied semester werkswinkels vir veiligheids- en pleegouers aan.	<p>Die Departement het AGAPE en Iris House gekontrakteer om opleiding/werkswinkels namens die streke vir veiligheids- en pleegouers te verskaf. Die volgende opleiding/ondersteuningsessies is gedurende die 2020/21-boekjaar verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Metro-Oos: 18 Augustus 2020, 22 September 2020, 5-8 Oktober 2020, 16-19 November 2020, 17 November 2020, 1 Februarie 2021, 8 Februarie 2021, 15-16 Maart 2021 en 16 Maart 2021.</li> <li>● Metro-Noord: 13 Augustus 2020, 23 September 2020 en 19-22 Oktober 2020.</li> <li>● Metro-Suid: 8-11 Maart 2021.</li> <li>● Weskus: 12 Oktober 2020, 13 Oktober 2020, 30 November 2020, 3 Desember 2020 en 29 Maart 2021.</li> <li>● Eden Karoo: 1 September 2020, 23 September 2020, 29 September 2020, 2-5 November 2020 en 17 Maart 2021.</li> <li>● Kaapse Wynland: 3 September 2020.</li> </ul>
'n Batho-Pele: Kliëntediensopname-instrument is ontwerp en word tans gebruik. Pleegsorgbestuur sal in die 2020/21-boekjaar verslag doen oor die vordering van die loodsprogram.	Veiligheids- en pleegouers word oor Batho Pele-beginsels ondersoek en 'n verslag word saamgestel en aan Programbestuur gestuur.	Vanweë die Covid-19-inperkingsregulasies is geen verdere vordering met die Batho Pele: Kliëntediensopnamehulpmiddel gemaak nie.
<b>Toegang:</b>	<b>Toegang:</b>	<b>Toegang:</b>
Daar is toegewyde kliëntesorgerbeamptes by die Metro-Suid-, Metro-Noord-, Weskus-, Eden Karoo- en Kaapse Wynland Overberg-streke. Metro-Oos het 'n vakature vir 'n kliëntesorgerbeampte wat teen Augustus 2020 aangestel moet word. Tans tree die inligtingsbeampte in die rol op en is opgelei om alle kliënte met navrae en/klagtes by te staan. Daar is toegewyde kliëntesorgerassistente by al die behalwe drie van die plaaslike kantore. Daar is vakatures by die Breederivier en Kaap Agulhas plaaslike kantore in die Kaapse Wynland- en	Kliëntesorgerbeampte by elke streeks- en plaaslike kantoor.	Daar is toegewyde kliëntesorgerbeamptes by die Metro-Suid-, Metro-Noord-, Weskus-, Eden-Karoo- en Kaapse Wynland- en Overbergstreke. Metro-Oos het 'n vakature vir 'n kliëntesorgerbeampte. Die pos is geadverteer, en onderhoude is afgesluit, maar die proses is

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
Overberg-streek, en by die Knysna plaaslike kantoor in Eden Karoo. Die Kaapse Wynland en Overberg sowel as die Metro-Oos-streke het aangedui dat hulle die vakante poste in die 2020/21-boekjaar gaan vul. Eden Karoo het aangedui dat die onderhoude vir die vakante pos uitgestel is weens die Covid-19-pandemie.		gestaak weens begrotingsbesnoeiings en die prioritisering van kritieke poste. Daar is toegewyde kliëntesorgassistentte by al die Metro-Oos, Metro-Suid, Metro-Noord en Weskus plaaslike kantore. Kaapse Wynland- en Overberg-streek het twee vakante poste aangedui, naamlik by hul Langeberg- en Kaap Agulhas plaaslike kantore – die Langeberg-kliëntesorgassistentpos is na 'n MHW-pos verander en die Kaap Agulhas-pos is uitgestel in afwagting van terugvoering van die DvdP. Eden Karoo-streek het 'n vakature vir kliëntesorgassistent by sy Knysna plaaslike kantoor aangedui. Hierdie pos is geadverteer, en onderhoude is gevoer, maar die streek is ingelig dat die pos gekanselleer is weens begrotingsbesnoeiings en die prioritisering van kritieke poste.
Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.	Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.	Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.
Besonderhede van die direktoraatamptenare word op die DMO-webtuiste verskaf om huidige en potensiële veiligheids- en pleegouers in staat te stel om die programbestuurder, program-/streekdirekteur te e-pos of te bel wanneer nodig.	Huidige en potensiële veiligheids- en pleegouers kan die programbestuurder, program-/streekdirekteur e-pos of bel indien nodig.	Besonderhede van die direktoraatamptenare word op die DMO-webtuiste verskaf om huidige en potensiële veiligheids- en pleegouers in staat te stel om die programbestuurder, program-/streekdirekteur te e-pos of te bel wanneer nodig.
<b>Vergunning:</b> Al die KS-beamptes by die streeks- en plaaslike kantore is vertrouwd met die proses en weet hoe om sulke klagtes te hanteer.	<b>Vergunning:</b> Kliëntesorgbeampte by elke streeks- en plaaslike kantoor is opgelei om alle kliënte (insluitend huidige en potensiële veiligheids- en pleegouers) met navrae of klagtes by te staan en die navrae/klagtes na toepaslike amptenare in die kantoor te verwys.	<b>Vergunning:</b> Al die KS-beamptes by die streeks- en plaaslike kantore is vertrouwd met die proses en weet hoe om sulke klagtes te hanteer.

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
DMO SBP vir die hantering van navrae en klagtes is in werking gestel.	DMO het 'n SBP vir die hantering van navrae en klagtes.	DMO SBP vir die hantering van navrae en klagtes is in werking gestel.
Alle staatswerknemers is gebonde aan die Gedragskode vir die Staatsdiens.	Alle staatswerknemers is gebonde aan die Gedragskode vir die Staatsdiens.	Alle staatswerknemers is gebonde aan die Gedragskode vir die Staatsdiens.
'n Batho-Pele: Kliëntediensopname-instrument is ontwerp en word tans gebruik. Pleegsorgbestuur sal in die 2020/21-boekjaar verslag doen oor die vordering van die loodsprogram.	Doen tevredenheidsopname op 'n steekproef van pleeg- en veiligheidsouers om kliëntetevredenheid te bepaal.	Weens die Covid-19-inperkingsregulasies is geen verdere vordering met die Batho Pele: Kliëntediensopname-instrument gemaak nie.
<b>Openheid en deursigtigheid:</b>	<b>Openheid en deursigtigheid:</b>	<b>Openheid en deursigtigheid:</b>
Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.	Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.	Die Departement het 'n tolvry nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 bedryf word, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap tussen 19:00 en 07:00.
Die Departement het inligtingsbeamptes by die Metro-Suid-, Metro-Noord-, Metro-Oos-, Weskus- en Eden Karoo-strekkantore en by die DMO-hoofkantoor aangestel. Die Kaapse Wynland- en Overbergstreek het aangedui dat hul inligtingsbeampte in April 2020 bedank het. Die pos gaan in die 2020/21-boekjaar geadverteer word.	Die Departement het inligtingsbeamptes in al die streke en by hoofkantoor ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) aangestel.	Die Departement het inligtingsbeamptes by die Metro-Suid-, Metro-Noord-, Metro-Oos- en Eden Karoo-strekkantore aangestel. Die Kaapse Wynland het aangedui dat hul inligtingsbeampte in Maart 2020 afgetree het en die Weskusstreek het aangedui dat hul inligtingsbeampte in Desember 2020 bedank het. Albei poste is in die 2020/21-boekjaar geadverteer en is in die proses om gevul te word.  Die Direkteur-generaal van die Provinsie is in ooreenstemming met PAIA die aangestelde inligtingsbeampte vir die Provinsie. Adjunk-inligtingsbeamptes is in al die strekkantore en by hoofkantoor in ooreenstemming met PAIA aangestel.
Die Departement se webtuiste word elke semester of wanneer nuwe inligting van die programme ontvang word bygewerk.	Die Departement se webtuiste word elke semester of wanneer nuwe inligting van die programme ontvang word bygewerk.	Die Departement se webtuiste word elke semester of wanneer nuwe inligting van die programme ontvang word bygewerk.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies
Die 2018/19 DMO-jaarverslag is in September 2019 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar (sluit lys van befondsde organisasies en oordragfondse ontvang in).	DMO-jaarverslae jaarliks in Augustus gepubliseer (sluit lys van befondsde organisasies en oordragfondse ontvang in).	Die 2019/20 DMO-jaarverslag is op 30 Oktober 2020 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar (sluit lys van befondsde organisasies en oordragfondse ontvang in).
Departementele strategiese dokumente is in Engels, Afrikaans en isiXhosa beskikbaar.	Departementele strategiese dokumente is in die drie amptelike tale van die provinsie beskikbaar.	Departementele strategiese dokumente is in Engels, Afrikaans en isiXhosa beskikbaar.
<b>Waarde vir geld:</b>	<b>Waarde vir geld:</b>	<b>Waarde vir geld:</b>
Veiligheidsouers word R27 daaglikse fooi per kind wat ingevolge die hofbevel geplaas word betaal.	Veiligheidsouers word 'n daaglikse fooi per kind wat ingevolge die hofbevel geplaas word betaal.	Veiligheidsouers word R27 daaglikse fooi per kind wat ingevolge die hofbevel geplaas word betaal.
DMO het kwartaalliks oor die plasing van kinders verslag gelewer.	DMO moet kwartaalliks oor die plasing verslag lewer.	DMO het kwartaalliks oor die plasing van kinders verslag gelewer.
Pleegouers word 'n maandelikse toelae van R1 040 per kind van SASSA betaal.	Pleegouers word 'n maandelikse toelae van SASSA per kind betaal (ingevolge 'n hofbevel geplaas).	Pleegouers word 'n maandelikse toelae van R1 040 per kind van SASSA betaal.
Gedurende die verslagdoeningstydperk is werwing deur die DMO-strekkantore gedoen en die opleidingsdienste is deur die befondste DMOe OSW, AGAPE, in ooreenstemming met die OBO, wat voldoening aan die Kinderwet se norme en standaard, OSW Wet se bestuursvereistes en diensleweringsteikens insluit, gelewer.	Befondste DMOe OSW-werwing- en opleidingsdienste word in ooreenstemming met oordragbetalingsooreenkomste, wat voldoening aan die Kinderwet se norme en standaard, OSW-wet-bestuursvereistes en diensleweringsteikens insluit, gelewer.	Gedurende die verslagtydperk is werwing deur die DMO-strekkantore gedoen en die opleidingsdienste is deur die befondsde OSW's, AGAPE en Iris House in ooreenstemming met hul OBO's, wat voldoening aan die Kinderwet se norme en standaard, OSW-wet se bestuursvereistes en diensleweringsteikens insluit, gelewer.
AGAPE het vier kwartaallikse vorderingsverslae vir die 2019/20-boekjaar voorgelê.	Befondste DMOe OSW's moet kwartaallikse vorderingsverslae inlewer.	AGAPE het vier kwartaallikse verslae vir die 2020/21-boekjaar ingelewer. Iris House het 'n verslag oor die 4de kwartaal ingelewer omdat hy die diens eers in daardie kwartaal begin het.

## Dienslewering sinligtingsinstrument

Huidige/werklike inligtingsinstrumente	Gewenste inligtingsinstrumente	Werklike prestasies
<b>Kindersorgbeskerming – Prestasiemonitering van toegewyde kinderbeskermingsorganisasies</b>		
Die 2019/20-JPP is in Maart 2019 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar.	Die Departement se Jaarlikse Prestasieplan word elke jaar in Maart gepubliseer.	Die 2020/21-JPP is in Maart 2020 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar.
Die 2018/19 DMO-jaarverslag is in September 2019 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar (sluit lys van befondste DMOe organisasies en oordragfondse ontvang in).	DMO-jaarverslae word elke jaar in Augustus gepubliseer.	Die Departement het sy 2019/20-jaarverslag op 30 Oktober 2020 gepubliseer en die verslag is op die Departement se webtuiste beskikbaar.
Die 2018/19 DMO Verslag aan Burgers is in Februarie 2020 gepubliseer.	DMO Verslag aan Burgers wat elke jaar in Oktober gepubliseer word.	Die Departement het sy 2019/20 Verslag aan Burgers op 18 Februarie 2021 gepubliseer.
Oordragbetalingsooreenkomste en Dienshandveste is vir die 2019/20-boekjaar hersien.	Oordragbetalingsooreenkomste en Dienshandveste word jaarliks hersien.	Oordragbetalingsooreenkomste vir 2020/21 is hersien. Geen afsprake met belanghebbendes het as gevolg van die Covid-19-pandemie en die regulasies van die nasionale rampstoestand plaasgevind nie en dus kon die implementering en hersiening van Dienshandveste ook nie geskied nie.
Beleide, norme en standaarde is op die DMO-webtuiste beskikbaar.	Beleide, norme en standaarde is op die DMO-webtuiste beskikbaar.	Beleide, norme en standaarde is op die DMO-webtuiste beskikbaar.
Die KSB-program het streeksafsprake met befondste DMOe kinderbeskermingsorganisasies en DMO-streeksamptenare gedurende kwartaal 1 en kwartaal 4 van die boekjaar nagekom. <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kwartaal 1: Die KSB-program het gedurende die verslagtydperk twee streeksafsprake met befondste KBO's en DMO-streeksamptenare nagekom. Die eerste skakeling was met Metro-Suid-organisasies op 17 April 2019 en die tweede skakeling was met Metro-Oos-organisasies op 15 Mei 2019. (Die onderwerpe wat by hierdie afsprake bespreek is, word onder Konsultasie gelys).</li> <li>● Kwartaal 4: Die KSB-program het vyf uit ses geskeduleerde streeksafsprake met befondste DMOe KBO's en DMO-streeksamptenare nagekom: Eden Karoo: Uitgestel weens uitbreek van Covid-19; Metro-Noord: 3-4 Februarie 2020; Metro-Suid: 20-</li> </ul>	Die program kom semester streeksafsprake met befondste DMOe kinderbeskerming OSW's na.	Geen streeksafsprake is as gevolg van die uitbreek van die Covid-19-pandemie geskeduleer of uitgevoer nie. Dit het die implementering van beplande aktiwiteite vir die 2020/2021-boekjaar geaffekteer. 'n Uitvoerende besluit is geneem dat geen besoeke aan die terrein of afsprake mag plaasvind nie, aangesien Covid-19 en die gepaardgaande inperkingsregulasies dit onmoontlik gemaak het. Verder was belanghebbendes vir aanlyn vergaderings beskikbaar nie en nie al die belanghebbendes het die infrastruktuur vir virtuele vergaderings gehad nie.

Huidige/werklike inligtingsinstrumente	Gewenste inligtingsinstrumente	Werklike prestasies
21 Februarie 2020; Metro-Oos: 10-12 Februarie 2020; Weskus: 17-18 Februarie 2020 en Wynland Overberg: 25-27 Februarie 2020. (Die onderwerpe wat by hierdie afspraak bespreek is, word onder Konsultasie gelys.)		
Opleidingsessies oor aanwysers is soos volg met KBO's gedurende die eerste kwartaal van 2019/20 gehou: <ul style="list-style-type: none"> <li>● Metro-Suid: 30 Mei 2019;</li> <li>● Weskus: 4 Junie 2019;</li> <li>● Metro-Oos: 5 Junie 2019;</li> <li>● Eden Karoo: 6 Junie 2019;</li> <li>● Kaapse Wynland: 11 Junie 2019; en</li> <li>● Metro-Noord: 12 Junie 2019.</li> </ul>	Programkantoor hou opvoeding/opleidingsessies vir befondste DMOe OSW's oor kinderbeskermingsake (een keer per jaar).	Geen opvoeding/opleidingsessies vir befondste DMOe KBO's in verband met kinderbeskermingsake is gedurende die 2020/21-boekjaar gehou nie as gevolg van die Covid-19-pandemie en die gepaardgaande inperkingsregulasies. Dit het die implementering van beplande aktiwiteite vir die 2020/21-boekjaar geaffekteer. Verder het KBO's nie die infrastruktuur vir aanlyn opleiding gehad nie.
Die naam en kontakbesonderhede van die KSB-beleidsontwikkelaar wat beskikbaar is om te help met vorderingsverslagdoening en ander navrae word in die OBO's met befondste DMOe KBO's verskaf.	Oordragbetalingsooreenkomste (OBO's) met befondste DMOe OSW's sluit die naam en kontakbesonderhede van die KSB-beleidsontwikkelaar in.	Die naam en kontakbesonderhede van die KSB-beleidsontwikkelaar wat beskikbaar is om te help met vorderingsverslagdoening en ander navrae word in die OBO's met befondste DMOe KBO's verskaf.
Organisasies kan met die Programbestuurder KSB, Direkteur: Kinders en Gesinne of die Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn in verbinding tree. Hul kontakbesonderhede is op die DMO-webtuiste en in die JPP beskikbaar.	Organisasies kan met die Programbestuurder KSB, Direkteur: Kinders en Gesinne of die Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn in verbinding tree. Hul kontakbesonderhede is op die DMO-webtuiste en in die JPP beskikbaar.	Organisasies kan met die Programbestuurder Kindersorg en Beskerming, Direkteur: Kinders en Gesinne of die Hoofdirekteur: Kinders, Gesinne en VKO in verbinding tree. Hul kontakbesonderhede is op die DMO-webtuiste en in die JPP beskikbaar.
<b>Pleegsorgbestuur – Werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers</b>		
Die 2019/20-JPP is in Maart 2019 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar.	Die Departement se Jaarlikse Prestasieplan word elke jaar in Maart gepubliseer.	Die 2020/21-JPP is in Maart 2020 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar.
Die 2018/19 DMO-jaarverslag is in September 2019 gepubliseer en is op die Departement se webtuiste beskikbaar.	DMO-jaarverslae word elke jaar in Augustus gepubliseer.	Die Departement het sy 2019/20-jaarverslag op 30 Oktober 2020 gepubliseer en die verslag is op die Departement se webtuiste beskikbaar.
Die 2018/19 DMO Verslag aan Burgers is in Februarie 2020 gepubliseer.	DMO Verslag aan Burgers wat elke jaar in Oktober gepubliseer word.	Die Departement het sy 2019/20 Verslag aan Burgers op 18 Februarie 2021 gepubliseer.
Dienshandveste word jaarliks hersien. Die 2019/20 Dienshandveste vir streekkantore, fasiliteite en hoofkantoor is in Januarie 2019 afgeteken.	Dienshandveste word jaarliks hersien.	As gevolg van die COVID-19-pandemie en die regulasies van die nasionale toestand van rampe, het geen betrokkenheid van belanghebbendes

Huidige/werklike inligtingsinstrumente	Gewenste inligtingsinstrumente	Werklike prestasies
		plaasgevind vir die implementering en hersiening van dienshandveste nie..
Beleide, norme en standaard is op die DMO-webtuiste beskikbaar.	Beleide, norme en standaard is op die DMO-webtuiste beskikbaar.	Beleide, norme en standaard is op die DMO-webtuiste beskikbaar.
Die Departement het AGAPE gekontrakteer om opleiding/werkswinkels namens die streke vir veiligheid en pleegouers te verskaf. Sien hierbo vir 'n gedetailleerde beskrywing van die opleiding wat gedurende die 2019/20 finansiële jaar vir veiligheid en pleegouers verskaf is (onder die opskrif: Konsultasie)	Die meeste streke bied semester werkswinkels saam met veiligheids- en pleegouers aan.	Die Departement het AGAPE en Iris House gekontrakteer om namens die streke opleiding/werkswinkels vir veiligheids- en pleegouers aan te bied. Sien hierbo vir 'n gedetailleerde beskrywing van die opleiding wat gedurende die 2020/21-boekjaar vir veiligheids- en pleegouers aangebied word (onder Konsultasie).

### Klagtemeganisme

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasies
<b>Kindersorgbeskerming – Prestasiemonitering van toegewyde kinderbekermingsorganisasies</b>		
Die Departement van die Premier (DvdP) bedryf 'n tolvry nommer (0800 220 250) namens die Departement om navrae en klagtes te hanteer.	Die Departement bedryf 'n tolvry nommer (0800 220 250) om navrae en klagtes te hanteer.	Die DvdP bedryf 'n tolvry nommer (0800 220 250) namens die Departement om navrae en klagtes te hanteer.
Die goedgekeurde SBP vir die Voorste toonbank wat inloopkliënte hanteer, is gereed.	Die Departement het 'n goedgekeurde SBP vir die Voorste toonbank wat inloopkliënte hanteer.	Die goedgekeurde SBP vir die Voorste toonbank wat inloopkliënte hanteer, is gereed.
Die DMO-goedgekeurde SBP vir die rapportering van navrae/klagtes is in werking gestel.	Die Departement het 'n goedgekeurde SBP vir navrae/klagtes/rapportering.	Die DMO-goedgekeurde SBP vir navrae/klagtes/rapportering is in werking gestel.
Die Departement se goedgekeurde SBP om ministeriële navrae en klagtes te hanteer, is in werking gestel.	'n Goedgekeurde SBP om ministeriële navrae en klagtes te hanteer.	Die Departement se goedgekeurde SBP om ministeriële navrae en klagtes te hanteer, is in werking gestel.
Die Departement het 'n toegewyde inbelsentrum wat navrae en klagtes deur die Departement van die Premier hanteer.	Die Departement het 'n toegewyde inbelsentrum wat navrae en klagtes deur die Departement van die Premier hanteer.	Die Departement het 'n toegewyde inbelsentrum wat navrae en klagtes deur die DvdP hanteer.
Die Departement het 'n toegewyde klantesorgeenheid wat navrae en klagtes hanteer.	'n Toegewyde klantesorgeenheid om navrae en klagtes te hanteer.	Die Departement het 'n toegewyde klantesorgeenheid wat navrae en klagtes hanteer.
Die Departement het in vennootskap met die Openbare Beskermer, SA Menseregtekommissie en die Presidensiële blitslyn gewerk om navrae, klagtes en verslae te hanteer.	Die Departement werk in vennootskap met die Openbare Beskermer, SA Menseregtekommissie en die Presidensiële	Die Departement werk in vennootskap met die Openbare Beskermer, SA Menseregtekommissie en

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasies
	blitslyn om navrae, klagtes en verslae te hanteer.	die Presidensiële blitslyn om navrae, klagtes en verslae te hanteer.
Die Departement het ook in vennootskap met die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan die geslagsgebaseerde geweld-inbelsentrum (GGGIS) gewerk.	Die Departement werk ook in vennootskap met die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan die geslagsgebaseerde-geweld-inbelsentrum (GGGIS).	Die Departement werk ook in vennootskap met die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan die GGGIS.
Die DMO-befondsingsoproep vir voorstelle vind elke drie jaar plaas. Aangesien 2019/20 dus jaar twee van ons driejaarkontrakte was, het die befondsingsproses nie hierdie boekjaar plaasgevind nie.	Befondsingsproses sluit advertensies, inligtingswerkswinkels, ontvangs en assessering van voorstelle, aanvaardings- en afkeuringsbriewe en appèlproses in.	Die DMO-befondsingsproses vir die 2020/21-boekjaar het die volgende ingesluit: <ul style="list-style-type: none"> <li>● Reklame;</li> <li>● Inligtingswerkswinkels;</li> <li>● Ontvangs en evaluering van voorstelle;</li> <li>● Aanvaardings- en afkeuringsbriewe; en</li> <li>● Appèlproses.</li> </ul>
<b>Pleegsorgbestuur – Werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers.</b>		
Die Departement van die Premier bedryf 'n tolvrye nommer (0800 220 250) namens die Departement om navrae en klagtes te hanteer.	Die Departement bedryf 'n tolvrye nommer (0800 220 250) namens die Departement om navrae en klagtes te hanteer.	Die DvdP bedryf 'n tolvrye nommer (0800 220 250) namens die Departement om navrae en klagtes te hanteer.
Die goedgekeurde Voorste toonbank SBP wat inloopkliënte hanteer is in werking gestel.	Die Departement het 'n goedgekeurde Voorste toonbank SBP wat inloopkliënte hanteer.	Die goedgekeurde Voorste toonbank SBP wat inloopkliënte hanteer is in werking gestel.
Die DMO goedgekeurde navrae/klagtes/rapportering SBP is in werking gestel.	Die Departement het 'n goedgekeurde navrae/klagtes/rapportering SBP.	Die DMO goedgekeurde navrae/klagtes/rapportering SBP is in werking gestel.
Die Departement se goedgekeurde SBP om ministeriële navrae en klagtes te hanteer, is in werking gestel.	'n Goedgekeurde SBP om ministeriële navrae en klagtes te hanteer.	Die Departement se goedgekeurde SBP om ministeriële navrae en klagtes te hanteer, is in werking gestel.
Die Departement het 'n toegewyde inbelsentrum wat navrae en klagtes deur die Departement van die Premier hanteer.	Die Departement het 'n toegewyde inbelsentrum wat navrae en klagtes deur die Departement van die Premier hanteer.	Die Departement het 'n toegewyde inbelsentrum wat navrae en klagtes deur die DvdP hanteer.
Die Departement het 'n toegewyde klantesorgeenheid wat navrae en klagtes hanteer.	'n Toegewyde klantesorgeenheid om navrae en klagtes te hanteer.	Die Departement het 'n toegewyde klantesorgeenheid wat navrae en klagtes hanteer.
Die Departement werk in vennootskap met die Openbare Beskermer, SA Menseregtekommissie en die Presidensiële blitslyn om navrae, klagtes en verslae te hanteer.	Die Departement werk in vennootskap met die Openbare Beskermer, SA Menseregtekommissie en die Presidensiële	Die Departement werk in vennootskap met die Openbare Beskermer, SA Menseregtekommissie en die Presidensiële blitslyn om navrae, klagtes en verslae te hanteer.

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasies
	blitslyn om navrae, klagtes en verslae te hanteer.	
Die Departement werk ook in vennootskap met die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan die geslagsgebaseerde geweld-inbelsentrum (GGGIS).	Die Departement werk ook in vennootskap met die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan die geslagsgebaseerde geweld-inbelsentrum (GGGIS).	Die Departement werk ook in vennootskap met die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan die GGGIS.

## 2.3 Organisasoriese omgewing

Na die goedkeuring van die Departement se nuwe bestuurstruktuur in 2019, is die Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn ontbind en die Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn en Herstellende Dienste en die Hoofdirekoraat: Klinders, Gesinne en VKO is gestig. Die Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn en Herstellende Dienste is op 1 November 2020 aangestel en beide hoofdirekorate is operasioneel. Boonop het die werwingsproses vir die Hoofdirekteur: Dienslewingsbestuur en -koördineringspos 'n gevorderde stadium aan die einde van die boekjaar bereik.

Werk het gedurende die boekjaar begin om 'n naatlose verskuiwing van die VKO-program na die WKOD te verseker. 'n VKO-projekbestuurstaakspan, bestaande uit verteenwoordigers van die DvdP, DMO en die WKOD, is gestig om die VKO-migrasie in die provinsie te stuur. 'n Organisasie-ontwerpassessering van die VKO en Gedeeltelike Sorg-direkoraat is gedurende die boekjaar geïnisieer ter ondersteuning van die VKO-migrasie van DMO na die WKOD en afgehandel.

Bykomende organisatoriese ontwikkelingsprosesse om die doeltreffendheid van die organisatoriese struktuur te verbeter gaan die volgende insluit:

- Die sentralisering van die VKB-verkrygingsfunksie by Hoofkantoor, spesifiek die menslikehulpbronvereistes vir die sentralisering van die funksie; en
- Die belyning van streekstrukture met maatskaplikewerknorme en -standaarde en die administratiewe ondersteuningspersoneel wat nodig is om aan hierdie norme en standaarde te voldoen.

Die Departement het ten spyte van die Covid-19-inperkingsregulasies verskeie SBP en riglyne gedurende die boekjaar bekendgestel. Dit sluit die volgende in:

- SBP vir die verwydering van 'n kind wat versorging en beskerming nodig het;
- SBP vir die bestuur van Covid-19 in kinder- en jeugsorgsentrums;
- SBP en riglyne in dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede; en
- Praktiese riglyne vir die voorkoming en bestuur van koronavirusinfeksie in langtermynsorgfasiliteite saamgestel deur die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid in samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Daarbenewens is die SBP vir die insameling, samestelling en verifikasie van prestasie-inligting hersien en gewysig om verslagdoening oor subsidie-aanwysers in te sluit.

### Menslikehulpbronbestuur

#### Indiensneming en vakatures

Die Departement het daarin geslaag om verskeie befondsde vakante poste binne die goedgekeurde departementele organisasiestruktuur te vul en het 143 gegradueerde maatskaplike werkers met NDMO maatskaplikewerk-beurse op kontrak aangestel. Bykomende personeellede is grootliks as gevolg van vorige herstruktureringprosesse wat die uitkontraktering van nie-noodsaaklike dienste soos skoonmaak en sekuriteit meegebring het.

Die Departement het die volgende organisasie-ontwerpprosesse gedurende die 2019/20-prestasiesiklus geïnisieer. Die Korporatiewe Sentrum het hierdie ontwerpprosesse gedurende die 2020/21-prestasiesiklus tydelik gestaak:

- Hersiening van die optimale funksionaliteit van die ses streekskantore; en
- Hersiening van die optimale funksionaliteit van die Direkoraat VKB.

Die volgende organisasie-ontwerpproses is gedurende die 2020/21-prestasiesiklus afgehandel:

- Oordrag van die VKO-funksie na die WKOD en
- Heroorweging van maatskaplike werker bestuursposte in die Weskusstreek en bykomende poste in die Metro-Noordstreek.

## Personeelopleiding

Departementele personeel het meestal aanlyn Covid-19 verwante opleiding ontvang as gevolg van die verskillende inperkingsvlakke en die feit dat aanlyn opleiding nie beskikbaar was nie. Die opleiding was daarop gemik om die pandemie beter te verstaan en die nodige stelsels in die werkplek te implementeer ten einde voldoening aan die Departement van Indiensneming se arbeidsvoorskrifte te verseker. Die Departement het 24 nuwe beurse toegeken aan personeellede in gespesialiseerde velde waar 'n vaardigheidstekort bestaan, naamlik proefdienste, verslawingsorg, kinder- en gesinstudies, sowel as forensiese en kliniese maatskaplike werk. Daar is ook 46 verslawingsorgbeurse aan mense buite die Departement toegeken ten einde die beskikbaarheid van gekwalifiseerde professionele persone in hierdie gebied te versterk.

Die Departement het 'n trauma-ontlontingsleerprogram van stapel gestuur wat deur 50 maatskaplike werkers bygewoon is. Die doel van die program was om maatskaplike werkers in staat te stel om Geslagsgebaseerde Geweld (GGG) te hanteer.

Ander leerprogramme wat vir maatskaplike werk verwante professionele persone en steunpersoneel in werking gestel is, het opleiding in die Hersiene Administratiewe Instrumente in Maatskaplike Welsyn vir maatskaplike werkers, progressiewe dissipline, Staatsdiensinduksieprogram ens. ingesluit.

Die verskaffing van opleidingsgeleenthede bly 'n prioriteit vir die Departement om 'n hoogs geskoolde professionele arbeidsmag te verseker wat in staat is om gehalte dienste te lewer.

## Tegnologiese omgewing

Die 2020/21-boekjaar was 'n besonder uitdagende jaar vir die Departement vanuit 'n tegnologiese perspektief. Die nasionale staat van inperking het departementele personeel genoodsaak om van die huis af te werk en die DMO Inligting- en Kommunikasietegnologie (IKT)-rampherstelplan (RHP) is geaktiveer om personeel te ondersteun wat van die huis af werk. Alhoewel die IKT rampherstelplan daarvoor voorsiening gemaak het vir personeel om van die huis af te werk, was die skaal waarop dit in die DMO vereis is ongekend. Die Departement moes dus vlugvoetig wees en sy tegnologiese steun aanpas om aan die nuwe eise te voldoen.

Die Departement het dit bereik deur die volgende te doen:

- Vergroting van die korporatiewe databundel om die verhoogde datagebruik in sy gevestigde eMobility-stelsel te bestuur.
- Hertoewysing van eMobility-toestelle van personeel wat die toestelle baie min gebruik aan personeel wat onder normale omstandighede kantoorgebonde sou wees en nie eMobility nodig het nie. Finansies, VKB en ander belangrike administratiewe personeel val in hierdie kategorie.
- Dit makliker te maak vir personeel om 'n verhoging in hul datatoewysing aan te vra.
- Aanvulling van sy eMobility-diens en datalimiet deur 'n DvdP-toekenning van 15 roeteerders met data. Hierdie roeteerders was noodsaaklik vir die werk van personeel in die Direkoraat Gemeenskapsontwikkeling, wat 'n integrale deel van die Departement se humanitêre noodlenigingspoging was, sowel as dié in die Direkorate Finansies en VKB.
- Ontwikkeling van 'n beleid wat personeel met toegang tot WiFi tuis in staat gestel het om die koste van hierdie gebruik terug te eis.
- Verskaffing van Skynprivaatnetwerk afstandstoegang (VPNra) (met die ondersteuning van die Cel) aan personeel wat normaalweg op stelsels soos LOGIS, Basiese Rekeningkundige Stelsel (BAS) en Personeelsalaris (PERSAL) werk. Hierdie stelsels is as 'n reël nie toeganklik via 'n webgebaseerde koppelvlak nie. Toegang tot hierdie stelsels was egter noodsaaklik vir ononderbroke dienslewering.
- Vinnige nasporing, met die ondersteuning van die Cel, die in werking stelling van Microsoft Teams.
- Bestuursvergaderings so gereeld en veilig te hou as wat nodig is om bedryfsaktiwiteite voort te sit.

- Implementering van aanlyn IKT-opleiding deur 'n kombinasie van Microsoft Teams, kort opleidingsvideo's en gedetailleerde opleidingshandleidings te gebruik. Dit was van besondere belang in die opleiding van personeel om die OSW-bestuurstelsel en MyContent te gebruik. Laasgenoemde was veral belangrik, met die stelsel wat tydens die inperkingsperiode van groot waarde was, aangesien dit die toegang tot en berging van dokumente van die huis af moontlik gemaak het. Die noodsaaklikheid om dokumente fisies te gebruik, berg en oproep is dus met elektroniese inhoudsbestuur vervang. 'n Merkbare toename in die gebruik van hierdie stelsel is tydens al die vlakke van die staat van inperking waargeneem.
- Ontwikkeling van 'n aanlyn aansoekproses waardeur OSW's aanlyn vir DMO-befondsing kan aansoek doen in plaas daarvan om fisiese dokumente in te dien. Hierdie module van die OSW-bestuurstelsel is nog in ontwikkeling, maar is suksesvol in die derde kwartaal van die boekjaar gebruik om aansoeke vir die Departement se oproep om voorstelle vir befondsing te ontvang.
- Die instel van 'n veilige elektroniese manier om departementele besluite en dokumentasie goed te keur, aangesien die fisiese ondertekening van dokumente al hoe moeiliker geword het. Die DMO het die voorbeeld van die DvdP nagevolg en 'n elektroniese handtekeningbeleid ontwikkel wat Adobe-handtekening gebruik om te verseker dat alle toepaslike dokumente behoorlik gemagtig is en dienslewering kan voortgaan. Dit is vergesel van 'n opleidingshandleiding wat stap-vir-stap instruksies verskaf het oor die proses wat gevolg moet word om 'n veilige digitale handtekening te verseker.
- Die DMO-personeel is via die bestaande departementele batebestuursbeleid in staat gestel om amptelike toerusting van departementele perseel te verwyder om van die huis af te kan werk.

Die gewone inligtingstegnologie (IT) tegniese bystand op die terrein aan personeel is tydens die inperkingsperiode ingekort, met aanlynbystand wat verleen is waar moontlik. Spesiale reëlings is ook getref vir personeel om 'n DMO-kantoor naaste aan hul huis te besoek om met die IT-tegnici te vergader en sodoende onnodige reise te verminder.

Die DMO het baie gebruikers wie se IT-toerusting die einde van sy bruikbare leeftyd nader. 'n Daadwerklike poging is in die oorsigjaar aangewend om hierdie gebruikers te identifiseer en die proses waartydens nuwe sagteware gelaai word te begin. Die aflaai van nuwe sagteware en opgradering van rekenaars wat nog die Windows 7-bedryfstelsel gebruik na Windows 10, het in die verslagjaar begin en sal in die nuwe boekjaar voortgaan.

## 2.4 Sleutelbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

Geen.

## 3. Bereiking van institusionele impak en uitkomst

Die Departement se vordering met die bereiking van die vyfjaarteikens ten opsigte van die uitkoms-aanwysers:

Uitkomste	Uitkoms-aanwysers en vordering
<b>DMO-topprioriteit</b> Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	<b>1.1 Getal kinders, hul ouers, versorgers en familielede wat toegang tot maatskaplike welsyn, gesinsondersteuning, kindersorg en beskerming en herstellende dienste per jaar verkry.</b>
	<b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b> Die rehabilitasie, hereniging en herintegreer van hawelose volwassenes terug in hul gesinne en gemeenskappe van herkoms het 'n sleutelfokus van die Departement gebly. Skuilingdienste vir hawelose volwassenes is uitgebrei deur die getal bedruimtes te vergroot en verder versterk deur die voorsiening van bykomende hulpbronne vir maatskaplikewerk-toesighouerposte. 'n Nuwe skuiling vir hawelose gesinne is opgerig en al die befondsde skuilings vir

Uitkomst	Uitkoms-aanwysers en vordering
	<p>hawelose volwassenes het opleiding oor Covid-19-gesondheids- en veiligheidsprotokolle ontvang.</p> <p>Departementele OSW-vennote het opleiding gefasiliteer om nuwe en bestaande veiligheids- en pleegouers te bemagtig. Daarbenewens het die befondsde OSW's werkwinkels en ondersteuningsgroepvergaderings aan veiligheid en pleegouers verskaf vir hul deurlopende opleiding en ontwikkeling, om te verseker dat kinders in die alternatiewe sorgsektor voorsien word van 'n veilige, gesonde en ondersteunende omgewing.</p> <p>Sorg- en ondersteuningsprogramme is geïmplementeer vir kinders wat die alternatiewe sorgstelsel verlaat, asook die lewering van hereniging en nasorgdienste.</p> <p>In ooreenstemming met die Kinderwet, het die Departement voortgegaan om vroeë intervensie en voorkomende dienste te prioriseer, wat ouerlike verantwoordelikhede en regte ingesluit het, sowel as openbare onderwys wat burgerlike verantwoordelikheid en die verpligting om kindermishandeling aan te meld, gefokus het om kindermishandeling, verwaarlosing te voorkom, en uitbuiting.</p> <p>Gedurende die oorsigjaar het die Departement die kontraktering van die Clanwilliam- en Eersterivier-KJSS'e suksesvol voltooi.</p> <p>Die Departement het voortgegaan om die streeksreaksie op GGG te versterk met die aanstelling van 30 GGG MW'e. Saam met die Nasionale DOWI en die WKR DVOW is ses bykomende GGG-terreine in die Provinsie beskikbaar gestel (in die Bergrivier-, Swartland-, Hessequa- en Sentraal-Karoo-distriksmunisipaliteite). Toegang tot langtermyn psigososiale sorgdienste bly van kritieke belang vir slagoffers van seksuele geweld en word by Thuthuzela-sorgsentrums (TSS'e) in die Wes-Kaap aangebied.</p> <p>Skoolgebaseerde dienste is in die provinsie uitgebrei om gespesialiseerde dwelmgebruikversteuring-dienste aan skole in hoërisikogebiede van die Wes-Kaap te verskaf.</p> <p><b>1.2 Getal gesinne en/of huishoudings wat toegang tot sosiale noodhulp en gesinsondersteuningsdienste het</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Die Departement se humanitêre noodlenigingspogings was in reaksie op die gefaseerde inperking om die verspreiding van Covid-19 in die provinsie te beperk. Die program het gehelp met die koördinerende en rapportering van die DMO-intervensies by verskeie rampbestuurforums asook die versameling en verspreiding van kospakkies aan kwesbare mense wat voedselonsekerheid in die gesig staar.</p> <p>Die verskaffing van gesinsbewaringsdienste, terapeutiese programme, bemiddelingsdienste en ouerskapprogramme is verder versterk deur die voltooiing van die VVI provinsiale strategie. Hierdie strategie maak voorsiening vir en verskaf befonding vir die verskaffing van gehalte voorkomings- en vroeëintervensie- dienste vir kinders en gesinne.</p>
<p><b>DMO-veiligheidsprioriteit</b></p> <p>Kinders en jeugdiges in gevaar word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag bekamp.</p>	<p><b>2.1 Getal kinders wat met die gereg gebots het, verwys na afleidingsintervensies, wat verhoorafwagend en/of gevonniss is, wat van die nodige herstellende dienste (spesifiek ingevolge die Wet op Kindereregtheid; Wysigingswet op Proefdienste) voorsien is.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Na aanleiding van die aanbeveling vervat in die evalueringsverslag van die Afleidingsprogram vir Jong Oortreders in die Wes-Kaap tussen 12 en 17 (DMO 2018), het afleidingsdienste aansienlik verbeter deur die ontwikkeling en implementering van afleidings- en moniteringsinstrumente.</p>

Uitkomst	Uitkoms-aanwysers en vordering
	<p>Herintegrasiedienste is uitgebrei na voormalige oortreders en kinders wat KJSS'e verlaat. Dit het lewensvaardighede, sosiale vaardighede, teoretiese en praktiese opleiding in gasvryheid, houtwerk, haarkappery en basiese elektroniese tegnologie ingesluit.</p> <p><b>2.2 Getal skole in 11 polisiegebiede met die hoogste risiko en/of WKR-veiligheidsplanareas waar DMO en/of DMO-befondsde maatskaplike werkers kinders en jeugdige wat in gevaar is vir gespesialiseerde intervensies identifiseer, asseeser, verwys en opvolg.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b>                      Covid-19-inperkingsregulasies het die programme by skole beperk weens die sluiting van skole. Programme is egter gedurende die jaar by drie skole aangebied.</p>
<p>Kinders tot en met die ouderdom van 7 jaar ontvang gehalte VKO en dié tot en met die ouderdom van 18 jaar ontvang gehalte naskoolsorg.<sup>10</sup></p>	<p><b>3. Getal kinders in die provinsie wat toegang tot VKO- en Naskoolsorgdienste het.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b>                      Die Departement het voortgegaan om registrasie en herregistrasie van gedeeltelike sorgfasiliteite en VKO-programme te fasiliteer en te ondersteun om toegang en gehalte dienste te verbeter.                      Die Departement het PBT verskaf om te verseker dat VKO voldoening aan Covid-19-protokolle vir voorkoming, inperking en bestuur van Covid-19, en sodoende die heropening van gedeeltelike sorgfasiliteite moontlik is.                      Kinders, ouers en VKO-praktisyns is gedurende die nasionale staat van inperking van stimulasiepakke voorsien ter ondersteuning van leerderontwikkeling.</p>
<p>Arm, kwesbare ouer persone leef aktief in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</p>	<p><b>4. Getal kwesbare ouer persone wat toegang bekom tot ontwikkelingsmaatskaplike welsynsdienste</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b>                      In die nakoming van sy statutêre verpligtinge teenoor ouer persone, het die Departement befondsde residensiële fasiliteite van PBT, gespesialiseerde opleiding vir versorgers en die ontwikkeling van riglyne vir die voorkoming en bestuur van infeksies voorsien.</p>
<p>Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</p>	<p><b>5. Getal persone met gestremdhede, hul gesinne en/of versorgers wat toegang tot ontwikkelingsmaatskaplike welsynsdienste verkry.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b>                      Die Departement het voortgegaan om die hoofstroming van gestremdheid in elke program of projek te bepleit en te verseker deur die Gestremdheidhoofdstroomstrategie.                      Die voltooiing van bouwerk by Sivuyile het dit moontlik gemaak om meer kliënte by die fasiliteit te akkommodeer.                      Die Departement was in staat om in samewerking met die WKOD, DvG en Wes-Kaapse Forum vir Intellektuele Gestremdheid al die dagsorgsentrums toe te rus en 'n opleidingsprogram ter voorbereiding vir die heropenning van dagsorgsentrums te implementeer.</p>
<p>Kwesbare mense het voedingsondersteuning.</p>	<p><b>6. Getal kwesbare persone wat toegang bekom tot voedingsondersteuning.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b>                      Om die Departement se voedingsvoetspoor verder uit te brei, is die CNDC-program geïmplementeer en is 20 gemeenskapsgebaseerde</p>

<sup>10</sup> Uitkoms terugwerkend gewysig deur Bylae A van die 2021/22 Jaarlike Prestasieplan.

Uitkomst	Uitkoms-aanwysers en vordering
	<p>voedingsentrums vanaf 1 April 2020 vanaf NDMO na die Departement oorgeplaas.</p> <p>Die program het 55 977 kospakkies aan 223 908 kwalifiserende begunstigdes versprei deur die departemente se Covid-19-voedselverligtingsintervensies. Boonop is 57 961 begunstigdes regoor die provinsie van gekookte maaltye voorsien.</p>
<p>Jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter.</p>	<p><b>7. Getal jeugdige wat toegang tot jeug- en vaardigheidsonwikkelingsprogramme verkry.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Die Departement het in reaksie op die inperkingsregulasies en die nakoming van sosiale distansiëringsprotokolle 'n loodsprogram vir die jeug in die Tuinroete munisipale gebied van stapel gestuur. Die program het aanlyn opleiding en virtuele ondersteuning van die jeugkafee-personeel behels.</p>
<p>Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering</p>	<p><b>8. Skoon oudit behaal vir die boekjaar geëindig Maart 2025.</b></p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Skoon oudit behaal vir die boekjaar geëindig Maart 2021.</p>

## 4. Prestasie-inligting per institusionele program

### 4.1 Program 1: Administrasie

#### Doel

Die program ondervang die strategiese bestuur en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die Departement, d.w.s. Provinsiale, Streek-, Distrik- en Fasiliteits-/Institusionele vlak.

**Let wel:** Die Korporatiewe Dienste-sentrum (KDS), gesetel in die Departement van die Premier (DvdP), lewer die volgende ondersteuningsdienste aan die Departement: Menslikehulpbronbestuur.

#### Subprogramme

- 1.1 Kantoor van die LUR
- 1.2 Korporatiewe Bestuursdienste
- 1.3 Distriksbestuur<sup>11</sup>

#### Uitkomst

Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering

#### Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 1.2 Korporatiewe Bestuursdienste								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2018/19	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Bepaalde Jaarlikse Teikens 2020/21	Werklike Prestasie 2020/21	Afwyking van bepaalde teikens teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Kapasiteitsbou van maatskaplike werk en verwante beroepe.	1.2.1.1 Getal opleidingsintervensies vir maatskaplike werk	25	29	29	29	-	-

<sup>11</sup> Die opskrif Distriksbestuur word ingevolge die Nasionale Begroting-struktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO bedryf egter sy aktiwiteite deur streekskantore.

Subprogram 1.2 Korporatiewe Bestuursdienste								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2018/19	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Bepaalde Jaarlikse Teiken 2020/21	Werklike Prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Kapasiteitsbou van maatskaplike werk en verwante beroepe.	en maatskaplike werk verwante beroepe.						
		<b>1.2.1.2</b> Getal beurse toegeken.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	109	146	37	Meer beursaansoeke wat verband hou met skaars en kritieke vaardighede is gedurende die tydperk toegeken.
	Maatskaplike werkers is in diens van DMO.	<b>1.2.1.3</b> Getal maatskaplike werkers in diens van die DMO gedurende 'n boekjaar. <sup>12</sup>	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	834	948	114	Bykomende maatskaplikewerk-gegraduateerdes is in diens geplaas ter nakoming van hul beursverpligtinge.
	Effektiewe en doeltreffende voorsiening van maatskaplike ontwikkeling dienslewering.	<b>1.2.1.4</b> Persentasie uitgawes in verhouding tot DMO se toegewysde begroting.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	2% Afwyking	0,5% Afwyking	-1,5% Afwyking	Die Departement het 99,5% van sy begroting bestee. Finale prestasie onderhewig aan oudituitskoms.
	Om KMMO-deelname in staatsverkryging te bevorder en te laat groei.	<b>1.2.1.5</b> Persentasie fakture wat binne 30 dae aan DMO-diensverskaffers betaal is.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	100%	99.9%	-0.1%	Ses fakture is nie binne die tydperk van 30 dae betaal nie.

<sup>12</sup> Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal maatskaplike diens professionele persone in die staatsdiens".

Subprogram 1.2 Korporatiewe Bestuursdienste								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2018/19	Geouditeerde Werklike Prestasie 2019/20	Bepaalde Jaarlikse Teiken 2020/21	Werklike Prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Om strategiese ondersteuningsdienste te verskaf ten einde goeie bestuur en gehalte dienslewering te bevorder.	<b>1.2.1.6</b> Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die oudit van finansiële state en verslag oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	Skoon Oudit	Skoon Oudit	-	-

### Programprestasies

Gedurende die oorsigjaar het die Departement die volgende evalueringsnavorsingsprojekte geïmplementeer en voltooi as deel van sy goedgekeurde Navorsing- en Evalueringsplan van 2020/21:

- Evaluering van implementering van DMO-befondstee gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste vir dwelmmisbruik.
- Evaluering van implementering van die na-uurse kinderbeskeringsdiens in die Wes-Kaap.

### Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement ontleed weeklikse RR0101-verslae, d.w.s. verslae oor die ontleding van faktuurouderdomme, om agterstallige fakture betyds te identifiseer. Die Departement rapporteer voorts fakture wat nie binne 30 dae betaal is nie, maandeliks aan die PT. Formele ondersoeke word ingestel teen amptenare wat daaraan skuldig bevind word dat hulle nie die voorgeskrewe regulasies nakom nie, insluitend dissiplinêre stappe waar nalatigheid bespeur is.

## Koppeling van prestasie aan begrotings

Die Program het 99.58 persent van sy R229.692 miljoen begrotingstoewysing vir die 2020/21-boekjaar bestee. Die onbestede R965 duisend hou verband met onderbesteding in KvW as gevolg van die feit dat daar nie geskikte kandidate tydens die werwingsproses gevind is nie, interne bevorderings en personeeluitrede. Die Program het 96.74 persent van sy R239.828 miljoen begrotingstoewysing vir die 2019/20-boekjaar bestee. Die onbestede R7,816 miljoen hou verband met onderbesteding in KvW as gevolg van die feit dat geskikte kandidate nie tydens die werwingsproses gevind kon word nie, interne bevorderings en personeeluitrede en die onderbesteding op maatskaplikewerk-gegradueerde geoormerkte befondsing. Die onderbesteding in Goedere en Dienste is te wyte aan die laat kennisgewing van befondsing teenoor die lang tyd wat dit neem om 'n diensverskaffer te verkry. Die diensverskaffer is in Februarie 2020 aangestel en die eerste uitsette is in Maart 2020 bereik.

**Tabel G: Subprogram-uitgawes**

Naam van subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
Administrasie	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Kantoor van die LUR	7 091	7 040	51	6 442	6 148	294
Korporatiewe bestuursdienste	144 349	144 349	-	152 106	145 440	6 666
Distriksbestuur	78 252	77 338	914	81 280	80 424	856
<b>Totaal</b>	<b>229 692</b>	<b>228 727</b>	<b>965</b>	<b>239 828</b>	<b>232 012</b>	<b>7 816</b>

## **4.2 Program 2: Maatskaplike welsynsdiens**

### **Doel**

Verskaffing van geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdiens aan armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

### **Subprogramme**

Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning

Subprogram 2.2: Dienste aan ouer persone

Subprogram 2.3: Dienste aan persone met gestremdhede

Subprogram 2.4: MIV en Vigs

Subprogram 2.5: Maatskaplike noodleniging

### **Uitkomst**

Arm, kwesbare ouer persone leef aktief in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.

Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.

Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.

## Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 2.2 Dienste aan ouer persone								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Bepaalde jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Arm, kwesbare ouer persone leef aktief in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings. Arm, kwesbare ouer persone leef aktief in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Residensiële sorgdienste/fasiliteite is beskikbaar vir ouer persone.	<b>2.2.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in residensiële sorgfasiliteite vir ouer persone.	8 821	8 819	5 050 <sup>13</sup>	5 000	-50	Inperkingsregulasies en Covid-19-sterftes in fasiliteite het opnames negatief beïnvloed.
	Gemeenskapsgebaseerde sorg en ondersteuningsdienste is vir ouer persone beskikbaar.	<b>2.2.1.2</b> Getal subsidies wat na gemeenskapsgebaseerde sorg en ondersteuningsdienste vir ouer persone oorgedra is.	17 029	16 221	17 000	16 396	-604	OSW's se versuiming om regulasies na te kom het gelei tot die beëindiging van befondsing wat lidmaatskap negatief beïnvloed het.
	Geassisteerde en onafhanklike woongeriewe is vir ouer persone beskikbaar.	<b>2.2.1.3</b> Getal gesubsidieerde beddens in geassisteerde en onafhanklike woongeriewe vir ouer persone.	769	718	850	740	-110	Inperkingsregulasies het opnames negatief beïnvloed. Verder het inwoners onder 60 nie vir befondsing in aanmerking gekom nie.

### Programprestasies

- Die Departement het meganismes ontwikkel vir die monitering van dienste, terwyl ondersteuning en leiding verskaf word ten opsigte van norme en standaarde gekoppel aan Covid-19-rieglyne en protokolle by befondste residensiële fasiliteite, met bykomende ondersteuning en leiding verskaf in terme van geregistreerde ondersteuning aan alleenstaande residensiële fasiliteite sonder moederliggame. Die Departement het sy begroting herprioritiseer om 'n bykomende R1,755 miljoen aan sy befondsdebefondsde DMO aftreeoorde te gebruik vir die bestuur van Covid-19. Dit het gelei tot die verskaffing van 120 000 gesigmaskers en 5 000 gesigskerms aan aftreeoorde; 50 liter ontsmettingsmiddels is na elke

<sup>13</sup> Berekeningsmetode is hersien.

aftreeoord gestuur; gespesialiseerde opleiding is vir versorgers verskaf; die fasilitering van vrywilligers om aftreeoorde volgens Covid-19 voorskrifte te ontsmet, veral in armer en brandpuntgebiede; en sover moontlik, die voorsiening van 'n klein aantal aflospersoneel aan befondsdebefondsde fasiliteite. Skenkings wat in reaksie op die Covid-19-pandemie ontvang is, het die bykomende ondersteuning wat die Departement verskaf het, aangevul.

- Die mentorskapmodel teiken residensiële fasiliteite wat ondersteuning met bestuur en finansiële administrasie benodig om aan minimum norme en standaarde vir residensiële fasiliteite sowel as die OBO te voldoen. Gedurende die boekjaar is 'n mentor by twee geïdentifiseerde fasiliteite in die Eden Karoo-streek aangestel om leiding en ondersteuning te verskaf.

### Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal met sy OSW-vennote skakel deur nakomingsmonitering van die getekende OBO, om dienslewering te verbeter en te versterk om die welstand, veiligheid en sekuriteit van ouer persone te bevorder.

### Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 2.3 Dienste aan persone met gestremdhede								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Residensiële geriewe vir persone met gestremdhede is beskikbaar.	<b>2.3.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in befondsde OSW residensiële sorgfasiliteite vir persone met gestremdhede.	1 801	1 779	1 674	1 673	-1	Subsidies is gedurende hierdie periode oorgedra aan OSW's wat aan die regulasies voldoen het.
		<b>2.3.1.2</b> Getal persone met gestremdhede wat toegang tot DMO residensiële fasiliteite het.	84	93	110	119	9	Infrastruktuurwerk is voltooi en bykomende volwassenes en kinders van die Departement van Gesondheid is geakkommodeer.

Subprogram 2.3 Dienste aan persone met gestremdhede								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklke prestasie 2018/19	Geouditeerde werklke prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Dienste in befondsde beskermende werksinkels is beskikbaar vir persone met gestremdhede.	<b>2.3.1.3</b> Getal subsidies oorgedra na beskermende werksinkels wat dienste aan persone met gestremdhede verskaf.	2 952	2 950	2 836	2 863	27	Groter vraag na diens
	Befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme is beskikbaar vir persone met gestremdhede.	<b>2.3.1.4</b> Getal subsidies wat na gemeenskapsgebaseerde dagsorgsentrums vir persone met gestremdhede oorgedra is.	958	971	1 005	1 003	-2	Onderpresteer as gevolg van OSW versuiming om aan regulasies van Geestesgesondheid Llisensiesertifikaat te voldoen.
	Befondsde OSW gespesialiseerde ondersteuningsdienste is beskikbaar vir persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers.	<b>2.3.1.5</b> Getal mense wat toegang verkry tot DMO gefinansierde OSW gespesialiseerde ondersteuningsdienste.	94 087	85 519	91 000	69 767	-21 233	Aanvanklike Covid-19-inperkingsregulasies het die prestasie gedurende die verslagtydperk negatief beïnvloed.

## Programprestasies

- Die Departement het aan verskeie NDMO gerigte prosesse vir dienste aan persone met gestremdhede deelgeneem, naamlik:
  - Ontwikkeling en goedkeuring van bedryfsprosedures en riglyne vir die dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede oor maatreëls om die verspreiding van Covid-19 te takel, te voorkom en te bekamp. Die dokument is vergesel van die Easy Read-weergawe van die standaardbedryfsprosedures.
  - 'n Opleidingsprogram is in werking gestel om alle dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede toe te rus. Dit het plaasgevind in samewerking met die WKOD, DvG en die Wes-Kaapse Forum oor Intellektuele Gestremdheid om die sentrums te ondersteun ter voorbereiding van die heropening.

- Die Departement het op 30 September 2020 'n webinar aangebied oor “Bevordering van die regte van vroue met gestremdhede” gedurende die Covid-19-pandemie. Die doel van die geleentheid was om OSW's, staatsamptenare en spesialiste wat in die gestremdheidssektor werk, bymekaar te bring om voort te bou op die bestaande kennis oor gestremdheid-geslagshindernisse met die doel om geslagsgestremdhede in die Wes-Kaap as 'n fokuspunt van alledaagse diskoers uit te lig.
- Die Departement het ook 'n werkwinkel oor gestremdheidshoofstroming vir bestuurders en toesighouers in samewerking met die DVOW en PT aangebied. Die doel van die werkwinkel was om bewustheid te kweek en optrede ter bevordering van die regte van persone met gestremdhede aan te moedig.
- Tydens die voortslepende Covid-19-pandemie het die Departement 'n magdom maatreëls ingestel om die negatiewe utiwerking van die uitdagings wat die virus stel vir mense met gestremdhede wat in befondsde residensiële sorgfasiliteite woon, te beperk. Hierdie maatreëls sluit die volgende in:
  - Bykomende befonding is beskikbaar gestel aan residensiële fasiliteite, dagsorgsentrums vir beide kinders en volwassenes met gestremdhede sowel as vir beskermende werkwinkels en maatskaplike diensorganisasies vir die bestuur van COVID-19. Dit was bo en behalwe die bestaande departementele oordragbefondsingtoewysings en het die ontplooiing van vrywilligers om residensiële fasiliteite volgens Covid-19 regulasies en voorskrifte te ontsmet, vergemaklik – met die fokus op huise in kwesbare gemeenskappe en brandpuntgebiede.
  - Die verspreiding van geskenkte maskers, skermmaskers, blokkies seep, bleikmiddel en sanitiseerders na befondsde residensiële sorgfasiliteite.
  - Verspreiding van inligting oor Covid-19-beperkingsmaatreëls en beskikbare entstowwe en die toediening van die entstof by alle residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede.

### **Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom**

- Die Departement het 'n proses van voorafversoeke en monitering in werking gestel om te verseker dat OSW's aan die regulasies van die Wet op Geestesgesondheid (2002) voldoen. Hierdie proses behels dat OSW's jaarliks 'n gesertifiseerde Geestesgesondheidslisensie verskaf wat deur die DvG uitgereik word. Die lisensie stipuleer die getal gebruikers wat 'n fasiliteit kan akkommodeer en waarvolgens die Departement sy befondsingsprosesse kan aanpas.
- Die Departement gaan voortgaan om deur middel van konsekwente moniteringsprosesse ondersteuning en leiding aan die befondsde OSW's te verskaf. Die Departement gaan ook steeds verseker dat nakoming van streng gesondheids- en veiligheidsprotokolle vir die veiligheid en beskerming van Persone met Gestremdhede, hul gesinne/versorgers en gemeenskappe plaasvind.

#### **Subprogram 2.4: MIV en Vigs**

MIV/Vigs-intervensies en begroting word binne die Kindersorg- en Beskermingsprogram geïntegreer.

## Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 2.5 Maatskaplike noodleniging								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Bepaalde jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Uitermatige swaarkry-gevalle beoordeel en na SASSA verwys vir maatskaplike verligting of noodlenigingsuitbetaling.	<b>2.5.1.1</b> Getal uitermatige swaarkry-gevalle (huishoudings) beoordeel en na SASSA verwys vir maatskaplike verligting of noodlenigingsuitbetaling.	1 732	1 637	1 390	566	-824	Kliënte het DMO-voedselverligtingsintervensies en alternatiewe SASSA maatskaplike verligtingsprogramme gekies, wat gelei het tot minder verwysings na SASSA.
	Rampgevalle geassesseer en na SASSA verwys vir maatskaplike verligting of noodlenigingsuitbetaling.	<b>2.5.1.2</b> Getal rampgevalle (huishoudings) geassesseer en na SASSA verwys vir maatskaplike verligting of noodlenigingsuitbetaling.	2 037	1 821	1 555	881	-674	Minder rampgevalle is gedurende die jaar gerapporteer. Verder het kliënte baat gevind by DMO-voedselverligtingsintervensies wat gelei het tot minder verwysings na SASSA.

### Programprestasies

- Die program het 'n toesighoudende plig gehad met betrekking tot die in werking stelling van die noodvoedselhulpintervensie wat projekoördinerings, die handhawing van 'n gesonde kommunikasie-strategie en navraagbestuur ingesluit het. Dit het ook verslag gedoen oor die vordering, uitdagings en regstellende maatreëls van die voedselintervensies aan interne bestuurstrukture sowel as by provinsiale, distriks- en plaaslike munisipale rampbestuursforums. Die implementering van die voedselverligtingsintervensie was 'n geïntegreerde dienslewingsreaksie regoor departementele hoofdirektorate en -streeke heen, wat onder meer die fisiese versameling en verspreiding van kospakkies aan kwesbare mense wat voedselonsekerheid in die gesig staar, ingesluit het.

- Kapasiteitsbou gebaseer op die Maatskaplike Hulpbeleidsriglyne en -protokol is deur die DMO-geleide Humanitêre Hulpwerkstroom aan streeksamptenare verskaf om die gehalte, toeganklikheid en volhoubaarheid van die intervensies aan kwesbare persone te verbeter.
- 'n Konsep DMO Covid-19-herstel- en reaksieplan (2020) is ontwikkel om te verseker dat die Departement voldoende voorbereid en in staat is om op 'n ramp en/of ander vorme van noodgevalle te reageer en kan voortgaan om dienste te lewer en die langtermyn verskaffing van dienste tydens en na 'n ramp te verseker.
- Ten spyte van die sluiting van skole as gevolg van die inperkingsregulasies wat die voortsetting van die implementering van die Sanitêre Waardigheidsprojek belemmer het, is 736 272 pakke sanitêre doekies teen Maart 2021 aan 220 skole uitgedeel. 94 817 meisies in Graad 4-12 regoor die Provinsie het hierby baat gevind.

### **Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom**

- Die implementering van die Interne Oudit-aanbeveling met betrekking tot die aspekte van streekskapasiteitbousessies oor protokolle en prosedures ten opsigte van maatskaplike verligting, die uitvoer van na-sikkingsassesserings en die monitering van die rekonsiliasie van inligting oor begunstigdes van maatskaplike verligting wat deur streke geassesseer en na SASSA verwys is.
- Die Sanitêre Waardigheidsprojek sal voortgaan met die implementeringsproses gebaseer op die maatreëls wat deur die WKOD ingestel sal word om die voortgesette voorsiening van sanitêre produkte aan die begunstigdes te verseker.

### **Koppeling van prestasie aan begrotings**

Die program het 99.55 persent van sy R996.669 miljoen begrotingstoewysing vir die 2020/21-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R4.520 miljoen hou verband met onderbesteding in betalings vir Kapitaalbates weens die vertraagde verkryging van voertuie wat vir persone met gestremdhede aangepas is. Die program het 98.23 persent van sy R978.135 miljoen begrotingstoewysing vir die 2019/20-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R17.315 miljoen hou verband met die onderbesteding in Goedere en Dienste vir die Sanitêre Waardigheidsprojek as gevolg van die vertraging in die verkrygingsproses en betalings vir Kapitaalbates is as gevolg van die vertraagde verkryging van voertuie wat aangepas is vir persone met gestremdhede.

**Tabel H: Subprogram uitgawes**

Naam van subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
Maatskaplike welsynsdienste	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en ondersteuning	523 989	523 989	-	506 958	506 910	48
Dienste aan ouer persone	268 430	268 430	-	258 515	258 515	-
Dienste aan persone met gestremdhede	198 715	195 224	3 491	185 483	181 690	3 793
Maatskaplike noodleniging	5 535	4 506	1 029	27 179	13 705	13 474
<b>Totaal</b>	<b>996 669</b>	<b>992 149</b>	<b>4 520</b>	<b>978 135</b>	<b>960 820</b>	<b>17 315</b>

### 4.3 Program 3: Kinders en gesinne

#### Doel

Lewer omvattende kinder- en gesinsorg en ondersteuningsdienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

#### Subprogramme

Subprogram 3.1: Bestuur en ondersteuning

Subprogram 3.2: Versorging en dienste aan gesinne

Subprogram 3.3: Kindersorg en beskerming

Subprogram 3.4: VKO en gedeeltelike sorg

Subprogram 3.5: Kinder- en jeugsorgsentrums

Subprogram 3.6: Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders

#### Uitkomst

Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.

Kinders tot en met die ouderdom van 7 jaar ontvang gehalte VKO en dié tot en met die ouderdom van 18 jaar ontvang gehalte naskoolse versorging.

#### Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.2 Versorging en dienste aan gesinne								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Gesinsherenigingsdienste is vir geaffekteerde gesinne beskikbaar.	<b>3.2.1.1</b> Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is.	705	598	700	514	-186	Die Covid-19-inperkingsregulasies en beperkings op beweging het beteken dat kliënte nie by hul families kon uitkom nie.

Subprogram 3.2 Versorging en dienste aan gesinne								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklige prestasie 2018/19	Geouditeerde werklige prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklige prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes is beskikbaar vir volwassenes wat dit benodig.	<b>3.2.1.2</b> Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	1 499	1 499	1 499	2 031	532	Bykomende befondsing is tydens die tweede aanpassingsbegroting aan OSW's toegeken.
	Gesinsbewaring en ondersteuningsdienste is vir geaffekteerde gesinne beskikbaar.	<b>3.2.1.3</b> Getal gesinne wat aan gesinsbewaring en ondersteuningsdienste deelneem.	21 955	21 034	21 955	14 471	-7 484	Die Covid-19-inperkingsregulasies het dienslewering beïnvloed met minder kliënte wat toegang tot dienste verkry het.

### Programprestasies

- Die VVI Provinsiale Strategie is gedurende die 2020/21-boekjaar voltooi. Hierdie strategie sal 'n raamwerk verskaf om die basis van die kinderbeskermingstelsel te versterk en die vraag na statutêre intervensies te verminder. Verder sal dit as koördineringsmeganisme dien tussen die betrokke belanghebbendes om te verseker dat bestaande VVI-programme gestandaardiseer is en die beoogde uitkomste en resultate bereik.
- Die program het in samewerking met die Stad Kaapstad 'n skuiling vir hawelose gesinne opgerig. Dit was veral belangrik tydens Covid-19 aangesien hierdie gesinne bymekaar en ongeskonde gehou is.
- Die program het in samewerking met die DvG verseker dat 34 personeellede by die 26 befondsdebefondste skuilings vir hawelose volwassenes opleiding oor Covid-19-protokolle ontvang het. Daarbenewens is befondsing verskaf vir die verkryging van PBT.

### Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal vergaderings met belanghebbendes reël om OSW-vennote te help om toegang tot ruim lokale vir hul groepwerk te verkry en om aanlyn ouerskapprogramme aan te bied.
- Die Departement beoog om die aantal maatskaplike werkers en maatskaplike hulpwerkers in skuilingdienste te vermeerder om die hereniging en herintegrasieproses verder te versterk.

## Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.3 Kindersorg en beskerming								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Pleegsorgplasingdienste is beskikbaar vir kinders wat versorging en beskerming benodig.	<b>3.3.1.1</b> Getal kinders wat in pleegsorg geplaas is.	3 514	3 478	3 500 <sup>14</sup>	2 892	-608	Statutêre intervensies het prioriteit aandag geniet. Dienslewering is egter negatief beïnvloed deur vertraging in die afhandeling van kinderhof-navrae en beperkte skakeling met kliënte weens die Covid-19-inperkingsregulasies.
	Herenigingsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde kinders, hul gesinne en alternatiewe versorgers.	<b>3.3.1.2</b> Getal kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is.	304	352	381	238	-143	Benewens die algemene kompleksiteit en uitdagings rondom hereniging, het die Covid-19-inperkingsregulasies kontak met kliënte beperk. Dit het daartoe gelei dat dienste herskeduleer en vertraag is, wat gelei het tot minder herenigings.

<sup>14</sup> Die Nasionale Kindersorg en Beskerming Beleid (2019) maak voorsiening vir Familieversorging, wat kinders toelaat om in die sorg van familie te bly.

Subprogram 3.3 Kindersorg en beskerming								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklige prestasie 2018/19	Geouditeerde werklige prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Oueropvoeding en opleidingsprogramme is beskikbaar vir geaffekteerde ouers en versorgers.	<b>3.3.1.3</b> Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding en opleidingsprogramme voltooi het.	3 891	3 251	3 805	1 972	-1 833	As gevolg van die Covid-19-inperkingsregulasies is onderwys- en opleidingsprogramme met kleiner teikengroepe geïmplementeer. Verder het die beskikbaarheid van kliënte sowel as die implementering van personeelroosters om aan inperkingsregulasies te voldoen, dienslewering negatief beïnvloed.
	Ondersoeke wat deur DMO of OSW maatskaplike werkers geïnisieer word (behalwe dié wat direk deur die kinderhof beveel is), word uitgevoer.	<b>3.3.1.4</b> Getal ondersoeke na die vraag of 'n kind sorg en beskerming benodig wat nie deur die kinderhof geïnisieer is nie.	8 266	9 358	7 579	8 406	827	Afhanklik van die getal kinderbeskermingsake wat deur gemeenskapslede aangemeld is. Die verligting van die Covid-19-bepokings het gelei tot 'n groter getal kliënte-inskrywings. Vorige sake wat tydens die uiters beperkende vlakke van inperking tydelik opgeskort is, kan ook hervat word.

Subprogram 3.3 Kindersorg en beskerming								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklige prestasie 2018/19	Geouditeerde werklige prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Onssoeke wat deur die kinderhof geïnisieer word, word uitgevoer.	<b>3.3.1.5</b> Getal kinderhofnavrae wat geopen is (onssoeke wat deur die kinderhof geïnisieer is).	1 949	1 987	1 966	1 639	-327	Afhanklik van hofverwysings. Die onderprestasie is vererger deur die Covid-19-inperkingsregulasies wat 'n beperking geplaas het op beweging en gelei het tot minder verslae van kinders wat sorg en beskerming benodig.
	Vorm 38-verslae word by die kinderhof ingedien.	<b>3.3.1.6</b> Getal Vorm 38-verslae wat deur aangewese maatskaplike werkers by die kinderhof ingedien is.	2 741	2 884	3 073	2 261	-812	Die Covid-19-inperkingsbeperkings het die afhandeling van onssoeke sowel as die funksionaliteit van die howe beïnvloed.
	Kinderhof-navrae word afgehandel en bevele word uitgereik.	<b>3.3.1.7</b> Getal kinderhof-navrae voltooi.	2 818	2 881	3 081	2 432	-649	Afhanklik van hofverwysings. Covid-19-inperkingsregulasies het toegang tot howe negatief beïnvloed.

### Programprestasies

- Die departementele OSW-vennote het die opleiding van 123 nuwe veiligheids- en pleegouers en 234 bestaande veiligheids- en pleegouers gedurende die 2020/21-boekjaar gefasiliteer om te verseker dat 'n kind wat versorging en beskerming benodig van 'n veilige, gesonde en ondersteunende omgewing voorsien word.
- Kinderbeskermingsdienste is verbeter deur die implementering van 'n hersiene veiligheidsouer standaardbedryfsprosedure. Hierdie standaardbedryfsprosedure het die suksesvolle versnelling van die betaling van veiligheidsfooie aan veiligheidsouers vir die versorging van die kind moontlik gemaak.

- Die ontwikkeling van 'n aannemingsplan vir die Wes-Kaap is in die finale goedkeuringstadium. Die aanwysing en akkreditasie van aannemingsorganisasies vir die lewering van aannemingsdienste in die Provinsie is gefinaliseer.

### Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Statutêre diens hang af van die behoeftes van die gemeenskap. Die implementering van die Kinderwet sal afgedwing word om te verseker dat die behoorlike prosesse gevolg word soos vereis deur die Kinderwet.
- Maatskaplikewerk-intervensies en -programme het daartoe gelei dat meer ouers gereed was vir hereniging met hul biologiese kinders in die kindersorg/regstelsel.
- OSW's sal op 'n kwartaalike basis gemonitor word deur die assessering van vorderingsverslae om die redes te bepaal waarom die beplande teiken nie bereik is nie.

### Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.4 VKO en gedeeltelike sorg								
Uitkoms <sup>15</sup>	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders tot en met die ouderdom van 7 jaar ontvang gehalte VKO en dié tot en met die ouderdom van 18 jaar ontvang gehalte naskoolse sorg.	Befondste VKO-fasiliteite.	<b>3.4.1.1</b> Getal subsidies wat na VKO-fasiliteite oorgedra is om VKO-dienste aan jong kinders te verskaf.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	60 000	60 911	911	Bykomende befonding is verkry, wat gelei het tot meer subsidies wat betaal is.
	Voorsiening van gespesialiseerde ondersteuningsdienste aan VKO-sentrums en skole vir kinders wat die risiko loop om nie hul ontwikkelingsmylpale te bereik nie.	<b>3.4.1.2</b> Getal VKO-sentrums en skole waar gespesialiseerde ondersteuningsdienste verskaf word aan kinders wat die risiko loop om nie hul ontwikkelingsmylpale te bereik nie.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser (basislyn: 65) <sup>16</sup>	85	79	-6	Die Covid-19-pandemie en die gevolglike sluiting van VKO-sentrums en skole het daartoe aanleiding gegee dat minder terreine bereik is.

<sup>15</sup> Uitkoms terugwerkend gewysig deur Bylae A van die 2021/22 Jaarlikse Prestasieplan.

<sup>16</sup> Alhoewel 'n nuwe JPP-aanwyser, is 'n gespesialiseerde ondersteunings-VKO-projek gedurende die vorige strategiese beplanningsperiode met 65 VKO's geïmplementeer. Daar bestaan dus wel 'n basislyn aangesien hierdie projek nou geïmplementeer word.

Subprogram 3.4 VKO en gedeeltelike sorg								
Uitkoms <sup>15</sup>	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklige prestasie 2018/19	Geouditeerde werklige prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklige prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders tot en met die ouderdom van 7 jaar ontvang gehalte VKO en dié tot en met die ouderdom van 18 jaar ontvang gehalte naskoolse sorg.	Befondste naskoolse sorgfasiliteite.	<b>3.4.1.3</b> Getal subsidies wat na naskoolse sorgfasiliteite oorgedra is om dienste aan kinders te verskaf.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	6 500	6 254	-246	Minder subsidies is betaal as gevolg van OSW's wat versuim het om die regulasies na te kom.
	Gedeeltelike sorgfasiliteite is geregistreer.	<b>3.4.1.4</b> Getal geregistreerde gedeeltelike sorgfasiliteite. <sup>17</sup>	1 470	1 708	1 500 <sup>18</sup>	2 385	885	Teiken is oorskry as gevolg van verbeterde stelsels en kapasiteit in die Direkoraat.
	VKO-sentrums word opgegradeer.	<b>3.4.1.5</b> Getal VKO-sentrums wat deur die Infrastruktuur Voorwaardelike Toelae opgegradeer is.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	51	14	-37	Weens die Covid-19-pandemie en die gevolglike sluiting van fasiliteite is slegs 14 sentrums opgegradeer. Die res van die befondsing is hertoegewys aan die voorsiening van PBT vir gedeeltelike sorgfasiliteite.

## Programprestasies

- Die implementering van VKO gespesialiseerde ondersteuningsdienste het voortgegaan om te vorder ten spyte van uitdagings wat tydens die nasionale inperkingstydperk in die gesig gestaar is. Altesaam 13 532 opvoedkundige stimulasiepakke is aan kinders, ouers en VKO-praktisyns verskaf.
- Voortgesette subsidiëring van VKO- en naskoolse sorgfasiliteite om voedingsondersteuning aan kinders te verseker asook om die volhoubaarheid van die sektor te ondersteun.

<sup>17</sup> Van hierdie getal is ongeveer 10% geregistreerde naskoolse gedeeltelike sorgfasiliteite.

<sup>18</sup> Die vermindering van die teiken hou verband met die groot getal registrasiesertifikaate wat verval het aangesien dit so moeilik is om munisipale klaringsertifikaate te bekom. DMO, Plaaslike Regering en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering (SALGA) voer samesprekings om hierdie kwessie op te los.

- Hergebruik van VKO-voorwaardelike toelae-befondsing het die voorsiening van PBT aan gedeeltelike sorgterreine/-fasiliteite en -programme moontlik gemaak ter ondersteuning van die heropening.

### Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan met VKO-infrastruuroopgraderings en -onderhoud om ongeregisteerde VKO's te ondersteun om registrasiestatus te bereik en voorwaardelik geregisteerde fasiliteite om volle registrasie te bereik.
- Die Departement sal voortgaan om registrasie-ondersteuning te verskaf om nakoming van die minimum norme en standarde soos per die Kinderwet te verseker.

### Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.5 Kinder- en jeugsorgsentrums								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Residensiële sorgdienste is beskikbaar vir kinders wat alternatiewe sorg benodig.	3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondste OSW-KJSS'e ingevolge die Kinderwet.	2 811	2 787	2 880	2 498	-382	Die fokus was op noodplasinge as gevolg van die Covid-19-pandemie.
		3.5.1.2 Getal kinders in eie KJSS'e ingevolge die Kinderwet.	527	690	500	620	120	Verhoogde hereniging met gesinne en insluiting van persone bo die ouderdom van 18 in die gerapporteerde uitsetfinligting.

### Programprestasies

- Die Departement het op 16 Februarie 2021 'n veldtog teen dwelmmisbruik by die Kensington-behandelingsentrum van stapel gestuur. Die doel van hierdie veldtog was om bewustheid te skep en die belangrikheid daarvan dat die publiek toegang moet hê tot die regte hulp en die toepaslike behandeling beskikbaar moes wees vir enige persone wat met 'n dwelmgebruikversteuring te doen het uit te lig.

- Verder sal die Departement voortgaan met die ontwikkeling van 'n verwysingsroete om te verseker dat slagoffers van GGG in skuilingdienste toegang kan verkry tot dwelmmisbruikprogramme by sy Kensington-behandelingsentrum.
- Daarbenewens is dienste by die Kensington-behandelingsentrum tydelik opgeskort om kinders wat deur die Covid-19-pandemie geraak is, te akkommodeer.

### Strategie om gebiede van onderprestasi te oorkom

- Geen. Ter nakoming van die Ramptoeestand-regulasies is KJSS'e slegs toegelaat om noodplasinge te doen van kinders wat alternatiewe sorg en beskerming benodig.

### Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.6 Gemeenskapsgebaseerde sorgdienste vir kinders								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Opgeleide kinder- en jeugsorgwerkers.	3.6.1.1 Getal kinder- en jeugsorgwerkers wat opleiding ontvang het.	-	20	15	8	-7	Uit die 15 kinder- en jeugsorgwerkers wat gewerf is, het sewe hulle van die opleidingsprogram onttrek.

### Programprestasies

- 35 Kinder- en Jeugsorgwerkers (KJSW'e) is opgelei deur die netwerkgedrewe MIV- en VIGS-gemeenskap van Suid-Afrika (NACOSA). Dit het gehelp met die verskaffing van bykomende intensiewe kindersorgdienste aan kinders in hul huise.
- As deel van die versterking van Instapsentrum-dienste, het die program posbefondsing aan twee Maatskaplikewerk-toesighouers toegeken. Dit sal ondersteuning en mentorskap verskaf op grond van die norme en standaarde vervat in die Praktykryglyne vir Instapsentrums.

### Strategie om gebiede van onderprestasi te oorkom

- Die Departement beoog in samewerking met sy OSW-vennote om die ondersteuning en leiding wat aan die KJSW'e verskaf word, te versterk. Dit is om te verseker dat deelnemers die program voltooi, ten einde hul eie vermoëns en kapasiteit en dié van hul gemeenskappe te verbeter.

## Koppeling van prestasie aan begrotings

Die Program het 99.07 persent van sy R864.239 miljoen begrotingstoewysing vir die 2020/21 finansiële jaar bestee. Die onbestede fondse van R8.006 miljoen hou verband met die onderbesteding in betalings vir oordrag en subsidies as gevolg van nie-voldoende OSW's vir VKO-oordragte. Die Program het 99.86 persent van sy R751.087 miljoen begrotingstoewysing vir die 2019/20 finansiële jaar bestee. Die onbestede fondse van R1.017 miljoen hou verband met die onderbesteding in KvW as gevolg van interne bevorderings en personeeluitrede.

**Tabel I: Subprogram-uitgawes**

Naam van subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
Kinders en gesinne	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en ondersteuning	2 657	2 657	-	2 434	2 434	-
Sorg en dienste aan gesinne	55 684	55 684	-	49 951	49 779	172
Kindersorg en beskerming	235 220	235 220	-	228 864	228 864	-
VKO en gedeeltelike sorg	462 021	454 015	8 006	363 945	363 100	845
Kinder- en jeugsorgsentrums	108 657	108 657	-	105 893	105 893	-
<b>Totaal</b>	<b>864 239</b>	<b>856 233</b>	<b>8 006</b>	<b>751 087</b>	<b>750 070</b>	<b>1 017</b>

## Program 4: Herstellende dienste

### Doel

Voorsien geïntegreerde ontwikkelings-maatskaplike misdaadvoorkoming en antidwelmisbruikdienste aan die mees kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

### Subprogramme

Subprogram 4.1: Bestuur en ondersteuning

Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en ondersteuning

Subprogram 4.3: Slagofferbemagtiging

Subprogram 4.4: Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie

### Uitkomst

Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.

Kinders en jeugdige in gevaar word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag bekamp.

### Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Volwassenes in konflik wat deur die howe verwys word, neem deel aan afleidingsprogramme.	<b>4.2.1.1</b> Getal volwassenes wat met die gereg gebots het wat na afleidingsprogramme verwys is.	11 963	12 976	10 910	4 728	-6 182	Afhanklik van die getal verwysings wat van die NVG ontvang is.

Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklke prestasie 2018/19	Geouditeerde werklke prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en volwassenes is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	Volwassenes in konflik wat deur die howe verwys word, neem deel aan afleidingsprogramme.	<b>4.2.1.2</b> Getal volwassenes in botsing met die gereg wat afleidingsprogramme voltooi het.	7 681	8 214	7 222	3 345	-3 877	Afhanklik van hofverwysings. Daar was minder verwysings van howe as gevolg van inperkingsregulasies. Kleiner groepintervensies het ook dienslewering negatief beïnvloed.
Kinders en jeugdiges wat in gevaar verkeer, word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag bekamp.	Kinders in botsing met die gereg word deur die howe verwys en neem aan geakkrediteerde afleidingsprogramme deel. <sup>19</sup>	<b>4.2.1.3</b> Getal kinders in botsing met die gereg geassesseer.	7 060	6 388	6 780	3 992	-2 788	Prestasie is afhanklik van die getal verwysings van SAPD en die howe. Minder verwysings is gedurende die Covid-19-inperkingstydperk ontvang.
		<b>4.2.1.4</b> Getal kinders in botsing met die gereg wat na afleidingsprogramme verwys is.	2 217	1 772	2 230	767	-1 463	Minder verwysings is gedurende die tydperk van howe ontvang. Die hof het ander opsies gebruik soos weerspieël in artikel 53 van die Wet op Kindergeregtigheid.

<sup>19</sup> Die afname in teikens vir die aanwysers wat tot hierdie uitset bydra, hou verband met 'n bestendige afname in die getal kinders wat deur SAPD gearresteer en vir misdade aangekla word, sedert die implementering van die Wet in April 2010 op nasionale vlak. (Volgens die 2018/19 Interdepartementele Jaarverslag oor die Implementering van die Wet op Kindergeregtigheid, 75/2008.)

Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde werklke prestasie 2018/19	Geouditeerde werklke prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Kinders en jeugdiges in gevaar word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag bekamp.	Kinders in botsing met die gereg word deur die howe verwys en neem aan geakkrediteerde afleidingsprogramme deel. <sup>20</sup>	<b>4.2.1.5</b> Getal kinders in botsing met die gereg wat afleidingsprogramme voltooi het.	1 576	1 220	1 492	387	-1 105	Min verwysings is gedurende die tydperk ontvang. Verder is afleidingsprogramme op kleiner skaal geïmplementeer om aan Covid-19-inperkingsregulasies te voldoen.
	Geregistreerde residensiële fasiliteite wat aan die Wet op Kindergeregtigheid voldoen, is beskikbaar vir verhoorafwagtende en gevonnise kinders.	<b>4.2.1.6</b> Getal kinders wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid gevonniss is tot veilige sorg KJSS'e.	148	162	160	130	-30	Afhanklik van hofverwysings.
	Geregistreerde residensiële fasiliteite wat aan die Wet op Kindergeregtigheid voldoen, is beskikbaar vir verhoorafwagtende en gevonnise kinders.	<b>4.2.1.7</b> Getal kinders in botsing met die gereg wat verhoorafwagtend is in veilige sorg KJSS'e ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid.	1 167	1 201	1 300	836	-464	Die plasing van verhoorafwagtende kinders is van die hof afhanklik.

